

Wes-Kaap Onderwysdepartement  
Western Cape Education Department  
ISebe leMfundo leNtshona Koloni

# Jaarverslag Annual Report INgxelo yoNyaka

## 2006/07

©2007 Western Cape Education Department



PR Number: PR90/2007  
ISBN Number: 978-0-621-37206-9

*To obtain additional copies of this document please contact:*  
Head Education, Private Bag X9114, Cape Town, 8000.  
Tel: 021 467 2531  
Fax: 021 461 3694  
E-mail: [media1@pgwc.gov.za](mailto:media1@pgwc.gov.za)

*Om verdere afskrifte van hierdie dokument te bekom, tree asseblief in verbinding met:*  
Hoof:Onderwys , Privaalsak X9114, Kaapstad, 8000.  
Tel: 021 467 2531  
Faks: 021 461 3694  
E-pos: [media1@pgwc.gov.za](mailto:media1@pgwc.gov.za)

*Ukuba ufuna iikopi ezongezelweyo zolu xwebhu, nceda uqhagamshelane kunye:*  
NeNtloko: kwezeMfundo, Private Bag X9114, Cape Town, 8000  
Umnxeba: 021 467 2531  
Ifekisi: 021 461 3694  
I-E-Mail: [media1@pgwc.gov.za](mailto:media1@pgwc.gov.za)

# Wes-Kaap Onderwysdepartement

## Jaarverslag: 2006/2007

Inhoudsopgawe	Bladsye	
Algemene Inligting	1-8	(Deel 1)
Programprestasie	1-83	(Deel 2)
Verslag van die Ouditkomitee	1-3	(Deel 3)
Jaarlikse Finansiële State	1-62	(Deel 4)
Menslikehulpbronontwikkeling	1-27	(Deel 5)

## VOORWOORD DEUR DIE LUR VIR ONDERWYS, CAMERON DUGMORE



Hierdie jaar staan in die teken van 'n nuwe hoofstuk vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), aangesien ons so pas die eerste fase van die Herontwerp-projek afgesluit het met die vul van die **Senior Bestuursdiensposte**.

Ons is tans besig met die tweede fase, die vulling van middelbestuursposte. Die feit dat meer as 70% van die begroting aan die verbetering van kapasiteit op distriks- en kringvlak bestee sal word, beteken dat ons skole meer doeltreffend ondersteun sal word.

Die WKOD het ook die totale aantal onderwysposte met 747 verhoog, van 30,872 in 2007 tot 31,619 in 2008. Daar is ook 'n toename in die aantal Grondslagfase-onderwysers, wat gelei het tot 'n verlaging van klasgroottes in graad 1 tot 3 – van 'n leerder:onderwyser-verhouding van 39:1 tot 37,5:1.

Ek glo dat die WKOD se organisatoriese en tegniese vermoëns om sy Menslikekapitaalontwikkelingsprogramme te implementeer uitgebou sal word en dat dit 'n belangrike rolspeler in die volhoubare ekonomiese ontwikkeling van die provinsie sal wees.

Die herontwerpprojek was 'n sistemiese intervensie afgestem op die uitbouing van die departement se kapasiteit om sodoende die transformasieprogram te versnel en gehalteonderwys vir veral histories gemarginaliseerde gemeenskappe te verseker.

Die ontwikkelingsbehoefte van ons land vra vir die behoud van die strategiese inisiatief in die implementering van vaardigheidsontwikkeling. Ons is bewus van die geweldige uitdagings wat ons in die gesig staar, waarvan die kritiekste, na my mening, Geletterdheid en Gesyferdheid, Veiligheid, Infrastruktuurvoorsiening en die suksesvolle implementering van VOO in skole en kolleges is.

My visie vir hierdie departement is 'n kurrikulum en 'n onderwysstelsel wat tot toenemende maatskaplike gelykheid en ekonomiese groei sal lei, in 'n kragtige ontwikkelingsiklus waarin nasionale welvaart deur intellektuele innovering en uitmuntende tegnologie verseker word.

Ten einde die bovermelde te bereik, benodig ons ook meer effektiewe mobilisering van nie-regeringsorganisasies en die privaat sektor om ons doelwitte vir vaardigheidsontwikkeling te ondersteun.

Ek sien uit na 'n jaar waarin ons nie slegs sal vorder met strategieë vir gelykheid en regstelling nie, maar ook een waarin elke leerorganisasie duidelike teikens sal stel en vir die bereiking daarvan aanspreeklik gehou sal word.

## DEEL 1 – ALGEMENE INLIGTING

### Inleiding deur die Hoof van die instelling

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het gedurende die 2006/07-finansiële jaar betekenisvolle vordering gemaak met die bereiking van nasionale en provinsiale doelwitte.

Sleutelprojekte het ingesluit 'n sentrale program om die WKOD te **herontwerp**, ten einde te verseker dat die departement oor die kapasiteit beskik om die Wes-Kaap se Menslikekapitaalontwikkelingstrategie (MKOS) te implementeer. Die strategie is 'n hoeksteen van iKapa Elihlumayo, die provinsie se groei- en ontwikkelingstrategie.

Ander hoogtepunte het ingesluit die loodsing van die WKOD se Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie, wat ontwerp is om leerderprestasie in geletterdheid en gesyferdheid te verbeter, veral in die Grondslagfase.

Die WKOD het, saam met die ander provinsies, 'n belangrike mylpaal behaal toe ons begin het met die implementering van die nasionale kurrikulum vir graad 10 tot 12, beginnende met graad 10 in 2006. Die proses betreffende die invoer van 'n enkele, nasionale kurrikulum nader nou voltooiing. Dit is 'n belangrike oomblik in die geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika.

LUR Cameron Dugmore het vyf prioriteite vir 2006/07 uitgestippel as deel van die WKOD se strewe om die doelwitte van die (MKOS) te bereik. Hierdie prioriteite was:

- Geletterdheid en gesyferdheid
- Invoer van die nuwe nasionale kurrikulum vir graad 10 – 12
- Herkapitalisering van VOO-kolleges
- Skoolveiligheid
- Die WKOD se Herontwerp-projek

### Geletterdheid en gesyferdheid

Die WKOD het sedert 2002 graad 3- en 6- leerders se prestasie in geletterdheid en gesyferdheid bestudeer ten einde strategieë te ontwikkel om onderwysgehalte en die deurvoersyfer in Wes-Kaapse skole te verbeter.

Die WKOD het geletterdheid- en gesyferdheidstrategieë ingevoer om die uitdagings wat deur hierdie studies geïdentifiseer is, die hoof te bied. Die resultate het egter telkens getoon dat die departement goed geïntegreerde intervensies moet aanwend wat alle aspekte van onderwys in ons skole, gesinne en gemeenskappe takel.

Die WKOD het dus in Julie 2006 'n geletterdheid- en gesyferdheidstrategie bekendgestel wat ten doel het om bestaande strategieë effektiewer te versterk en koördineer, en om nuwe benaderings bekend te stel.

Nuwe benaderings in 2006 het ingesluit die aanstelling van 510 onderwysassistente in 163 primêre skole om onderwysers in graad 1 – 3 in arm gebiede te ondersteun. Ons het in 2007 voortgegaan met hierdie loodsprojek. Alle aanduidings is dat hulle teenwoordigheid 'n verskil maak.

Die WKOD het 'n span van 'n 100 spesialiste aangestel wat intensief werk met skole om die strategie regoor die Wes-Kaap te implementeer. Hul kernfokus is om onderwysers in die klaskamer te help met die versterking van onderrig- en leerpraktyke.

Sleutelemente van die geletterdheid- en gesyferdheidstrategie sluit in onderwyserondersteuning en –ontwikkeling, veranderinge in klaskamerpraktyk; 'n hernieude fokus op vroeëkindertontwikkeling; gesins- en gemeenskapsgeletterdheid en –gesyferdheid; navorsing; monitering en ondersteuning, koördinerings; volhoubaarheid; en leer- en onderrigondersteuningsmateriaal.

Die WKOD het in Oktober en November 2006 'n opname gemaak van die prestasie van 82 879 graad 3-leerders by 1 086 skole. Die resultate het getoon dat graad 3-leerders se slaagsyfer in geletterdheid verbeter het van 39.5% in 2004 tot 47.7% in 2006, 'n toename van 8.2%. Dit is 'n verbetering van 12.2% sedert 2002. Ons is minder gelukkig met die resultate van die gesyferdheidsstudie, wat 'n **afname** van 6.5% toon, vanaf 37.3% tot 31%.

Hoewel die algehele prestasie nog nie bevredigend is nie, is die verbetering 'n aanmoediging, en toon dit dat spesiale intervensies om resultate te verbeter, kan werk. Die slaagsyfers is egter steeds te laag, en ons sal voortgaan om ons geletterdheid- en gesyferdheidsstrategie te implementeer om voortgesette verbetering te verseker.

### **VOO in skole**

Die WKOD het nader beweeg aan die voltooiing van die proses om die nuwe nasionale kurrikulum te implementeer toe dit in Januarie 2006 die nuwe kurrikulum vir VOO in skole in graad 10 ingevoer het.

Onderwysdepartemente voer die VOO-kurrikulum vir skole in fases in, beginnende met graad 10 in 2006, gevolg deur graad 11 in 2007 en graad 12 in 2008. Suid-Afrika sal sy eerste skoleindsertifikate gebaseer op die nuwe kurrikulum in 2008 toeken.

Die WKOD het die vier jaar voor 2006 benut vir voorbereiding vir die implementering van die VOO-kurrikulum van graad 10 tot 12. Die departement het gedurende die Junie/Julie-skoolvakansie in 2006 werksessies vir 8 372 onderwysers by 136 lokale aangebied ter voorbereiding vir die implementering van die kurrikulum in graad 11 in 2007. Nagenoeg 1 500 onderwysers het gedurende die September-skoolvakansie verdere sessies bygewoon.

Intussen het die WKOD gedurende die Julie 2006-skoolvakansie werksessies vir meer as 5 700 onderwysers by 93 lokale aangebied ter voorbereiding vir die invoer van die hersiene nasionale kurrikulum in graad 8 en 9 in 2007. Dit beteken dat die WKOD gedurende die jaar vir meer as 14 000 onderwysers werksessies oor die nasionale kurrikulum vir beide algemene en verdere onderwys en opleiding aangebied het.

### **VOO-kolleges**

2006/07 was die eerste jaar van die drie jaar lange nasionale program om VOO-kolleges teen 'n koste van R1.9 biljoen te herkapitaliseer. Die WKOD het R70 miljoen vir hierdie program vir 2006/07 ontvang, en het die totale bedrag teen die einde van die finansiële jaar geïnvesteer.

Herkapitaliseringsprojekte gedurende die jaar het ingesluit die opleiding van 496 personele in die nuwe Nasionale Kurrikulum (Beroeps-) en die ontwikkeling van administratiewe stelsels, wat bate-, finansiële en gehaltebestuur insluit.

Die WKOD het die fondse gebruik om 32 werkwinkels op te knap en drie rekenaarlaboratoriums en 12 studentehulpbronsentrums op te gradeer. Die departement het 16 nuwe klaskamers geskep en 40 bestaande klaskamers opgeknop, terwyl 32 kampuspersele opgegradeer is. Die befondsing het toerusting en leer- en onderrigondersteuningsmateriaal vir 11 nuwe Vlak 2-programme gebaseer op die Nasionale Kurrikulum (Beroeps-) op 31 kampusse gefinansier.

Die WKOD het in 2007 11 nuwe Beroepsertifikaatprogramme by VOO-kolleges ingevoer. Die driejarige programme lei tot kwalifikasies op Vlak 2, 3 en 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, met formele voltooiingsgeleenthede na elke jaar. Areas wat gedek is, sluit in Administrasie, Finansies, Inligtingstechnologie, Bemaking, Bestuur, Bou- en Siviele Konstruksie, Ingenieurswese en verwante ontwerp, Elektriese Infrastruktuurkonstruksie, Primêre Landbou, Gasvryheid en Toerisme.

Die provinsiale regering het in 2006/07, as deel van die iKapa Elihlumayo-strategie, R25-miljoen aan studenteleninge beskikbaar gestel om toegang tot VOO-kolleges vir leerders uit benadeelde agtergongde te verbeter. Meer as 8 000 studente het gedurende die jaar die voordeel van rentevrye lenings benut.

## Skoolveiligheid

Die Veilige Skole-afdeling het sedert die loodsing van hierdie program deur die WKOD in 1999 betekenisvol tot veilige skoolomgewings bygedra. Die afdeling het in die afgelope jare toenemend met vennote saamgewerk om die eise van armoede, misdaad, geweld, bendebedrywighede en middelmisbruik op skole die hoof te bied.

Hoogtepunte van 2006/07 het ingesluit 'n spesiale fokus op 109 hoërisikoskole. Dit het ingesluit die verbetering van veiligheidsinfrastruktuur, soos afstandbeheerde hekke met geslotekringteleviseiekameras en interkomstelsels, veiligheidshekke, diefwering en verbeterde omheining, sowel as veiligheidsprosedures in die Veilige Skole-veiligheidshandleiding. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid het Bambanani-vrywilligers ontplooi om die 109 skole te bewaak en leerders en onderwysers te beskerm.

Veilige Skole streef daarna om die sosiale en fisiese omgewing van ons skole te beïnvloed. Spesiale programme sluit in seminare vir leerders, programme oor positiewe dissipline, opleiding in konflikbeslegting en bemiddeling, en die opleiding van portuurbemiddelaars. Die WKOD het Leerderondersteuningskantore ontplooi om te help met die vermindering van stokkiesdraai en om positiewe houdings jeens onderrig en leer te bevorder.

Uiteindelik maak ons staat op families en gemeenskappe om ons te help bou aan 'n samelewing gegrondves op die waardes van respek en verdraagsaamheid en ons sal voortgaan om met alle rolspelers saam te werk om veilige, geborge omgewings te skep wat nodig is vir effektiewe onderrig en leer.

## WKOD-Herontwerp

Die WKOD-Herontwerpprojek verteenwoordig die eerste fase van die implementering van die Menslikekapitaalontwikkelingstrategie (MKOS) vir die Wes-Kaap. Die departement het kort na die loodsing van die MKOS in Maart 2006 met die projek begin.

Die WKOD het bestuurskonsultante, ODA, gebruik om hom te help om die proses te dryf. Die Herontwerpspan het die makrostruktuur in Desember 2005 na afloop van uitgebreide konsultasie voltooi. Die Kabinet het die makrostruktuur in Februarie 2007 goedgekeur.

Die belangrikste vertrekpunte vir die makro-ontwerp is om kringe as die hooffokus van dienslewering aan skole te posisioneer, om distrikte as die hooffokus vir onderwysbestuur te posisioneer, en om die hoofkantoor as die hooffokus vir beleidsontwikkeling, koördinerende, monitering en evaluering te posisioneer.

Gedurende 2007 sal die herontwerpspan op die makro-ontwerp fokus deur te let op die fyner detail wat nodig is om die sukses van die hersiene struktuur van die WKOD te verseker. Die departement sal die hersiene ontwerp oor drie jaar infaseer.

## Ander hoogtepunte

### *Senior Sertifikaat-uitslae*

Die Wes-Kaap het in 2006 'n Senior Sertifikaat-slaagsyfer van 83.7% behaal, die hoogste in die land. Altesaam 33 316 kandidate het geslaag, en dit verteenwoordig 'n toename van 743 vergeleke met 2005.

Die slaaggehalte het ook 'n geleidelike verbetering getoon. Die aantal kandidate wat met vrystelling geslaag het (10 589), het met 195 verbeter vergeleke met 2005, terwyl die aantal kandidate wat met 'n onderskeiding geslaag het ook toegeneem het en 2 280 (5.73%) bereik het, die beste uitslae in hierdie kategorie vir die vyfjaarperiode, 2002 tot 2006.

Die slaagsyfer in voormalige Departement Onderwys- en Opleiding (DOO)-skole het met 3.68% toegeneem. Die vrystellingsyfer in voormalige DOO-skole het oor die afgelope vyf jaar geleidelik toegeneem, en in 2006 was daar 'n geringe toename in die merieteslaagsyfer. Die vrystellingsyfer in voormalige Huis van Verteenwoordigers- en DOO-skole was egter steeds laer as 14%, vergeleke met 52% in voormalige Kaapse Onderwysdepartement-skole. Dit toon dat daar nog geweldige uitdagings wag in ons strewe om groter toegang tot gehalteonderwys vir almal te verseker.

### *Teikenstelling*

In Maart 2007 het skoolprinsipale, skoolbeheerliggame en leerdervteenwoordigende rade ondernemings geteken om teikens te stel vir die verbetering van slaagsyfers en die slaaggehalte by hul skole. Die oefening het deel gevorm van 'n wyer poging om die uitsaksyfer in hoërskole die stryd aan te sê en om die aantal kandidate wat die Senior Sertifikaat met vrystelling, meriete en onderskeiding slaag, te verhoog.

Hierdie aksie benut noukeurige ontleding en raadpleging. Die WKOD het template voorberei om dit vir elke skool makliker te maak om hierdie teikens te stel. Die teikens sal aanvanklik graad 10 tot 12 dek. Die departement sal skole versoek om gedurende 2007 teikens te stel vir die verlaging van die uitsaksyfers in graad 9 tot 12. Die teikens moet vergesel gaan van aksieplanne en moet alle rolspelers betrek, insluitend leerders, ouers en onderwysers.

### *Vroeëkindertwikkeling (VKO)*

Die WKOD en vennote in die provinsiale regering het op 11 Augustus 2006 'n leerlingskapprogram vir 900 voorskoolse onderwysers, wat op die verbreding van toegang tot gehalte-VKO afgestem is, geloods. Die projek het deel gevorm van die Siyabulela-veldtog wat deur die Premier geïnisieer is en was 'n bydrae tot die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP).

Die opleidingsprogram vorm deel van 'n geïntegreerde strategie om VKO te ondersteun en betrek die provinsiale departemente van Onderwys, Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Veiligheid en Sekuriteit. Kandidate het in September 2006 met hul 18 maande lange indiensopleidingsprogram begin. Diensverskaffers het die opleiding verskaf wat deur die WKOD befonds is.

Die opleidingsprogram sluit in teoretiese en ervaringskomponente en bied kwalifikasies aan op vlakke soos bepaal deur die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR). Die program lei 200 persone op Vlak 1 op, 500 persone op Vlak 4 en 200 persone op Vlak 5.

Die WKOD het intussen voortgegaan om toegang tot VKO te verbreed ten einde teikens te behaal wat deur die MKOS gestel is. Die departement het gedurende die jaar 'n bykomende 6 000 leerders in graad R-klasse gesubsidieer.

### *Taaltransformasieplan*

Die WKOD het sy Taaltransformasieplan op 28 Februarie 2007 geloods, na 18 maande van raadpleging en beplanning met taalspesialiste en taalbeplanners. Sleutelemente van die plan sluit in die bevordering van moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys vir minstens ses jaar, waar prakties haalbaar, en die bevordering van 'n plan om vir minstens drie jaar onderrig in al drie die amptelike tale van die provinsie aan te bied.

Navorsing het bewys dat leerders wat vroeë geletterdheid- en gesyferdheidsvaardighede in hul moedertaal verwerf, geneig is om beter te vaar as leerders wat in 'n tweede of derde taal leer. Die WKOD toets tans die plan by 16 skole. Die WKOD nooi skole uit om deel te naam aan die projek. Die plan vorm deel van die WKOD se Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie.

### *Geen-skoolgeld-skole*

Die Wysingswet op Onderwyswetgewing (Wet Nr. 24 van 2005) magtig die nasionale Minister van Onderwys om kategorieë skole te identifiseer wat nie skoolgeld mag hef nie.

Die nasionale Minister het besluit dat alle skole in nasionale kwintiele een en twee vanaf 1 Januarie 2007 "geen-skoolgeld-skole" moet wees. Provinsies kon egter skole nooi om in 2006 vrywillig aansoek te doen om geen-skoolgeld-status.



Die WKOD het skole met sekere armoedeklassifikasies genooi om vroeg in 2006 vrywillig aansoek te doen om geen-skoolgeld-status. Altesaam 419 skole het die uitnodiging aanvaar. Die status het op 1 Mei 2006 in werking getree. Met die goedkeuring van die Minister, het die WKOD ook skole in nasionale kwintiel drie genooi om aansoek te doen om geen-skoolgeld-status. 245 kwintiel 3-skole het hierdie status gekies.

In 2007 het geen-skoolgeld-status by 407 skole in nasionale kwintiele een en twee verpligtend geword. Die 245 kwintiel 3-skole het voortgegaan om die geen-skoolgeld-status te kies, wat die totale aantal geen-skoolgeld-skole in die provinsie op 652 te staan gebring het. Hierdie skole verteenwoordig 45% van die 1 452 skole in die Wes-Kaap. Ongeveer 345 000 leerders, wat 38% van die leerders in die provinsie verteenwoordig, woon hierdie skole by.

### *Gemeenskapskole-inisiatief*

Meer as 200 000 leerders en 500 000 gemeenskapslede het vanaf 14 tot 18 Augustus 2006 deelgeneem aan die inwydingsweek van die WKOD se Gemeenskapskole-inisiatief. Die inisiatief is die breinkind van LUR Dugmore om sosiale kapitaal te bou, en het deel gevorm van die *Learning Cape*-Fees.

Die WKOD het R1 000 aan elke deelnemende skool gegee as 'n aanvangsfonds om programme te ondersteun wat daarop gemik is om plaaslike gemeenskappe te betrek. Voorbeelde van projekte wat deur skole georganiseer is het gewissel van, onder andere, die "aanneem" van 'n informele nedersetting om die omliggende buurte skoon te maak, die herstel van skoolgeboue wat onder vandalisme deurgeloopt het, bejaardesorg, die pamperslang van verpleegsters, leesaktiwiteite en 'n Idolskompetisie vir die gemeenskap..

### *Sakebestuur vir skole*

Die WKOD het in April 2007 'n nuwe opleidingsprogram in Sakebestuur vir skole aangebied in samehang met vennote in die Verenigde Koninkryke en Suid-Afrika. Die doel van die program is om die bestuurs- en administratiewe kapasiteit van skole te verbeter.

Die WKOD en internasionale vennote het die program gedurende 2006 ontwikkel na afloop van 'n besoek aan die VK in 2005 deur LUR Dugmore om meer uit te vind oor wat in daardie land gedoen word om skool-sakebestuursvaardighede te ontwikkel.

Die vennote het ingesluit die Manchester Metropolitaanse Universiteit (*Manchester Metropolitan University*) (VK); die Nasionale Kollege van Skoolleierskap (*National College of School Leadership*) (NSCL) (UK); die Instituut van Administratiewe Bestuur (*Institute of Administrative Management*) (IAM); die Suid-Afrikaanse Tesouriersinstituut van Suid-Afrika (*South African Bursars Institute of South Africa*) (SABISA); en die Onafhanklikeskolevereniging van Suid-Afrika (*Independent Schools Association of South Africa*) (ISASA).

Die programme sal strek van sertifikaatvlak-kursusse in Sakebestuur vir Skole tot Meestersgrade. Die WKOD werk in vennootskap met die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en die provinsie se ses Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges om die graad- en sertifikaatprogramme respektiewelik aan te bied.

### *Shandong-onderwysooreenkoms*

Die WKOD en die Shandong Provinsiale Onderwysdepartement in China het in Januarie 2007 'n ooreenkoms onderteken om aan 'n reeks onderwysprojekte saam te werk. Die ooreenkoms vorm deel van 'n breër ooreenkoms wat in Julie 2006 deur Premier Ebrahim Rasool namens die Wes-Kaap en mnr. Han Yunqun, Goewerneur van Shandong Provinsie, onderteken is. Die ooreenkoms dek ekonomiese samewerking, handel, beleggings, landbou, vissery, toerisme, onderwys, energie en mediese sorg.

Sleutelkenmerke van die ooreenkoms oor onderwys sluit in die uitwisseling van interns, ondersteuning vir die Chinese Taal- en Kultuursentrum aan die Universiteit van Stellenbosch, aanmoediging van kontak tussen die jeug van die twee provinsies, fasilitering van die uitruil van handboeke, uitstallings, en samewerking op alle vlakke van onderwys in beide provinsies.

## Premierstoekennings vir Uitmennende Diens

Die WKOD het in 2006 ses van die agt Premierstoekennings vir Uitmennende Diens ingepalm, insluitend die top-Goue Toekenning vir 'n projek getiteld "160 Dae van Intervensie vir BVOO-Sentrums", gebaseer by die Breede Rivier/Overberg OBOS .

Die WKOD het die Goue Toekenning gewen, twee van die drie Silwertoekennings, en drie van die vier Bronstoekennings. Nege van die projekte wat deur die WKOD ingeskryf is, was onder die 13 finaliste. Provinsiale regeringsdepartemente het 55 inskrywings vir die 2006-toekennings ingedien.

Die WKOD se Khanya-projek en die WKOD-Kliëntediens het Silwertoekennings ontvang. Die WKOD se SA Skolekoor-Eisteddfod (SASKE)-projek, die Kaapse Onderwysinstituut en 'n OLSO-adviseursprojek het twee Bronstoekennings gewen. Die Khanya-projek het gedurende die finansiële jaar nog twee ander prestige-toekennings ingepalm. Die projek is 'n WKOD-inisiatief wat onderrig en leer verbeter met behulp van inligtings- en kommunikasietegnologieë (IKT).

In November 2006 het Khanya die prestige-toekenning, Tegnologie Top 100 (TT100) Leier in Bemagtiging vir 2006 ontvang. Die toekenning vereer die onderneming "wat sy verbintenis tot die inkorporering van alle Suid-Afrikaners in Wetenskap en Tegnologie" die beste vervul het.

Khanya het in Februarie 2007 'n Goue Toekenning van die *Impumelelo Innovations Award Trust* ontvang. Die Impumelelo-toekennings gee erkenning aan buitengewone projekte wat in vennootskap met die privaatsektor aangepak word en die lewensgehalte van arm gemeenskappe innoverend verbeter.

## Missiestelling

Die missie van die WKOD is om te verseker dat leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle nodig het om vervullende lewens te lei en om by te dra tot die ontwikkeling van die provinsie en die land.

## Wetlike Mandaat

Die strategiese doelwitte is op die volgende grondwetlike en ander wetlike mandate gebaseer:

Mandate	Beknopte beskrywing
Die Grondwet van Suid-Afrika, 1996 (Wet Nr 108 van 1996)	Vereis dat onderwys hervorm en gedemokratiseer word ooreenkomstig die waardes van menswaardigheid, gelykheid, menseregte en vryheid, nie-rassisme en nie-seksisme. Dit waarborg toegang tot basiese onderwys vir almal met die bepaling dat elkeen 'n reg het op basiese onderwys, insluitend basiese volwassene-onderwys en -opleiding. Die fundamentele beleidsraamwerk van die Ministerie van Onderwys word uitgestippel in die Ministerie se eerste Witskrif: Onderwys en Opleiding in 'n Demokratiese Suid-Afrika: Eerste Treë in die Ontwikkeling van 'n Nuwe Stelsel (Februarie 1995). Na uitgebreide raadpleging, onderhandeling en hersiening, is dit deur die Kabinet goedgekeur en dien dit as fundamentele verwysing vir daaropvolgende beleids- en wetgewende ontwikkeling.
Die Grondwet van die Wes-Kaap Provinsie, 1997	Onderworpe aan die nasionale Grondwet, is dit die hoogste wet in die Wes-Kaap.
Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet Nr. 84 van 1996) soos gewysig.	Om 'n eenvormige stelsel vir die organisering, beheer en befondsing van skole daar te stel. Dit bevorder toegang, gehalte en demokratiese beheer in die skoolstelsel. Dit verseker dat alle leerders die reg van toegang tot gehalte-onderwys het sonder enige diskriminasie, en maak skoolopvoeding vir kinders tussen 7 en 14 jaar verpligtend. Dit maak voorsiening vir twee tipes skole — onafhanklike skole en openbare skole. Die voorsiening in die Wet vir demokratiese skoolbeheer deur skoolbeheerliggame is nou in plek in openbare skole landwyd. Die skoolbefondsingsnorme, wat in die SASW uiteengesit is, het regstelling as prioriteit en teiken armoede in die toekenning van fondse vir die openbare skoolstelsel.

Mandate	Beknopte beskrywing
Die Wet op Nasionale Onderwys-beleid, 1996 (Wet Nr. 27 van 1996)	Om voorsiening te maak vir die bepaling van nasionale beleid vir onderwys, insluitend die bepaling van beleid op salarisse en diensvoorwaardes van opvoeders. Dit is ontwerp om beleide, sowel as wetgewende en moniterende verantwoordelikhede van die Minister van Onderwys in die wet in te skryf, en om verhoudings tussen nasionale en provinsiale owerhede te formaliseer. Dit het die grondslag gelê vir die stigting van die Raad van Onderwysministers (ROM), sowel as die Hoofde van Onderwysdepartemente (HOD), om as interregeringsforums saam te werk aan die ontwikkeling van 'n nuwe onderwysstelsel. As sodanig, maak dit voorsiening vir die formulering van nasionale beleide in algemene en verdere onderwys en opleiding vir, onder andere, kurrikulum, assessering, taalbeleid, sowel as gehaltebeheer. Die WNO beliggaam die beginsel van koöperatiewe beheer, wat in Skedule Drie van die Grondwet uitgespel word.
Die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998 (Wet Nr. 98 van 1998)	Om verdere onderwys en opleiding te reguleer; om voorsiening te maak vir die daarstelling, beheer en befondsing van openbare verdere onderwys- en opleidingsinrigtings; om voorsiening te maak vir die registrasie van private verdere onderwys- en opleidingsinrigtings; om voorsiening te maak vir gehaltebeheer en gehaltebevordering in verdere onderwys en opleiding. Tesame met Onderwys-witskrif 4 oor Verdere Onderwys en Opleiding (1998), en die Nasionale Strategie vir Verdere Onderwys en Opleiding (1999-2001), maak dit voorsiening vir die basis vir die ontwikkeling van 'n nasionaal gekoördineerde verdere onderwys- en opleidingstelsel, bestaande uit die senior sekondêre komponent van skole en tegniese kolleges. Dit vereis van verdere onderwys- en opleidingsinrigtings, gestig ingevolge die nuwe wetgewing, om institusionele planne te ontwikkel, terwyl dit voorsiening maak vir programgebaseerde befondsing en 'n nasionale kurrikulum vir leer en onderrig.
Die Wet op Gehaltebeheer in Algemene en Verdere Onderwys, 2001 (Wet Nr. 58 van 2001)	Om voorsiening te maak vir die daarstelling, samestelling en funksionering van die Gehaltebeerraad vir Verdere Onderwys en Opleiding; om voorsiening te maak vir gehaltebeheer in algemene en verdere onderwys en opleiding; om voorsiening te maak vir beheer oor norme en standaarde van kurrikulum en assessering; om voorsiening te maak vir die uitreiking van sertifikate by die voltooiingspunte; om voorsiening te maak vir die uitvoer van assessering; en om die Wet op die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad, 1986 te herroep.
Die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet Nr. 76 van 1998)	Om voorsiening te maak vir die indiensneming van opvoeders deur die Staat en vir die regulering van die voowaardes vir diens, dissipline, aftrede en ontslag van opvoeders. Dit reguleer die professionele, morele en etiese verantwoordelikhede van opvoeders, sowel as bevoegdheidsvereistes vir onderwysers. Een Wet van die Parlement en een professionele raad, die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) beheer nou die histories verdeelde onderwyskorps.
Die Wes-Kaap Provinsiale Skool-onderwyswet, 1997 (Wet Nr 12 van 1997)	Om voorsiening te maak vir 'n eenvormige onderwysstelsel vir die organisasie, beheer en befondsing van alle skole en om voorsiening te maak vir die spesifieke onderwysbehoefes van die provinsie.
Die Wet op die Bestuur van Openbare Fondse/ Finansies, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999) soos gewysig.	Om finansiële bestuur in die nasionale regering en provinsiale regerings te reguleer; om te verseker dat alle inkomste, besteding, bates en laste van daardie regerings effektief en doeltreffend bestuur word; en om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur in daardie regerings toevertrou word.
Die Wette op die jaarlikse Verdeling van Inkomste	Om voorsiening te maak vir die billike verdeling van inkomste wat nasionaal van die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere vir die onderskeie finansiële jare ingevorder word; om voorsiening te maak vir die vereistes vir verslagdoening oor toekennings ingevolge sodanige verdeling; om voorsiening te maak vir die weerhouding en vertraging van uitbetalings; en om voorsiening te maak vir aanspreeklikheid vir koste aangegaan vir 'n regsgeding by verbreking van die beginsels van koöperatiewe beheer en interregeringsverhoudinge.

Mandate	Beknopte beskrywing
Die Staatsdienswet, 1994 soos gewysig. [Proklamasie Nr. 103 van 1994]	Om voorsiening te maak vir die organisasie en administrasie van die openbare diens van die Republiek sowel as die regulering van die diensvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die openbare diens.
Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiesesag, 1995 (Wet Nr. 58 van 1995)	Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling en implementering van 'n Nasionale Kwalifikasieraamwerk, en om vir hierdie doel die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiesesag te vestig. Die NKR is 'n essensiële uitdrukking, sowel as waarborggewer van 'n nasionale leerstelsel waar onderwys en opleiding van gelyke belang is as komplementerende fasette van menslike bevoegdheid. Die gesamentlike loodsing van die Menslikehulpbron-ontwikkelingstrategie deur die Minister van Arbeid en die Minister van Onderwys op 23 April 2001 versterk die besluit om 'n geïntegreerde onderwys-opleiding-en-ontwikkelingstrategie daar te stel wat die potensiaal van ons jong en volwasse leerders sal ontgin.
Die Wet op Basiese Volwassene-onderwys en -opleiding, 2000 (Wet Nr. 52 van 2000)	Om basiese volwassene-onderwys en -opleiding te reguleer; om voorsiening te maak vir die vestiging, beheer en befondsing van openbare volwassene-leersentra; om voorsiening te maak vir die registrasie van privaat en openbare volwassene-leersentra; en om voorsiening te maak vir gehaltebeheer en gehaltebevordering in basiese volwassene-onderwys en -opleiding.

## DEEL 2: PROGRAMPRESTASIE

### 1. Bewilligde Fondse

Hoofappropriasie	Aangepaste Appropriasie	Werklike Bedrag Bestee	Onderbesteding
R6 988 131 000	R7 115 861 000	R 6 920 362 000	R195 499 000
<b>Verantwoordelike Minister</b>	Provinsiale Minister van Onderwys		
<b>Administratiewe Dept</b>	Departement van Onderwys		
<b>Rekenpligtige Beampte</b>	Hoof van Departement, Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) (Superintendent-Generaal van Onderwys)		

### 2. Doel van die Begrotingspos

Om die intellektuele, fisiese, emosionele en geestespotensiaal van leerders te ontwikkel deur middel van effektiewe, goedbestuurde inrigtings wat as leerorganisasies funksioneer sodat die leerders volwasse en gewaardeerde lede van die samelewing kan word, produktiewe deelnemers aan die globale kennisekonomie en bydraers tot 'n begeerde toekoms vir die land.

### 3. Opsomming van programme

Die Onderwyssektor het 'n eenvormige begroting en programstrukture met die minimum aantal programme aanvaar. Die aktiwiteite van die WKOD is in die volgende agt programme georganiseer.

Program	Subprogram
<b>1. Administrasie</b>	1.1. Kantoor van die LUR 1.2. Korporatiewe dienste 1.3. Onderwysbestuur 1.4. Menslikehulpbronontwikkeling 1.5. Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)
<b>2. Openbare Gewoneskoolonderwys</b>	2.1. Openbare Primêre skole 2.2. Openbare sekondêre skole 2.3. Professionele dienste 2.4. Menslikehulpbronontwikkeling 2.5. Nasionale skoolvoedingsprogram
<b>3. Onafhanklikeskool-subsidies</b>	3.1. Primêre fase 3.2. Sekondêre fase
<b>4. Openbare Spesialeskoolonderwys</b>	4.1. Skole 4.2. Professionele dienste 4.3. Menslikehulpbronontwikkeling
<b>5. Verdere Onderwys en Opleiding</b>	5.1. Openbare inrigtings 5.2. Professionele dienste 5.3. Menslikehulpbronontwikkeling 5.4. Voorwaardelike toekenning
<b>6. Basiese Volwassene-onderwys en -opleiding</b>	6.1. Subsidies aan privaat sentra 6.2. Professionele dienste 6.3. Menslikehulpbronontwikkeling

Program	Subprogram
<b>7. Vroeëkindertontwikkeling</b>	7.1. Graad R in openbare skole 7.2. Graad R in gemeenskapsentrums 7.3. Professionele dienste 7.4. Menslikehulpbronontwikkeling
<b>8. Hulp- en Verwante Dienste</b>	8.1. Betalings aan SETA 8.2. Voorwaardelike toekenning-projekte- MIV/ Vigs 8.3. Eksterne eksamens 8.4. Onderwyseropleiding 8.5. iKapa Elihlumayo

#### 4. Oorsig van die diensleweringomgewing in 2006/07

##### Demografie

Die bevolking van die Wes-Kaap het die afgelope vyf jaar vinnig gegroei en groei steeds. Volgens Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) se 2005-Algemene Huishoudelike Opname is die Wes-Kaap die tuiste van ongeveer 4,7 miljoen mense, wat 10% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die Wes-Kaap se bevolkingsgroei word op 2,1% per jaar geraam.

Die migrasiepatrone toon dat migrasiesyfers aansienlik toegeneem het van 1991 - 1996 tot 1996 - 2001. Die breë migrasiepatroon bly dieselfde: aansienlike netto beweging na Gauteng en die Wes-Kaap en aansienlike netto beweging uit die Oos-Kaap en Limpopo. In-migrasie en uit-migrasie is meer gebalanseerd in die oorblywende vyf provinsies, met KwaZulu-Natal wat die meeste net uit-migrasie toon.

StatsSA se projeksie is dat interprovinsiale migrasies vanaf 2005 - 2015 baie teen dieselfde koers sal plaasvind as tussen 1996 - 2001. Netto vyfjaar-migrasieaannames (positief dui aan netto in-migrasie en negatief dui aan netto uit-migrasie) na provinsies van 2006 - 2011 word hieronder aangedui:

Provinsie	Toename / (afname)
Oos-Kaap	(323 622)
Vrystaat	(58 514)
Gauteng	533 410
KwaZulu-Natal	7 707
Limpopo	(252 928)
Mpumalanga	(42 190)
Noord-Kaap	(28 167)
Noordwes	(64 176)
Wes-Kaap	228 480

Die formele sektor in die provinsie absorbeer 1,3 miljoen en die informele sektor 144 065 (rofweg 9.4%) van die algehele provinsiale ekonomie. Die arbeidsmag van 1,5 miljoen is gekonsentreer in landbou (13%), vervaardiging (19%), groothandel en kleinhandel (17.5%), finansiële dienste (11.9%); en verskaf werk aan 'n totaal van 80% van die arbeidsmag. Van diegene wat werk, oorskry die proporsie van die algehele arbeidsmag wat in besit is van 'n skoolvlak-kwalifikasie diegene wat die een of ander vorm van verdere of hoër onderwys het teen 'n ratio van 77% tot 19%. Die persentasies van diegene met verdere of hoër onderwys is per ras as volg: 7% Afrikane, 11% Bruin, 34% Asiaties en 49% Wit.

Werkloosheidsyfers word ook geweldig beïnvloed deur ras. Terwyl 30 uit elke 100 Afrikane nasionaal werk gekry het tussen 1995 en 2002, het slegs 3 per 100 Afrikane wat in die Wes-Kaap woon in hierdie periode werk gekry (SER, 2003). 80% van die 18,9% van die werklose arbeidsmag in die provinsie is jongmense. In teenstelling met die nasionale neiging, het tersiêre werkloosheid afgeneem terwyl werkloosheid op die laer onderwysvlakke toegeneem het. Die aanvraag is na geskoolde en vaardige individue.

### Uitdagings vir dienslewering

Een gevolg van hierdie bevolkingstoename in die Wes-Kaap is dat elke vorm van onderwys en opleiding in die provinsie in die afgelope vyf jaar groei beleef het: VKO-plekke/sites, skole, VOO-kolleges, volwassenesentrums en leerlingskappe. Die toename in leerdergetalle is egter onvoorspelbaar. Dit veroorsaak dat beplanning van dienslewering, veral wat klaskamers en onderwysers betref, ontsettend kompleks is.

Die data vir die Wes-Kaapse openbare gewoneskoolstelsel van 1995 – 2006 word in **Tabel 1** hieronder verskaf om die groei in leerdergetalle in die provinsie te illustreer en toon die eerste van die WKOD se uitdagings vir dienslewering. Terwyl sommige provinsies 'n afname in inskrywings ervaar het, het die WKOD voortgegaan om groei te ervaar tot 2004. Die abnormale groei vanaf 2003 - 2004 van 23 121 was hoofsaaklik toe te skryf aan die verslapping van die inname/toelatingsbeleid vir graad 1-leerders wat vanaf 2000 toegepas is (en ook die rede vir die afname in leerdergetalle vanaf 1999 tot 2000). Die 2005-Jaarlikse Skole-opname het geen groei aangetoon vanaf 2004 tot 2005 nie, hoofsaaklik as gevolg van die abnormale groei in 2004. Die 2006-getalle, wat van SOBIS (Leerderopsporingstelsel) verkry is, reflekteer 'n aansienlike afname vanaf 2005 tot 2006 (Let wel: dit is die eerste jaar wat SOBIS gebruik is). Normale groei word weer vanaf 2006 tot 2007 verwag.

**Tabel 1: Inskrywing in openbare gewone skole 1995 – 2006**


Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
1995	99,158	84,963	80,921	79,199	76,789	72,293	68,795	67,473	61,079	50,698	41,124	34,659	817,151
1996	99,998	84,845	81,137	79,996	77,673	74,142	69,474	72,116	62,696	54,440	43,574	36,764	836,855
1997	97,854	84,892	80,608	81,191	76,894	74,368	70,967	73,261	64,892	57,070	44,586	38,940	845,523
1998	99,380	90,168	85,625	85,188	80,881	76,716	73,928	76,949	67,644	61,926	46,115	40,980	885,500
1999	87,436	92,925	88,613	88,014	83,074	78,495	74,661	79,043	69,674	63,479	49,247	40,206	894,867
2000	64,844	81,865	92,343	91,949	85,766	80,658	75,813	80,026	70,634	63,840	48,934	40,996	877,668
2001	81,790	62,960	81,832	94,302	89,254	83,305	77,778	82,190	71,966	67,034	50,206	39,910	882,527
2002	86,969	77,026	64,134	83,022	93,188	86,786	80,865	75,601	80,450	69,752	51,618	40,468	889,879
2003	86,916	82,454	75,931	66,033	82,383	92,341	84,514	81,154	73,200	81,739	51,746	39,644	898,055
2004	104,105	82,130	81,489	76,781	66,060	82,574	89,614	85,053	78,964	80,756	54,199	39,451	921,176
2005	93,515	94,231	80,695	80,809	74,984	66,141	81,953	88,778	82,169	81,577	56,657	39,303	920,812
<b>2006</b>	<b>92,707</b>	<b>82,214</b>	<b>83,672</b>	<b>89,595</b>	<b>78,362</b>	<b>77,702</b>	<b>72,462</b>	<b>66,561</b>	<b>80,597</b>	<b>86,374</b>	<b>61,429</b>	<b>42,672</b>	<b>914,347</b>

Bron:

1995 – 2005: Jaarlikse Skoleopname (Openbare Gewone Skole)

2006: SOBIS huidig (31 Maart 2007)

Figuur 1



Bron:  
 1995 – 2005: Jaarlikse Skoleopname (Openbare Gewone Skole)  
 2006: SOBIS Huidig (31 Maart 2007)  
 StatsSA: Bevolking 2006 gebaseer op 2005-Algemene Huishoudelike Opname

Die tweede uitdaging vir die WKOD is om die onderwysvlakke van die burgers van die Wes-Kaap te verbeter. Terwyl daar 'n geringe verbetering was in die vyfjaarperiode 1996 - 2001, het groot getalle mense nie toegang tot onderwys verkry op die vlak vereis vir waardige deelname aan die burgerlike, politieke en ekonomiese lewe van die provinsie vereis nie. **Tabel 2** hieronder toon byvoorbeeld dat minder as 'n kwart van die bevolking in die Wes-Kaap oor 'n Senior Sertifikaat beskik.

**Tabel 2: Persentasie van bevolking op verskillende vlakke van skoling 1996 en 2001**

Vlakke van skoling	1996	2001
Geen skoling	6,3%	5,7%
'n Mate van primêre skoling	15,0%	15,2%
Slegs primêre skoling voltooi	8,4%	7,9%
'n Mate van sekondêre skoling	37,2%	36,5%
Graad 12	18,0%	23,4%
Hoër	10,1%	11,2%

Bron: Statistiek Suid-Afrika Sensus 1996 en 2001

Huidige inskrywingsyfers vir openbare gewone skole suggereer dat die onrusbarende situasie wat hierbo beskryf is, nie in die afsienbare toekoms aansienlik sal verander nie. Die inskrywingsyfers vir die periode 1999 - 2006 toon dat slegs 50% van die leerders wat in graad 1 ingeskryf het graad 12 bereik (Sien Figuur 1 hierbo). Die deurvoersyfer in skole korreleer ook sterk met ras. Terwyl inskrywing in skole tot ouderdom 17 byna 100% is onder Wittes, is inskrywing veel laer onder Afrikane en selfs laer onder bruin adolessente (Seekings, 2003 en WKOD OBIS).



Onlangse studies wat in die Wes-Kaap onderneem is, toon dat die rasgebaseerde deurvoersyfers in die skoolstelsel herlei kan word na die vroeë jare van die skoolstelsel. Die resultate van lees- en wiskundetoetse dui aan dat die oorgrote meerderheid leerders uit laeinkomste-huise op die nasionale kurrikulum twee jaar onder verwagting presteer .

Die MKOS kan nie sy doelwitte maklik bereik in 'n sosiale omgewing wat ondermyn word deur, onder andere, afwesigheid van leerders en onderwysers weens swak gesondheid, middelmisbruik (veral 'tik' in die Wes-Kaap), 'n toenemende voorkoms van geweld in skole, seksuele mishandeling, tienerswangerskap en MIV/Vigs – aangevuur deur armoede en die ongelykhede van die verlede. Ondanks ekonomiese voordele, bly die Wes-Kaap die mees ongelyke en rasgebaseerde van al die provinsies. 'n Onvermoë om hierdie onbillikhede en verbandhoudende kwessies soos MIV/Vigs en skoolveiligheid aan te spreek, sal voortgaan om die bereiking van MKOS-doelwitte te strem en sal 'n grondige impak hê op die vermoë van leerders om hul volle potensiaal te bereik. Terwyl hierdie uitdagings toeneem (en die aantal wees- en kwesbare kinders steeds groei), word die gehalte van onderrig en leer (en die bereiking van die provinsiale groei- en ontwikkelingsdoelwitte van iKapa Elihlumayo, met sy visie van 'n 'tuiste vir almal') toenemend bedreig. Die situasie vereis dat tradisionele onderrigrolle verander, met 'n toenemende vereiste vir opvoeders op as versorgers op te tree, wat emosionele ondersteuning aan leerders gee en hulle vanaf 'n vroeë ouderdom met oorlewingsvaardighede toerus.

## 5. Oorsig van die organisatoriese omgewing in 2006/07

Die WKOD bestaan uit die Provinsiale Ministerie van Onderwys, met aan die hoof 'n Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) en die provinsiale hoofkantoor. Die provinsiale hoofkantoor is onderverdeel in drie takke, naamlik Korporatiewe Dienste, Operasionele Onderwys, en Onderwysbeplanning en Ontwikkeling. In 'n poging om bestuur- en ontwikkelingsondersteuning nader aan skole te bring, is Onderwysbestuurs- en Ontwikkelingsentrums (OBOS'e) in sewe distrikte in die provinsie gevestig waarvan drie in die landelike gebiede. Die organogram van die Departement word gereflekteer in **Skedule 1** en die kaart van die onderwysbestuurs- en ontwikkelingsentrums in **Skedule 2**.

Die onderwysinrigtings bestaan uit openbare gewone skole en spesiale skole, VOO-kolleges, gemeenskapsleersentrums vir volwassenes en plekke waar vroeëkindertwikkeling aangebied word.

### WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

Leerders **	947 815
Openbare gewone skole *	1 452
Skole vir leerders met spesiale behoeftes ***	70
Verdere onderwys- en opleidingsinrigtings (tegniese kolleges)	6 (39 plekke)
Gemeenskapsleersentrums vir volwassenes	112 (301 plekke)
Gesubsidieerde preprimêre skole	446
Distrikskantore (OBOS'e)	7
Opvoeders (Posvoorsieningsmodel)	30 872
Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	8 823

\* Inrigtings huidig (Alle openbare gewone skole, Grade Pre-Gr R tot Post-matriek) – Meesterlys soos op 31 Maart 2007

\*\* 2006: SOBIS Huidig (soos op 31 Maart 2007) – Leerders in alle grade by openbare gewone skole (Pre-Gr. R, Gr. R, Gr. 1-12, LSOB)

\*\*\* 2006-Jaarlikse Skoleopname – Meesterlys soos op 31 Maart 2007

## 5.1 Interne omgewing

### Werkplekvaardigheidsplan (WVP)

Die WKOD is die grootste regeringsdepartement in die provinsie. Die geweldige grootte van die WKOD bied 'n enorme verantwoordelikheid om te verseker dat al sy werknemers deurlopende en lewenslange ontwikkelingsplanne gebied word. Dit is waar vir beide die staatsdienssektor, waar die eise vir effektiewe en doeltreffende dienslewering (Batho Pele) elke jaar toeneem, en vir die opvoedersektor, waar die snelle ontwikkelings in onderwys, kennisbestuur en onderwystegnologie vereis dat opvoeders op hoogte bly van nuwe vorme van kennis en metodologie.

Die verteenwoordigende Departementele Opleidingskomitee (DOK) van die WKOD het gereeld sy ernstige verbintenis bevestig om volhoubare, aanspreeklike, effektiewe en billike vaardigheidsontwikkeling te verseker soos voorsien in die Wet op Vaardigheidsontwikkeling en verbandhoudende wetgewing en beleid. Die WVP vir 2006/07 en die Jaarlikse Opleidingsverslag vir 2005/06 is behoorlik/afgeteken en aan die Onderwysopleiding- en –ontwikkelingspraktyke(ETDP)-SETA, soos voorgeskryf. Die DOK het begin met 'n proses om 'n WVP vir die MTBR-periode te ontwikkel om verbeterde effektiwiteit en volhoubaarheid van vaardigheidsontwikkeling en opleiding oor die medium termyn te verseker.

### Diensbillikheidsplan

Die huidige 5-jaar-diensbillikheidsplan van die WKOD nader tans die einde van sy termyn. Nieteenstaande talle hindernisse, is geleidelike vordering gemaak met die bereiking van die doelwitte van die plan, en die verteenwoordigende Diensbillikheidsform het hul toesighoudende verantwoordelikheid nagekom. Die WKOD het voldoen aan al die bepalings van die Wet op Diensbillikheid en die jaarlikse Diensbillikheidsverslag is aan die Departement van Arbeid voorgelê, soos vereis. Die WKOD het ook 'n beleidsvoorskrif vir Diensbillikheid in onderwysinrigtings daargestel en dit het gelei tot merkwaardige vordering met veral vroulike verteenwoordiging in skoolbestuurspanne.

### Diensleweringverbeteringsplan (DVP)

Die WKOD het sig as 'n leerorganisasie geposisioneer met 'n bemoeienis met uitmuntende dienslewering oor die volgende tien jaar. As 'n leerorganisasie, ondergaan die WKOD 'n konstante proses van selfkritiek en hernuwing deur te fokus op organisatoriese doeltreffendeheid, versterking van en fokus op distrikskapasiteit, versterking van skooeffektiwiteit en die inwerkingstelling van ondersteuningstrategieë om verskillende aspekte van gehalte-onderwys in skole te takel.

Daar is goeie vordering gemaak met die ontwikkeling van 'n omvattende DVP. 'n Diensleweringshandves is ontwikkel en goedgekeur. 'n Implementeringsplan met tydskaal is ontwikkel en dit word voorsien dat die DVP aan die begin van die 2007/08-finansiële jaar geïmplementeer sal word. Diensleweringstandaarde is per direktoraat ontwikkel en 'n intense steunweringsveldtog is geloods om algemene inkoop en bewustheid te verseker. Monitering- en evalueringstelsels word ontwikkel vir implementering, insluitend 'n komplimente- en klagtemeganisme, bestuur deur die Direktoraat: Gehalteversekering. Op hierdie wyse sal die WKOD in staat wees om inligting in te win oor daardie funksies wat nie bevredigende diens lewer nie.

### Menslikehulpbron (MH)-Plan

Althoewel die konsep-MH-Plan vir die WKOD vir lang periode in 'n ontwikkelingstadium was, is verskillende beleide, strategieë en voorskrifte oor kwessies soos Diensbillikheid, werwing, MH-ontwikkeling, prestasiebestuur en –beplanning in plek ten einde effektiewe en volhoubare MH-bestuur te verseker. Die Departement Staatsdiens en Administrasie (DSA) het onlangs 'n raamwerk vir MH-beplanning ontwikkel wat as 'n templaar sal dien vir alle regeringsdepartemente om eenvormigheid in MH-beplanning in die staatsdiens te verseker. Bestaande MH-beplanningsbeleide word tans saamgevoeg en verder ontwikkel tot 'n omvattende MH-plan vir die WKOD, in die nuutontwikkelde formaat.

## **Werknemerwelsynprogram (WWP)**

Die WKOD het op die voorpunt gestaan van die implementering van 'n WWP in 2004. Die WWP het geleidelik ontwikkel en daar was wye steunwerwing daarvoor. Die benuttingsyfer is tans bo die verwagte vlak. Gereelde terugvoeringsvergaderings word met die diensverskaffer gehou en statistiek en neigings is ontleed en vergelyk teen internasionale teikenstandaarde. Goeie vordering is ook gemaak met die omskakeling van die WWP tot 'n meer omvattende Werknemergesondheid en –welsynprogram, in lyn met provinsiale, nasionale en internasionale ontwikkelings, ten einde 'n meer omvattende diens aan sy werknemers te bied. Verskeie suksesvolle Opedae is by die hoofkantoor sowel as by sommige van die OBOS'e gehou.

### **Monitering en evaluering**

Die WKOD het voortgegaan met die daarstelling van prosesse en meganismes om die gehalte van onderwys in die provinsie te verbeter. Deur die Direkoraat: Gehalteversekering, koördineer en integreer die WKOD al die bestaande aanspreeklikheidstelsels en is bykomende stelsels gevestig waar dit ontbreek. In lyn met die toenemende regeringsfokus op resultate en impak, is monitering- en evalueringstelsels op alle vlakke van die organisasie ingevoer. Dit sluit in die verbeterde monitering en evaluering van projekte en intervensies – om hul impak en waarde te bepaal. Prestasie-evalueringstelsels (op individuele vlak) word ook gesterk deur die verhoogde gebruik van standaarde in samehang met werkplanne. Die kongruensie tussen individuele planne en strategiese doelwitte ontvang ook toenemende aandag. Van elke skool word verwag om 'n Skoolverbeteringsplan (SVP) te ontwikkel.

Gedurende 2006 het die eksterne Heelskoolevaluering 'n positiewe invloed gehad op al die skole wat geëvalueer is.

Die Direkoraat: Gehalteversekering het twee vorderingsverslae oor die MKOS gepubliseer. Die verifiëring van prestasie-metingsdata is ook onderneem ten einde hul korrektheid en geldigheid te bepaal.

## **5.2 Organisasoriese doeltreffendheid**

### **Departementeel**

Die departement ondergaan tans 'n groot organisatoriese herontwerp om te verseker dat dit die MKOS suksesvol kan implementeer. Die doelwitte van die herontwerpproses is om –

- institusionele kapasiteit te bou ter ondersteuning van iKapa Elihlumayo se hoofstrategieë, waarvan die MKOS die vernaamste hoofstrategie is;
- dienslewering te verbeter;
- billikheid te versnel; en
- die beoogde onderwysuitkomstes te bereik.

Die Herontwerp-projek word in vier fases geïmplementeer, nl. –

- Fase 1 het die aanvang van die projek en die beplanning van die herontwerpintervensie behels.
- Fase 2 het die ontleding van die huidige ontwerp van die WKOD in die lig van die MKOS behels en die identifisering van die areas wat verbetering noodsaak ten einde te verseker dat die departement die doelwitte van die strategie kan bereik.
- Fase 3 het die eintlike organisatoriese herontwerp behels in lyn met die bevindinge van die indiepte-ontleding (ontwikkeling van 'n nuwe makro- en mikro-organisatoriese struktuur).
- Fase 4 behels die implementering van die nuwe makro- en mikro-organisatoriese struktuur wat sal plaasvind en gedurende die 2007/08-finansiële jaar 'n aanvang sal neem, en wat die vulling van poste op die basis van die Personeelplan sal insluit.

Fase 1 tot 3 van die projek is afgehandel. Die projek het tot dusver uitgebreide raadplegende sessies by die hoofkantoor en op distriksvlak sowel as met verteenwoordigers van 'n aantal belangegroepes behels, insluitend die hoof uitvoerende beamptes (HUB's) van VOO-kolleges, skoolprinsipale, opvoeders, leerders, SBL-forums en georganiseerde arbeid betrokke by die departement.

Volgens die voorgestelde nuwe organisatoriese struktuur, sal die provinsiale hoofkantoor in vier takke verdeel word, naamlik Strategie en Beplanning, Kurrikulumbestuur, Institusionele Bestuur en Koördinerende Korporatiewe Dienste. In 'n poging om bestuur- en ontwikkelingsondersteuning nader aan skole te bring, sal die huidige 7 distrikskantore 8 word en sal daar 49 Kringspanne wees.

### **Institusioneel**

Administratiewe ondersteuningsdienste aan skole is van die uiterste belang vir die WKOD. Gegee die feit dat van skole verwag word om die meeste van hul energie op die lewering van die kurrikulum in die klaskamer te fokus, verseker die WKOD dat die administratiewe ondersteuning wat aan skole gebied word vinnig, doeltreffend en akkuraat is. Hoe minder tyd skoolbestuurders bestee aan administratiewe probleme soos onderwysaanstellings, salarisse van onderwysers en ander sake wat met diensvoorwaardes te doen het, hoe meer tyd het hulle om aandag te skenk aan die organisering van hul professionele en leerprogramme.

Daar is verskeie sake wat deurlopend gehanteer word ten einde uitvoering te gee aan hierdie doelwit. Dit sluit die volgende in:

- Meer en meer openbare gewone skole word Artikel 21 (van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet Nr. 84 van 1996)-inrigtings. 'n Reeks ontwikkelingsprogramme vir Skoolbeheerliggame (SBL'e) en skoolbestuurders is geloods om te verseker dat skole bestuurskapasiteit het om beheer te neem van sekere sleutelfunksies.
- Deur hierdie sleutelbestuurs(Artikel 21)-funksies na skole te ontplooi, is baie van die verantwoordelikhede vir verkryging en logistiese dienste na skole verskuif, wat die Hoofkantoor en OBOS'e in staat stel om op beleidsmediëring, ondersteuning en monitering te fokus.
- Hoofkantoor verbeter voortdurend die Kliëntedienskantoor om te verseker dat prinsipale en opvoeders 'n hoë gehalte diens ontvang en dat navrae, sover moontlik, onmiddellik gehanteer word.
- Die WKOD-Inbelsentrum, wat gedurende 2004 in werking getree het en sedertdien verbeter is, bied die onderwysgemeenskap en die breë publiek 'n wye reeks dienste en inligting rakende die bestuur van onderwys in die provinsie. Hierdie soort toegang tot die departement word aangevul deur die WKOD-webwerf (WKOD-Aanlyn), waar die publiek toegang het tot inligting wat strek van huidige nuus tot eksamenverwikkelinge en kurrikulumkwessies.

## **6. Strategiese oorsig en sleutel-beleidsverwikkelinge vir die 2006/07-finansiële jaar**

Die breë beleide, prioriteite en strategiese doelwitte van die WKOD word in die MKOS vervat, wat primêr beïnvloed is deur die provinsiale visie van 'n "Tuis vir Almal" en die Wes-Kaap se ontwikkelingstrategie, iKapa Elihlumayo, prioriteite geïdentifiseer en geprioritiseer deur die Sosiale Kluster van die provinsiale Kabinet wat 'n impak het op die departement (veiligheid van leerders, geïntegreerde raamwerk vir VKO, skoolondersteuning en veldtogte teen middelmisbruik onder die jeug) sowel as die prioriteite van die nasionale onderwyssektor.

Die volgende (nasionale) onderwyssektorprioriteite vir die 2006-MTBR het ook die strategiese rigting van die WKOD beïnvloed –

- Gehalte deur herkapitalisering
- Nasionale Gehalte-onderwysontwikkeling en -opheffingsprogram vir Openbare Skole
- Toegang en billikheid
- Implementering van 'geen-skoolgeld-status'-skole
- Uitbreiding van graad R
- Kurrikulumlewering
- Implementering van die Nasionale Kurrikulumverklarings in in graad 7 – 12

- Onderwyserontwikkeling
- Monitering en evaluering
- Onderwysbestuurs- en Inligtingstelsel (OBIS)
- Menslikehulpbron (MH)-Stelsels

### **Steunwerwing vir die MKOS**

Sedert die goedkeuring van die MKOS in November 2005, en die daaropvolgende loodsing en Maart 2006, is afskrifte van die dokument gedruk en na die verskillende onderwys- en ander belangegroepes versprei, veral skole en potensiële ontwikkelingsvennote in die privaatsektor. Addisionele steunwerwingsmateriaal vir skole en 'n pamflet wat steun werf vir menslike agentskap op skoolvlak is in al drie tale na skole gestuur vir elke opvoeder en nie-opvoederpersoneellid.

### **Verdere ontwikkeling, verfyning en belyning van die MKOS**

Die ontwikkeling van 'n reeks posisiereferate en besprekingsdokumente ('n totaal van 27), wat die verdere ontwikkeling van die MKOS in die provinsie sal rig, is in sy finale stadia. Sleutelaanbevelings in hierdie referate is die noodsaak om strategiese prioriteite te herbekyk in lyn met die PGOS om te verseker dat die vaardigheidsontwikkelingsbehoefte oor die kort en medium termyn deur die VOO-sektor geprioritiseer word sodat 'n begrip vir die kernaanduiders verkry en dan geprioritiseer word; en dat die leerplatform van VKO erkenning gegee word vir die sleutelrol wat dit speel in die daarstelling van 'n basis vir toekomstige leer.

'n Konsep- strategiese dokument oor skaars vaardighede is ontwikkel in lyn met die PGOS se tweedegerasie-strategieë.

Daar word tans gewerk aan 'n geïntegreerde bestuursplan en operasionele raamwerk vir die MKOS, wat gebaseer sal word op die vier sleutelpilare en prioriteitsareas vir intervensie ingevolge PGOS, ASGI-SA, die nasionale strategiese plan van die Departement van Onderwys, Onderwys vir Almal-doelwitte en die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte. Die aanbevelings vir geïntegreerde beplanningsprosesse, rapportering oor vordering en die voortgesette verfyning van die doelwitte en operasionele planne van Hoofkantoor en die OBOS'e sal binne hierdie raamwerk voorgestel word.

### **Implementering van die MKOS**

Vier sleutelpilare is geïdentifiseer as die grondslag waarop die MKOS gebou is: 'n fokus op die verbetering van **onderwystoestande** op inrigtingsvlak word ondersteun deur 'n poging om die **onderwysomgewing** te verbeter deur kwessies rakende sosiale patologie en misdaad te hanteer. Die kern van die strategie is een wat daarop fokus om die **gehalte van onderwys** te verbeter en te verseker dat geleenthede vir die **verbreding van die vaardigheids- en kwalifikasiebasis** geskep word.

Die vordering met die implementering van sleutelaflewerbares en spesifieke beleidsopsies, belyn met hierdie vier sleutelstrands, wat in die 2006/07-Begroting befonds is, is as volg –

#### **1) Onderwystoestande**

- a) 15 nuwe skole is voltooi - betyds vir die 2006-skooljaar. Twee persele is op 15 Januarie 2007 aan die kontrakteurs oorhandig. Die skole is Dalebuhle Primêre Skool en Sigcawu Primêre Skool.
- b) Bouplanne vir die 12 fokusskole is goedgekeur, en bouwerk aan agt skole het begin. Infrastruktuur, opgradering en opknapping van alle fokusskole is aan die gang.
- c) 'n Bestuursplan vir die Gehalteverbetering, Ontwikkeling, Ondersteuning en Opheffingsprogram (GOO-OP)-program is aangestel, en dit sal in 2007 die tempo en doeltreffendheid van dienste en hulpbronne na skole in benadeelde gebiede verbeter, en bydra tot die verbeterde bestuur van skole se hulpbronne.

- d) Nuwe lysie van Leer- in Onderrigmateriaal vir addisionele Leer- in Onderrigondersteuningmateriaal (LOOM) om die invoer van die nuwe kurrikulum te ondersteun, is aan alle skole voorsien om die verbeterde bestel-, verkryging en verskaffing van LOOM aan skole vir die 2007-skooljaar te fasiliteer.
- e) Sterk skoolbestuur is krities vir die effektiewe lewering van gehalte-onderwys. Die MHO-direktoraat het 'n opleidingsprogram vir Skoolbeheerliggame (SBL'e) ontwikkel en 'n gedragskode vir SBL'e is opgestel en is vir regsopinie voorgelê.
- f) Die aantal skole wat Artikel 21 (van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996)-status het toegeneem van die aanvanklike 409 (2000/01) tot 934 (2006/07), en werk/voorsiening van ondersteuning gaan voort met die oorblywende 516 skole. Deurlopende Bemaking van die Artikel 21-status lei tot 'n toename in syfers.

## 2) Verbetering van die Onderwysomgewing

- a) Die sleutelprojek in hierdie verband is die Veilige Skole-projek. Die geïntegreerde Veilige Skole-Strategie is ontwikkel en is in sy finale konsepstadium. Die formulering van die strategie was 'n samewerkingsooging poging van die verskillende rolspelers binne-in die WKOD, en gesterk deur die deelname, betrokkenheid en verbintenis van ander provinsiale en nasionale departemente, insluitend Gemeenskapsveiligheid, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Justisie en Maatskaplike Ontwikkeling.
- b) Die programme rakende leerdergedragstrategieë is in alle OBOS'e geïmplementeer en OBOS-personeel opgelei en gekapasiteer as fasiliteerders vir ontlooting- en ontwikkelingsprogramme. Die beleid oor minimum standaarde vir spesiale onderwysdienste vir leerders met emosionele en/of gedragsprobleme is goedgekeur as WKOD-beleid en handleidings is ontwikkel en na skole versprei.
- c) Beduidende werk is gedoen rakende die popularisering van die konsep van sosiale kapitaal binne die WKOD, en informele data oor verskeie aktiwiteite op OBOS-vlak is versamel ten einde 'n omvattende sosialekapitaalstrategie te ontwikkel. Die skole-gemeenskapsinisiatief wat in Augustus 2006 deur dei LUR bekend gestel is, was suksesvol. 'n Sleutelaspek van die WKOD se bydrae tot die bou van sosiale kapitaal was die stigting van die Forum vir Verteenwoordigende Leerderrade (VLR'e) in Junie 2006. Alhoewel pogings om 'n vereniging vir SBL'e te stig nog nie suksesvol was nie, is 'n SBL-konferensie gedurende 2006/07 gehou.
- d) Die MIV/Vigs-Portuuronderwysprogram het alreeds internasionale erkenning ontvang. Tans benut dit opgeleide NPO's in 136 sekondêre skole om groepe geskikte leerders te help om (i) hul portuurgroepe formeel te onderrig (akkurate, vaardigheidsgebaseerde, leerdergesentreerde voorkomingsonderwys); (ii) 'n model vir gesonde gedrag informeel daar te stel (kweek norme wat seksueel verantwoordelike gedrag ondersteun wat seksuele uitbuiting en risiko ontmoedig); (iii) jeug te identifiseer wat bykomende hulp (berading) nodig het en hulle verwys, en (iv) word agente vir verandering deur steun te werf vir hulpbronne vir hulself en hul porture (soos die bevordering van vrywillige berading en toetsing, jeugvriendelike kliniekdienste en ondersteuning aan gemeenskapsgebaseerde sorg).
- e) Die program met skole en nodusse gerig op sorg en ondersteuning aan leerders, die *SNOCS*-program, fokus op kwesbare kinders in 'n konteks van armoede, misdaad, MIV/Vigs en middelmisbruik ten einde sorgsame, inklusiewe en ondersteunende skoolgemeenskappe te vestig. Die program werk saam met SBL'e en gemeenskapsgebaseerde organisasies en streef daarna om plaaslike vennootskappe of ondersteuningsnetwerke te vestig – en is goed belyn met verwante inisiatiewe soos Gesondheidsbevorderende Skole (SBS'e), Veilige Skole en Skole as Aktiwiteitsentrums vir Buitemuurse Onderwys (EMEP). Noduskole binne klusters sal ook saamtrekke aanbied om soomlose dienste van nasionale, provinsiale en plaaslike regerings na die skoolgemeenskap te bring, soos geboorte- en ID-registrasies, prosessering van maatskaplike toelaes, vrywillige MIV- en TB-berading en -toetsing.

### 3) Verbetering van onderwysgehalte

Die kwessie van onderwysgehalte bly die onderwerp van konstante debat. Met die oog op deelname aan en beïnvloeding van hierdie debat, het die WKOD se Direkoraat: Gehalteversekering 'n besprekingsdokument oor gehalte- openbare onderwys daargestel. Hierna het die MKOS-projekspat die inisiatief verder geneem en is hulle, saam met die Direkoraat: Gehalteversekering, besig met die verfyning van hierdie besprekingsdokument. Die onlangse sestiende Statebondskonferensie van Onderwysministers, waarvan die tema onderwysgehalte was, sal tot verdere verfyning lei. Implementering van die MKOS in 2006/07 het op die volgende gefokus:

- a) Verbetering van prestasies in die Senior Sertifikaat-eksamens: Van die 39 832 kandidate wat die volle Senior Sertifikaat-eksamens in 2006 afgelê het, het 33 316 geslaag. Dit verteenwoordig 'n algehele persentasieslaagsyfer van 83,7%, wat effens laer is as die 84,4% vir 2005. 'n Addisionele 1 238 kandidate het egter die volle eksamens afgelê en 'n bykomende 743 kandidate het geslaag. Hierna toename in getalle, plus 'n algemeen konsekwente algehele prestasie, voorspel goed vir die toekoms.
- b) Implementering van die leerderopsporingstelsel: Die leerderopsporingstelsel is ontwikkel, geïmplementeer en in alle openbare gewone en spesiale skole in werking gestel. 'n Kontrak vir verdere ondersteuning en opleiding van skole in die gebruik en opdatering van die data is afgesluit. Die WKOD het goedkeuring van die DvO ontvang om 'n koppeling tussen SOBIS en Skooladministrasiestelsels (SASABS) te bewerkstellig.
- c) Implementering van geen-skoolgeld-skole: Die Geen-Skoolgeld-Skole-beleid is gedurende die loop van die 2006-jaar geïmplementeer. Van die 424 van die armste primêre skole is genooi om aansoek te doen om geen-skoolgeld-status, 419 skole het aansoek gedoen, wat die las van skoolgeld vir ongeveer 150 000 leerders (15,1%) met ingang van 1 Mei 2006 verlig het. 'n Verdere 233 skole (beide primêr en sekondêr) is met ingang van 1 Januarie 2007 geen-skoolgeld-status toegeken, wat die totale aantal geen-skoolgeld-skole in die Wes-Kaap op 652 te staan gebring het en ongeveer 346 000 leerders of 37,6% van alle leerders geakkommodeer het.
- d) Verbetering van die onderwyser:leerder-verhouding: 'n Geleidelike toename in die aantal onderwysposte ('n addisionele 500 vir 2007) het beduidend bygedra tot die verbetering van die onderwyser:leerder-verhouding, wat krities is vir die lewering van gehalte-onderwys. Aan die begin van die 2007-kalenderjaar was daar 30 872 goedgekeurde onderwysposte. Dit het 50 addisionele wiskunde/wetenskaponderwysers ingesluit wat in die Dinaledi-skole aangestel is, 21 addisionele onderwysers wat by die verskillende fokusskole aangestel is om te help met die ontwikkeling van die fokusskole-konsep en 70 poste wat aan die 7 distrikte toegeken is vir 'n reeks development intervensies in benadeelde skole, insluitend die verbetering van die prestasie van 34 onderpresterende hoërskole. Die Onderwysassistentprogram (OAP) het 510 onderwyserassistenten in 163 skole aangestel. Hierdie onderwyserassistenten is opleiding gebied deur die VOO-kolleges.
- e) Die Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie is in 2006 amptelik geloods na uitgebreide raadpleging onder WKOD-belanghebbendes op Hoofkantoor- en OBOS-vlak. Hierdie projek het behels –
  - Die toetsing in van alle graad 3-leerders in geletterdheid en gesyferdheid gedurende Oktober en November 2006. Die verslag van die graad 3-resultate is in Mei 2007 beskikbaar gestel.
  - Die loodsing van die Onderwyserassistentprogram (OAP). Dit het behels die invoer van 510 onderwyserassistenten om in die armste skole in die Grondslagfase hulp te verleen.
  - Opleiding van 100 Leerondersteuning- en Kurrikulumadviseurs van die OBOS'e en 450 Leerondersteuningsopvoeders van hoofstroomskole in die benutting van leer- en onderrigmateriaal (*Mental Maths Flip Books; Literacy and Numeracy Manual; MST Kit, Literacy Kit* en die *Literacy and Numeracy Kit for Grade R teachers*) is in Januarie en Februarie 2007 gehou.

- Alle onderwysers in alle graad 4- tot 7-klasse in armoedekwintiele 1 tot 4 het 'n pak gegradeerde leestekste ontvang, sowel as opleiding met betrekking tot klaskamerbestuur en die effektiewe gebruik van gegradeerde leesers in klein groepe. Kwintiel 5-skole het 'n voorbeeldstel en opleiding ontvang.
  - Monitoring van klaskamerpraktyke is geïnisieer, maar is weens uitdagings geopper deur onderwyservakbonde eers teruggehou onderhewig aan ooreengekome klaskamerbesoek-protokol.
  - Alle kurrikulumadviseurs en leerondersteuningsamptenare het indiepteopleiding in geletterdheid- en gesyferdheidspraktyke ontvang, wat aan die onderwysers gekommunikeer het dat hulle ondersteunend is as deel van die geletterdheid- en gesyferdheidsstrategie.
  - As deel van hierdie strategie, is die Taal-in-onderwys-beleid, wat moedertaalonderrig in die eerste drie jaar van skool aanmoedig, ontwikkel en in 2006 na skole gestuur en verder by die Taal-in-Onderwys-besprekingsforum in Julie 2006 gedebatteer.
- f) Implementering van die NKV: Die invoer van die NKV in graad 10 – 12, beginnende met graad 10 in 2006, om die implementering van die NKV in graad 10 te ondersteun en om onderwysers vir graad 11 in 2007 voor te berei, het goed afgeloop. 'n Wye reeks voorbereidende aktiwiteite het 'n hoogs suksesvolle konferensie vir skoolprinsipale en ander skoolbestuurders ingesluit. Die opleiding van 5 648 graad 10- tot 12-VOO-onderwysers het in Junie plaasgevind, met langer opleidingsessies vir nuwer vakke, insluitende landbou, dansstudie, tegnologie-vakke (insluitende CAT en IT). Werksessies is gedurende die Januarie 2007-skoolvakansie vir 367 onderwysers aangebied wat onervare was in sleutel-VOO-vakke. Die Nasionale Besigheidsinstituut het die opleiding van die 30 graad 10- tot 12-onderwysers wat geen opleiding in die nuwe vak Toerisme gehad het nie, gereël en befonds, terwyl die Elsenburg Landbou-instituut 'n residensiële kursus in Plantstudie, 'n nuwe afdeling in die kurrikulum, vir die 35 onderwysers wat die drie landbouvakke onderrig, aangebied het.

Alhoewel die graad 10-middeljaaruitslae aanvanklik rede tot kommer gebied het, is uitgebreide ondersteuningsprogramme en –stelsels in skole geïmplementeer om hulle te help om hierdie uitslae te verbeter. Uiteindelik was daar in 2006 'n 68.4%-slaagsyfer in graad 10. Hierdie slaagsyfer is soortgelyk aan die slaagsyfer in graad 10 in die vorige jare. Die laagste slaagsyfers kom gewoonlik in graad 10 voor. Die invoer van die NKV in graad 9 vanaf 2007 behoort die ontwrigting tussen die AOO- en die VOO-bande te begin aanspreek. Voorlopige verslae toon 'n slaagsyfer van 74%, met die Suid-Kaap/Karoo wat 'n verbetering op vorige jare toon.

Onderwysers het goed gereageer op opleiding in die NKV vir graad R tot 9. Die voortgesette uitrol van die NKV in graad 7 – 9 is ondersteun deur vyfdaagse oriënteringssessies vir opvoeders. In 2006 het 2800 graad 8- en 9-opvoeders sulke sessies in Julie en September bygewoon om hulle voor te berei vir die implementering van die NKV in graad 8 en 9 in 2007. Onderwysers het leerarea-assesseringsriglyne ontvang.

GTA's vir graad 9 is na alle skole versprei. Die voorsiening van addisionele handboeke aan graad 8 en 9 in die laer kwintiele deur die Inkxaso-projek, ten einde te verseker dat leerders toegang het tot onderrig- en leerondersteuningsmateriaal, was baie suksesvol. Die opleiding van graad 8- en 9-onderwysers het in Julie en September 2006 plaasgevind. Onderwysers is daardeur voorberei vir die implementering van die NKV in graad 8 en 9 in 2007. Onderwysers het leerarea-verklarings, leerprogramriglyne en leerareas-assesseringsriglyne ontvang.

Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal ter ondersteuning van die LOOM wat skole met Norme en Standaard-fondse aangekoop het, is aan leerders in graad 8 tot 11 voorsien om die implementering van die kurrikulum te ondersteun.

- g) Gebruik van IKT: Die WKOD is een van die voorlopers in die land in die gebruik van IKT in skole. Die voorsiening van rekenaarfasielitte is voltooi by 'n totaal van 225 skole in die 2006/07-finansiële jaar. Daarbenewens word voorbereidings getref vir implementering by 'n verdere 73 skole in 2007/08. Tot dusver het die Khanya-projek 575 skole bygestaan in die effektiewe gebruik van IKT en is daar 'n verdere 276 skole in verskillende stadia van voorbereiding. Daar is 22 271 rekenaars wat in Khanya-skole gebruik word, en 14 993 opvoeders gebruik tegnologie effektief vir kurrikulumlewering. Hierdie projek voorsien toegang vir 496 207 leerders.



Groei in breëband-verbinding vir skole, en die voortgesette uitrol van IKT-infrastruktuur in skole sal getakel word deur SOBIS, Khanya en die Telekommunikasie-projek.

Khanya word deurlopend as 'n innoveerder in skoolgebaseerde IKT erken. Gedurende die verslagperiode het Khanya 'n silwertoekenning in die Premierstoekennings vir Uitnemende Diens, 2006, ontvang ('n provinsiale toekenning) en was dit ook die wenner van die Leier in Bemagtiging-Toekenning in die 2006-Tegnologie Top 100-Toekennings ('n nasionale toekenning). Die Khanya-projek het verder ook 'n Goue Toekenning vir uitnemendheid van die *Impumelelo Innovations Award Trust* ontvang. Die Trust gee erkenning aan uitstaande projekte wat vennootskappe met die openbare sektor behels en die lewensgehalte van arm gemeenskappe innoverend verhoog. Die sitaat vir die toekenning lees as volg:

"'n Omvattende en multifasettige benadering tot die onderwyservaring in klaskamers regoor die Wes-Kaap is die dryfkrag agter die installering van rekenaars in klaskamers in die afgelope vyf jaar. Rekenaars word nie in isolasie geïnstalleer nie; onderwysers word opgelei, skole word voorsien van hoëspoed-internettoegang en van skole word verwag om 'n 'vennootskaps'benadering tot die projek te aanvaar deur ten minste hul sweet by te dra om hul verbintenisse te demonstreer. Die ondersteuning wat deur nabygeleë gemeenskappe gebied is, het gelei tot 'n afname in die voorkoms van diefstal, aangesien gemeenskappe eienaarskap geneem het van die skole."

Die Goue Impumelelo-toekenning is die 11de toekenning wat die Khanya-projek oor die afgelope twee jaar ontvang het.

- i) Die voortgesette verbetering van toegang tot graad R, die gehalte van graad R-onderrig en -leer, die instelling van 'n nuwe subsidiestelsel vir graad R-leerders en die verspreiding van nuwe onderrig- en leerpakkette help leerders om aan die vereistes van die nuwe kurrikulum te voldoen: 'n Geïntegreerde strategie vir Vroeëkindertontwikkeling is deur die Provinsiale Wetgewer goedgekeur en die Nasionale Geïntegreerde Plan is in Oktober 2006 geloods. Alle leerders is gesubsidieer in plaas van die vorige plafon van 30 leerders per klas. Vir graad R het die WKOD die subsidie van R3 tot R7 per kind per skool per dag verdubbel op 'n glyksaal van R3 tot R7 afhangende van 'n armoede-indeks, en die WKOD sal die opleiding van 900 VKO-fasiliteerders, wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geïdentifiseer is as deel van 'n breër UOWP-program, fasiliteer. Ten einde tussenstappe in hierdie verband te elimineer, het die WKOD die VOO-kolleges direk genader om die opleidingsprogramme aan te bied. Hierdie opleidingsprogramme sal in die 2007/08-finansiële jaar aangebied word.
- j) Projekuitnemendheid: Die WKOD het in 2006 ses van die agt Premierstoekennings vir uitnemende diens ingepalm. Die WKOD het 9 projekte uit 13 finaliste gehad. 'n Breede Rivier/Overberg BVOO-projek het die top-toekenning gewen.  
Goud: Breede Rivier/Overberg Projek - 160 Dae van Intervensie vir BVOO-Sentrums  
Silwer: Khanya-Projek, en die WKOD-Kliëntediens  
Brons: SA Skole Kore-Eisteddfod-Projek (SAKEP); Kaapse Onderwysinstituut; LSOB LSEN Adviseursprojek (Spesiale Onderwys).  
Ander WKOD-projekte onder die finaliste was die *Western Cape Movement Education Association*, die Onderwyserassistent-projek (OAP) en die Kurrikulum IKT/KM-Eenheid. Die Goue Portuuronderwysprogram, gesamentlik voorgelê deur die WKOD en die Departement van Gesondheid, was onder die finaliste (en het ook die internasionale Statebond se 'Goeie Praktyk in Onderwys'-toekenning losgeslaan.
- k) Die Mobiele Biblioteek-projek, uitgevoer onder die vaandel van EDULIS, het 'n Star-toekenning ontvang van die Impumelelo Innovation Awards Trust. Met behulp van die Japannese NRO, *Together Africa and Asia Association* (TAAA), word mobiele biblioteekbusse verkry, en skole in afgeleë landelike en benadeelde gemeenskappe geniet nou die voordeel van gereelde toegang tot biblioteekhulpbronne. Die projek sluit tans skole in Elgin, Khayelitsha, Vredendal en Zoar in.

#### 4) Verbetering van toegang tot die wêreld van werk en skaars vaardighede

Die ontwikkeling van skaars vaardighede deur formele en informele onderwys is 'n kritieke deel van die MKOS. Gedagtig hieraan, het die WKOD die volgende inisiatiewe geloods:

- a) 50 Dinaledi-skole is geïdentifiseer en word steeds ondersteun in die lewering van kurrikula met 'n fokus op die ontwikkeling van wiskunde, wetenskap en tegnologie in die provinsie. Die 10 Wiskunde- en Wetenskap-Dinalediskole is tot 40 uitgebrei. In aansluiting hierby, het die WKOD nog 10 Wiskunde- en Wetenskap-fokusskole gevestig, om wiskunde- en wetenskaponderwys in die provinsie te ondersteun. Onderwysers aan hierdie skole het uitgebreide opleiding en ondersteuning ontvang in die konsolidering van gesyferdheid op graad 8-vlak, wiskundige kennis en onderrigstrategieë, die onderrig van wetenskapeksperimente en die onderrig van Engels as Tweede Taal aan leerders waar Engels die taal van onderrig en leer is, maar nie hul moedertaal nie. Die nasionale Adjunk-minister van Onderwys en die LUR het van die Dinaledi-skole besoek om vordering te monitor. Hierdie skole ontvang ondersteuning in die vorm van wiskunde- en wetenskaptoerusting, 'n goed toegeruste rekenaarsentrum voorsien deur Khanya en verdere bestuur- en onderwyseropleiding by Khanya, die aanbied van winterskole vir graad 12-leerders in wiskunde en wetenskap en beroepsvoorligting, ens. Die 50 skole het algemene eksamens afgelê en is goedkeuring verleen om kleingroep-onderrig in wiskunde in te stel. Beduidende getalle opvoeders was betrokke by 'n wye reeks deurlopende aktiwiteite afgestem op professionele ontwikkeling.
- b) Die spesiale Fokusskole-program is geloods. 'n Totaal van 28 fokusskole vir Ingenieurswese, Kuns en Kultuur, Sport en Besigheidsbestuur is geïdentifiseer. Die fokusskole bied gespesialiseerde onderwys in Kuns en Kultuur, Besigheid, Handel en Bestuur, Ingenieurswese en Tegnologie aan. Fondse is bestee op infrastruktuur om die fokusvakke te akkommodeer, insluitende die opknapping van 8 werkswinkels. 'n Suksesvolle Kuns en Kultuur-konferensie is vir onderwysers en prinsipale aangebied. Oorbruggingskursusse is aan die einde van die kwartaal gehou vir alle graad 9-leerders wat Dans, Musiek, Visuele Kuns en Ontwerp, Dramatiese Kunste en Rekeningkunde in graad 10 sou aanbied. 30 onderwysers is ingeskryf vir ACE-kursusse in Handel, wat in Februarie 2007 plaasgevind het. Lewensoriëntering-onderwysers het werksessies bygewoon om beroepsvoorligtingsvaardighede met behulp van die internet te ontwikkel sodat hulle leerders kan bekend stel aan die wêreld en geleenthede vir werk en studie. Hierdie skole is voorsien van addisionele hulpbronnemateriaal om hulle in staat te stel om hul doelwitte te bereik om vir hul fokusarea skole van uitnemendheid te wees. Konferensies en werksessies vir fokusskole, bygewoon deur 850 afgevaardigdes, is gehou in Kuns en Kultuur, Ingenieurswese en Tegnologie, Besigheid, Handel en Bestuur, sowel as Lewensoriëntering.

Terwyl daar 'n geleidelike vordering was in die vestiging en ontwikkeling van die fokusskole, het aanvanklike swak beplanning veroorsaak dat skole nie genoegsaam voorbereid was om besigheidsplanne te voltooi en te implementeer nie. Hierdie projek is egter nou op dreef en daar word verwag dat hierdie skole groei sal toon.

'n Globale Burgerskap-vennootskap is gevestig om loopbaanvoorligting te bevorder, veral in die fokusskole. ACE-kursusse vir 20 fokusskoolopvoeders word deelyds aangebied by die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie. 'n Hoogs suksesvolle "*Artists in Residence*"-program word by 9 van die Kuns en Kultuur-fokusskole aangebied. 1 000 graad 9-leerders het kursusse bygewoon om hulle vir fokusvakke in graad 10 voor te berei.

'n Kaartbewustheidswerksessie is vir 85 opvoeders en kurrikulumadviseurs by fokusskole gehou en is ook vir 'n geselekteerde aantal skole aangebied.

Daar is begin met 'n forum vir fokusskole in Weskus/Wynland en Metropool-Oos.

- c) Die Herkapitalisering van die VOO-Kolleges in die provinsie verloop baie suksesvol. – dit sluit in 'n fokus op die invoer van die nuwe kurrikula (in lyn met sowel die eise van die Mikro-ekonomiese Ontwikkelingsstrategie (MEOS) en nasionale prioriteite), infrastruktuurhernuwing en personeelher-siening. VOO-kolleges sal die ruggraat van die MKOS en die generering van skaars vaardighede in die provinsie vorm. Die herkapitalisering van al 6 VOO-kolleges, met 'n fokus op vaardigheidsont-wikkeling in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes soos uiteengesit in die Nasionale Menslike-hulpbronontwikkelingsstrategie, het begin met die befondsing wat gedurende Mei en November 2006 ontvang en na die VOO-kolleges oorgedra is. Die herkapitalisering van die VOO-kolleges is gebaseer op die implementering van 11 Nasionale Sertifikaat (Beroeps-) programme. In Januarie 2007 het die kolleges altesaam 3 222 studente vir die 11 nuwe NKV-programme ingeskryf.
- d) Die VOO-kollege-Beurs/Leningskema stel agtergelate en arm studente wat wil verder studeer in staat om kritiese kwalifikasies te verwerf sodat hulle toegang tot die wêreld van werk kan kry. Op 31 Maart 2007 is daar reeds R37,241 miljoen in die vorm van lenings toegeken en het 9 690 begunstigdes baatgevind by die skema.
- e) Die departement het 'n navorsingsprojek geïnisieer om die voorsiening van BVOO-dienste in die provinsie te bepaal. Die Sentrum vir Volwasse en Voortgesette Onderwys van die Universiteit van Wes-Kaapland se Fakulteit van Onderwys het die haalbaarheidstudie van die Basiese Volwassene-onderwys en –opleidingsprogram onderneem en het in April 2007 'n verslag ingedien. Na verdere inligting versoek is, is 'n finale verslag gedurende April 2007 ingedien.
- f) Weens die groot aanvraag na plasing van leerders by Vaardigheidskole, is die Mitchells Plain Vaardigheidskool in Januarie 2007 geopen en die Siviwe Vaardigheidskool in Gugulethu in April 2007.
- g) Graad 9-Lewensoriënteringopvoeders is met behulp van die PACE-program in beroepsvoorligting opgelei en ondersteun. Beroepsvoorligtingsopleiding in die gebruik van PACE is vir 171 onderwysers in graad 10, 11 en 12 aangebied. Die graad 9-Lewensoriënteringsopvoeders by die fokusskole is opgelei om leerders te help met hul vakkeuses vir graad 10. As 'n loodsprojek, is 'n verdere 37 Graad 7-opvoeders opgelei om leerders te help met voorligting en om aansoek te doen na spesifieke fokusskole. 'n Beroepsvoorligtingsbeleid vir skole is ontwikkel, en sal gedurende 2007 na skole versprei word.

##### **5) Ander fokusareas – sistemiese strategieë**

- a) Die voorstel vir die belyning van die organisatoriese struktuur van die WKOD met die prestasievereistes van die MKOS is deur die Kabinet goedgekeur. Tot dusver het die herontwerp van die WKOD uit die volgende fases bestaan –
- Fase 1 het die aanvang van die projek en beplanning vir die herontwerp-intervensie behels;
  - Fase 2 het die ontleding van die huidige ontwerp van die WKOD behels in die lig van die MKOS en die identifisering van areas wat verbetering nodig het om te verseker dat die departement in staat is om die doelwitte van die strategie te realiseer: en
  - Fase 3 het die werklike makro- en mikro-organisatoriese herontwerp behels in lyn met die bevindinge van die indiepteontleding.
- b) Menslikekapitaalontwikkeling binne die departement fokus spesiaal op onderwysers (deurlopende en versnelde onderwyserontwikkeling) deur te verseker dat hulle maksimaal impak maak en aanspreeklik gehou word ingevolge die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS), wat in die WKOD geïmplementeer word.
- c) Die diensleweringshandves is voltooi Ingevolge die breër menslikehulpbronpraktyk. Dit word voorsien dat die implementering van hierdie program in 2007 sal begin deur 'n proses waarin elke direktoraat en OBOS sy diensleweringstandaarde sal identifiseer.

- d) Die befondsing wat deur die Werkplekvaardigheidsplan vir 2006/07 beskikbaar gemaak is, is aan direkteur en OBOS'e toegeken om hul werkplekprogramme te bestuur. Die WVP vir 2007/08 sal vroeg in 2007 ontwikkel word sodat die befondsing vroeër toegeken kan word as in 2006.
- e) Die onderwysaansparingstrategie is steeds onder bespreking op nasionale vlak, en die Raad van Onderwysministers (ROM) het 'n konsepooreenkoms voorgestel waarvoor insette ten opsigte van die bestuur van landelike skole in hierdie program vanaf provinsies versoek is. Die WKOD het 'n inset gelewer tot hierdie proses.
- f) Die Direkoraat: Gehalteversekering het 'n moniterings- en evalueringsraamwerk vir die MKOS opgestel, opleiding in monitering en evaluering vir die MKOS vir projekbestuurders aangebied, en sy eerste statusverslag van die MKOS in November voltooi en versprei. Hulle was voorts 'n waardevolle bydraer tot die konseptualisering van 'n geïntegreerde bestuurs- en operasionele plan vir die MKOS.

## 7. Spesifieke uitdagings en response

Die WKOD, in samehang met sy maatskaplike vennote, moet 'n dramatiese toename teweegbring in die aantal jongmense wat deelneem aan en sukses behaal in VOO- en hoëronderwysprogramme wat bydra tot die groei en ontwikkeling van die provinsie. Ten einde dit te doen, skenk die WKOD tans aandag aan die huidige uitsaksyfer in die skoolstelsel om veel hoër retensiesyfers in verdere onderwys en opleiding te verseker. Maar sukses in verdere onderwys hang af van die blootstelling van jong kinders aan 'n gesonde, aktiewe en stimulerende omgewing en 'n goeie algemene onderwys. Ten einde te verseker dat hierdie doelwitte bereik word, is die uitdaging vir die WKOD om –

- te verseker dat elke kind in 'n veilige, goed verligte, geventileerde en gerieflike klaskamer geakkommodeer word;
- opvoeders toe te rus en ondersteun in hul pogings om effektiewe onderwys te bied;
- effektiewe bestuur en beheer in alle leeromgewings en ondersteuningstrukture te verseker;
- 'n Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) aan te bied; en
- skaars hulpbronne so effektief en billik as moontlik te benut.

## 8. Kwessies wat deurlopende aandag verg

Sleutelkwessies wat deurlopende aandag verg sluit in –

- Die verbetering van alle aspekte van finansiële bestuur en aanspreeklikheid in 'n poging om in die rigting van 'n Vlak 4-ouditeerbare organisasie te beweeg
- Die integrasie van verskillende maatreëls ingestel op gehalteversekering en aanspreeklikheid.
- 'n Gefokusde geletterdheid- en gesyferdheidsstrategieë vir die Grondslag- en Intermediêre Fases is ingestel om aandag te skenk aan die aantal leerders in graad 3 en 6 wat nie die uitkomstes, vereis deur die nasionale kurrikulum, vir hul grade in gesyferdheid en geletterdheid bereik het nie.
- Die verbetering van onderwyseropleiding, om te verseker dat onderwysers oor die kennis en vaardighede beskik om die nasionale kurrikulum te onderrig en leerderprestasie in alle leerareas te verbeter.
- Die noodsaak om veilige skoolomgewings te verseker en skole as heilige plekke van onderrig en leer in ons gemeenskappe te posisioneer.
- Daar is 'n aantal inligtingsleemtes in die prestasiedata. Die departement is besig om die nodige stelsels te ontwikkel om te verseker dat die prestasieteikens en data voorsien word.

## 9. SEKTOR-, PROGRAM- EN SUBPROGRAMPRESTASIE

### 9.0 Die Provinsiale Onderwyssektor

#### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met die provinsiale onderwyssektor:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
<b>Toegang</b>	<p>▲ Om te verseker dat die bevolking van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie skool bywoon.</p> <p>▲ Om onderwys progressief beskikbaar te maak vir jeug en volwassenes bo die verpligte skoolgaande ouderdom.</p>	<p>▶ PM001: Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skool bywoon</p> <p>▶ PM002: Persentasie jeugdiges bo die verpligte skoolgaande ouderdom wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon</p>
<b>Billikheid</b>	<p>▲ Om te verseker dat die armes meestal begunstig word in die voorsiening van onderwys as openbare hulpbron.</p>	<p>▶ PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders</p>
<b>Doeltreffendheid</b>	<p>▲ Om 'n punt te bereik waar onderwysuitkomstes maksimaal bereik word in terme van toegang en gehalte, gegee die beskikbare onderwysbegrotings.</p>	<p>▶ PM004: Jare inset per VOOS-afgestudeerde</p>
<b>Uitset</b>	<p>▲ Om te verseker dat die lewering van afgestudeerdes uit die onderwysstelsel in lyn is met ekonomiese en sosiale behoeftes.</p>	<p>▶ PM005: Gemiddelde skoolgraad bereik deur volwassenes in die bevolking</p>
<b>Gehalte</b>	<p>▲ Om 'n samelewing te bou wat geletterd is.</p>	<p>▶ PM006: Volwassene-geletterdheidsyfer</p>

#### Vordering

Departementele inkomste ten bedrae van R24,296 miljoen is gedurende 2006/07 ontvang. Die hoofbronne van eie inkomste ingesamel was –

- Administrasiekoste (invordering van versekeringspremies);
- Heffings vir reprografiese dienste; en
- Terugbetalings ten opsigte van vorige jare en finansiële transaksies.

Die werklike besteding vir 2006/07 vergeleke met die fondse toegestaan, was op 97,3% van die goedgekeurde aangepaste begroting. Die onderbesteding is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n verpligte spaar vir die salaris-aanpassings ten opsigte van aansporings vir verskeie groepe opvoeders, aangesien die kriteria vir die betaling nog nie voor 31 Maart 2007 gefinaliseer was nie. Daar is ook 'n onderbesteding in die kapitale begroting weens die vertraging in sommige kontrakte waar die bouwerk nie kon begin nie hangende 'n omgewingsimpakevaluering wat gedoen moet word. Vertraging in die verkryging van dienste vir die opleiding van VKO-praktisyns in die Uitgebreide Openbare Werke-Program (UOWP) en vertraging in die opgradering van die twee nuwe vaardigheidskole en die uitrol van die geletterdheid- en gesyferdheidsstrategie vir die WKOD het ook tot die onderbesteding bygedra.

Verreweg die grootste deel van die besteding was gemaak ten opsigte van die primêre en sekondêre skoolstelsel, insluitende OLSO-skole. In die skoolstelsel is personeel billik toegewys in terme van die posvoorsieningsnorme volgens gerapporteerde leerdergetalle, gemeenskapsarmoedekategoriserings en vakke aangebied. Norme en standaard-befondsing word toegeken volgens die nasionale armoedekwintiele met die armste kwintiel wat gemiddeld ses keer meer ontvang as diegene wat die minste arm is.

Nie-personeelbesteding verteenwoordig 24,1% van die totale besteding vir die 2006/07-finansiële jaar. Nie-personeelbesteding sluit norme en standaard-befondsing in vir openbare gewone primêre en sekondêre skole, leerdervoerskemas, infrastruktuur sowel as vir oordragbetalings aan onafhanklike skole, openbare spesiale skole, VOO-kolleges, BVOO-sentrums en VKO-skole en –leerplekke.

Kapitale besteding het toegeneem van 3,2% van die besteding in 2004/05 tot 3,4% van die besteding vir 2006/07. Dit sluit hoofsaaklik voorsiening vir infrastruktuurprojekte in sowel as vir rekenaars en toerusting vir die Khanya-projek. Die rede vir die toename was die befondsing vir die versnelde leweringsprogram vir kapitale infrastruktuur, wat in die 2005/06- en 2006/07-finansiële jare deur die Batefinanieringsreserwe (BFR) beskikbaar gemaak is.

Program 2: Openbare gewoneskoolonderwys bly steeds die hoofokus van die departement se befondsing. Hierdie Program het 81,3% van die totale besteding vir 2006/07 uitgemaak. Die hoofdiens ingesluit onder hierdie Program is primêre en sekondêre skoolonderwys aan openbare gewone skole (insluitende infrastruktuur), die bestuurs- en ontwikkelingsteun aan onderwysinrigtings deur distrikskantore, menslikehulpbronontwikkeling vir inrigtinggebaseerde personeel sowel as die voorwaardelike toekenning van die Nasionale Skoolvoedingsprogram. 55,5% van die Program se besteding is aangewend vir primêre skole en 39,9% vir sekondêre skole.

Ander programme wat aansienlike bestedingsgroei gehad het vergeleke met vorige jare is Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding, waar fondse voorsien is vir die herkapitalisering van VOO-kolleges, Program 7: Vroeëkindertontwikkeling, waar addisionele hulpbronne voorsien is om deelname aan graad R te bevorder sowel as vir die UOWP om te voorsien vir die opleiding van VKO-praktisyns by VKO-leerplekke en vir hulpbronpakkette vir hierdie leeromgewings, en Program 8: Hulp- en verwante dienste, waar fondse spesifiek voorsien is vir die verdere uitrol van die MKOS in lyn met die provinsiale ontwikkelingstrategie iKapa Elihlumayo.

Volgens die data van die 2005-Algemene Huishoudelike Opname, word universele deelname op primêreskoolvlak gehandhaaf. Met ander woorde, die oorweldigende meerderheid, 99%, van die Wes-Kaapse kinders tussen die verpligte skoolgaande ouderdomme van 7 en 14 jaar is in die onderwysstelsel ingeskryf. Daar is egter 'n verlaging in inskrywing op die na-verpligte vlak (ouderdom 15 – 17) met slegs 85% leerders wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon.

Die rede waarom die werklike leerdergetalle laer is as die teiken, of selfs die vorige jare se getalle, is dat SOBIS (die leerderopsporingstelsel)-syfers vir die eerste keer gebruik is en nie syfers van die Jaarlikse of Kitsopnames nie.

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Sleutelneigings	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
<b>INKOMSTE (R'000)</b>					
	Billike toewysing	5,596,033	6,292,822	6,705,146	6,705,146
	Voorwaardelike toekennings	84,714	143,683	257,012	257,012
	Skenkergeld	0	0	0	0
	Ander	0	0	132,062	132,062
	Eie Inkomste	9,962	12,739	21,641	23,655
	<b>TOTAAL</b>	<b>5,690,709</b>	<b>6,449,244</b>	<b>7,115,861</b>	<b>7,117,875</b>
<b>BETALINGS PER PROGRAM (R'000)</b>					
	1 Administrasie	215,094	237,493	292,471	287,714
	2 Openbare gewoneskoolonderwys (sien verdere onderverdeling hieronder)	4,772,661	5,348,558	5,796,342	5,623,650
	3 Subsidies aan onafhanklike skole	29,761	32,445	34,127	34,259
	4 Openbare spesialeskoolonderwys	345,224	366,447	386,040	389,112
	5 Verdere onderwys en opleiding	152,383	168,186	264,527	271,048
	6 Basiese Volwassene-onderwys en -Opleiding	21,151	23,051	23,571	23,539
	7 Vroeëkindertontwikkeling	60,135	74,477	107,397	90,195
	8 Hulp- en verwante dienste	94,300	198,587	211,386	200,845
	<b>TOTAAL</b>	<b>5,690,709</b>	<b>6,449,244</b>	<b>7,115,861</b>	<b>6,920,362</b>
<b>BETALINGS VIR OPENBARE GEWONESKOOLOUNDERWYS (R'000)</b>					
	2.1 Openbare primêre skole	2,722,031	2,981,194	3,246,205	3,119,550
	2.2 Openbare sekondêre skole	1,845,868	2,139,444	2,294,094	2,245,798
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
	Huidige betaling	5,072,967	5,493,589	6,156,220	5,911,981
	Kompensasie van werknemers	4,567,683	4,962,469	5,388,030	5,253,453
	Opvoeders	3,991,487	4,332,973	4,702,920	4,570,496
	Nie-opvoederpersoneel	576,196	629,496	685,110	682,957
	Goedere en dienste en ander lopende uitgawes	505,284	531,120	768,190	658,498
	Oordragbetalings en subsidies	436,448	629,145	651,486	773,526
	Betalings vir kapitale bates	181,294	326,510	308,155	234,885
	<b>TOTAAL</b>	<b>5,690,709</b>	<b>6,449,244</b>	<b>7,115,861</b>	<b>6,920,362</b>

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Sleutelineigings (vervolg)	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Telken	2006/07 Werklik
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
	Aantal opvoeders (in openbare diens)	29,943	30,257	30,095	30,786
	Aantal Nie-opvoederpersoneel (in openbare diens)	8,689	8,802	8,260	8,402
<b>INSKRYWING OP VERPLIGTE VLAK</b>					
	Leerders tussen 7 en 14 jaar oud in openbare gewone skole	620,685	621,250	627,273	599,112
	Leerders tussen 7 en 14 jaar oud in openbare spesiale skole	6,426	6,490	6,555	7,413
	Leerders tussen 7 en 14 jaar oud in onafhanklike skole	15,409	12,109	-	16,072
	<b>TOTAAL</b>	<b>642,520</b>	<b>639,849</b>	<b>633,828</b>	<b>622,597</b>
<b>INSKRYWING OP NA-VERPLIGTE VLAK</b>					
	Leerders tussen 15 en 17 jaar oud in openbare gewone skole	190,491	192,997	199,800	193,834
	Leerders tussen 15 en 17 jaar oud in openbare spesiale skole	7,049	7,401	7,772	6,452
	Leerders tussen 15 en 17 jaar oud in onafhanklike skole	4,986	4,314	-	4,823
	Studente tussen 15 en 17 jaar oud in VOO-kolleges	Geen historiese data beskikbaar		-	3,593
	<b>TOTAAL</b>	<b>202,526</b>	<b>204,712</b>	<b>207,572</b>	<b>208,702</b>
<b>BEVOLKING</b>					
	Bevolking tussen 7 en 14 jaar oud	714,846	679,463	729,212	690,806
	Bevolking tussen 15 en 17 jaar oud	240,871	247,265	245,620	250,644
<b>► PRESTASIEMAATREËLS</b>					
► PM001:	Per sentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skool bywoon	Geen historiese data beskikbaar	98.8%	99%	98.4%
► PM002:	Per sentasie jeugdiges bo verpligte skoolgaande ouderdom wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon	Geen historiese data beskikbaar	83.5%	84%	84.7%
► PM003:	Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders	92.7%	104.8%	*	102.9%
► PM004:	Jare inset per VOOS (NSS)-gegradeerde	Provinsies kan tans nie hierdie PM rekenariseer nie, aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie.			



ST001	PROVINSIALE SEKTOR – Sleutelneigings (vervolg)				
		2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
► PM005: Gemiddelde hoogste skoolgraad bereik deur volwassenes in die bevolking		Geen historiese data beskikbaar	9.3	9.8	9.5
► PM006: Volwassene-geletterdheidsyfer			94%	94.2%	95.1%
<p><b>Bronne:</b> Provinsiale Begrotingsrede (2007) [2006/07-finansiële syfers is hersiene skattings]; Pearsal [2005- en 2006-werknemersyfers verwys na Julie en Februarie respektiewelik]; OBIS [2006-inskrywingsyfers is voorfinale skattings]; (SOBIS soos op 31 Maart 2007 vir openbare gewone skole en spesiale skole en Jaarlikse Opname 2006 vir onafhanklike gewone skole); Bevolkingsyfers voorsien deur DVO. Die syfers van staatsdienspersoneel in hierdie tabel en alle ander sleutelneiging-tabelle reflekteer 'n telling van unieke werknemers op Pearsal, ongeag indiensnemingstatus (bv. ongeag of permanent of tydelik) op een punt in die jaar.</p> <p><b>Let wel:</b> Al die prestasiemaatreeë, behalwe vir PM003 en PM004, is gebaseer op huishoudelike opnamedata. Die persentasies vir PM001 en PM002 is verkry van die 2004- en 2005-StatsSA Algemene Huishoudelike Opnames en mag effens wissel van inskrywing oor bevolking wat elders gereflakteer word. PM005 en PM 006 is ook verkry van die 2004- en 2005-StatsSA Algemene Huishoudelike Opnames.</p> <p><b>Let wel:</b> * - Ten tyde van die finalisering van die Jaarlikse Prestasiplan (JPP) in Maart 2006, was die definisies en formules vir die bepaling en berekening van die teikens vir die spesifieke Prestasiemaatreeë wat gelys is, soos voorsien deur die nasionale Departement van Onderwys (DVO)-riglyne van 25 November 2005, nog nie deur die DVO gefinaliseer nie. Geen teikens kon dus bepaal word nie. Die definisies en formules het egter sedertdien ((20 September 2006) beskikbaar geraak en dus kan die werklike prestasies nou bepaal en bereken word.</p>					

ST004	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR– Beleggings in die ontwikkeling van personeelvaardighede (2006/07)							
	<i>Prog 1 Admin</i>	<i>Prog 2 OGS</i>	<i>Prog 3 Onaf</i>	<i>Prog 4 Spes</i>	<i>Prog 5 VOO</i>	<i>Prog 6 BVOO</i>	<i>Prog 7 VKO</i>	<i>Totaal</i>
<b>Besteding (duisend R)</b>								
<b>Opgeleides</b>								
Opvoeders	2 094	11 563						13 657
Kurrikulumverandering	1 356	25						1 381
Ander indiensopleiding	3488							3 488
MIV/Vigs-opleiding		264						264
Nie-opvoederpersoneel	3 963	491						4 454
<p><b>Let wel:</b> Hierdie tabel reflekteer alle departementele besteding op die vaardigheidsontwikkeling van departementele personeel. Dit sluit die koste van departementeel-aangestelde opleiers in. Alle opleidingsbesteding is vervat in Program 1 en 2 soos vertoon in die bostaande skedule ongeag die sektor waarbinne die personeel werk. Dieselfde opvoeder kan twee keer getel word, indien byvoorbeeld, 'n opvoeder in die betrokke jaar kurrikulum- en MIV/Vigs- opleiding ontvang het. Die waardes in die ry 'Opvoeders' reflekteer <i>nie</i> enige dubbele telling van opvoeders nie.</p>								

## 9.1 Program 1: Administrasie

### Programdoelwit

Om algehele bestuur van en ondersteuning vir die onderwysstelsel te bied ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander relevante beleide.

**The Administrasieprogram bestaan uit die volgende subprogramme:**

#### *Kantoor van die LUR*

- om te voorsien vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir onderwys

#### *Korporatiewe dienste*

- om bestuursdienste aan die onderwysstelsel te lewer wat nie onderwysspesifiek is nie

#### *Onderwysbestuur*

- om onderwysbestuurstelsels vir die onderwysstelsel te voorsien

#### *Menslikehulpbronontwikkeling*

- om menslikehulpbronontwikkeling vir hoofkantoor gebaaerde personeel te bied

#### *Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)*

- om onderwysbestuursinligting in te voorsien ingevolge die Nasionale Onderwys-inligtingsbeleid.

### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Program 1: Administrasie:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Doeltreffendheid	<ul style="list-style-type: none"><li>▲ Om effektiewe bestuur op alle vlakke van die onderwysstelsel te vestig.</li><li>▲ Om 'n optimale verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne regoor die stelsel te vestig.</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>▶ PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie- en Bestuurstelsel implementeer</li><li>▶ PM102: Persentasie skole wat elektronies deur die departement gekontak kan word</li><li>▶ PM103: Persentasie swart vroue in senior bestuursposisies</li><li>▶ PM104: Persentasie huidige besteding wat vir nie-personeelitems aangewend word</li></ul>

### Programbeleidsontwikkelings gedurende 2006/07

Die sleutel-programbeleidsontwikkelings het ingesluit -

- Implementering van die MKOS
- Implementering van die Leerderopspringstelsel in openbare gewone skole sowel as die aanvang van die Verdere Onderwys en Opleiding-Bestuursinligtingstelsel (VOOBIS) in VOO-kolleges
- Herontwerp van die WKOD
- Bou van Sosiale Kapitaal binne die onderwyssektor, insluitend die vestiging van Forums vir Verteenwoordigende Leerderrade (VLR'e)

ST101	ADMINISTRASIE – Sleutelneigings	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>					
1.1	Kantoor van die LUR	3,182	3,151	3,698	3,445
1.2	Korporatiewe diens	98,044	99,898	142,245	128,642
1.3	Onderwysbestuur	101,993	114,429	118,833	130,278
1.4	Menslike hulpbronnontwikkeling	9,093	9,309	12,218	10,307
1.5	Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)	2,782	10,706	15,477	15,042
<b>TOTAAL</b>		<b>215,094</b>	<b>237,493</b>	<b>292,471</b>	<b>287,714</b>
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
	Huidige betaling	171,113	210,362	266,069	254,379
	Kompensasie van werknemers	115,930	123,673	137,758	140,652
	Opvoeders	24,046	25,652	28,619	29,538
	Nie-opvoederpersoneel	91,884	98,021	109,139	111,114
	Goedere en dienste en ander lopende uitgawes	55,183	86,689	128,311	113,727
	Oordragbetalings en subsidies	21,094	13,835	13,945	22,731
	Betalings vir kapitale bates	22,887	13,296	12,457	10,604
<b>TOTAAL</b>		<b>215,094</b>	<b>237,493</b>	<b>292,471</b>	<b>287,714</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
	Aantal opvoeders (in openbare diens)	109	109	102	123
	Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	693	767	698	736
<b>STATISTIEK OOR ADMINISTRATIEWE STELSELS</b>					
	Aantal skole met SABS (a)	1 447	1,460	1 460	1,452
	Aantal skole met e-pos	Geen historiese data beskikbaar nie	1,380	1 380	1,420
<b>► PRESTASIEMAATREëLS</b>					
► PM101:	Perentasie skole wat die Skooladministrasiebestuurstelsel implementeer	100%	100%	100%	100%
► PM102:	Perentasie skole wat elektronies gekontak kan word deur die departement	Geen historiese data beskikbaar nie	95.0%	95.1%	97,8%
► PM103:	Perentasie swart vroue in senior bestuursposisies (SBS)	8,8%	8,8%	9%	12,5%
► PM104:	Perentasie huidige besteding wat vir nie-personeelitems aangewend word	17.1%	19.0%	20.8%	21%

ST102	ADMINISTRASIE – Besteding per item (2006/07) R'000									
	1 Admin	2 POS	3 Onaf	4 Spes	5 VOO	6 BVOO	7 VKO	8 HULP	Totaal	
<b>Huidge betalings</b>	<b>254,379</b>	<b>5,067,372</b>		<b>312,419</b>	<b>140,010</b>	<b>6,163</b>	<b>44,411</b>	<b>87,197</b>	<b>5,911,951</b>	
Kompensasie van werknemers	140,652	4,573,712		307,469	139,993	5,916	44,390	41,321	5,253,453	
KS-opvoeders	29,538	4,116,341		236,750	116,194	4,969	44,390	22,313	4,570,495	
Salarisse en lone	25,994	3,581,218		205,973	102,251	4,820	37,732	20,974	3,978,962	
Maatskaplike bydraes	3,544	535,123		30,777	13,943	149	6,658	1,339	591,533	
Nie-opvoederpersoneel	111,114	457,371		70,719	23,799	947		19,008	682,958	
Salarisse en lone	97,781	397,913		61,526	20,943	919		17,868	596,950	
Maatskaplike bydraes	13,333	59,458		9,193	2,856	28		1,140	86,008	
Goedere en dienste	112,640	493,660		4,950	17	247	21	45,876	657,411	
Inventaris	8,229	256,513		33		9	4	7,534	272,322	
Leerondersteuningsmateriaal	1,503	214,853		33				308	216,697	
Skryfbehoeftes en drukwerk	6,467	2,577				9	4	7,194	16,251	
Ander	259	39,083						32	39,374	
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	27,253	2,868		8		3		9,834	39,966	
Toerusting minder as R5 000	2,974	1,152						73	4,199	
Onderhoud van geboue	19,028	90,991		64	17				110,100	
Operasionele bruikhuurkontrakte	1,928	1,591						7,750	11,269	
Leerdervoer		93,300							93,300	
Ander goedere en dienste	53,228	47,245		4,845		235	17	20,685	126,255	
Rente en huur op grond										
Rente										
Huur op grond										
Finansiële transaksies in bates en laste	1,087								1,087	
Ongemagtigde besteding										

ST102	ADMINISTRASIE – Besteding per item (2006/07) (vervolg)									
	1 Admin	2 POS	3 Onaf	4 Spes	5 VOO	6 BVOO	7 VKO	8 HULP	Totaal	
<b>Oordragbetalings en subsidies</b>	<b>22,731</b>	<b>332,292</b>	<b>34,259</b>	<b>76,489</b>	<b>131,038</b>	<b>17,376</b>	<b>45,784</b>	<b>113,557</b>	<b>773,526</b>	
Munisipaliteite	86	2,925		190	87	3	28	11	3,330	
Departementele agentiskappe en rekeninge								3,756	3,756	
Nie-wins-inrigtings	19,740	315,639	34,259	75,448	130,688	17,373	45,619	107,862	746,628	
Artikkel 21-skole		181,516				83			181,599	
LOOM		159,592				83			159,675	
Nutsitems		15,028							15,028	
Onderhoud		6,896							6,896	
Dienste gelewer										
Ander onderwysinrigtings	19,740	134,123	34,259	75,448	130,688	17,290	45,619	107,862	565,029	
Huishoudings	2,905	13,728		851	263		137	1,928	19,812	
<b>Betalings vir kapitale bates</b>	<b>10,604</b>	<b>223,986</b>		<b>204</b>				<b>91</b>	<b>234,885</b>	
Geboue en ander vaste strukture		220,853		25					220,878	
Geboue		220,853		25					220,878	
Hostelle									-	
Nuwe skole		155,445		25					155,470	
Addisionele klaskamers		36,928							36,928	
Ander byvoegings		28,480							28,480	
Ander										
Ander vaste strukture										
Masjinerie en toerusting	10,588	3,120		179				91	13,978	
Vervoertoerusting		624		179					803	
Ander masjinerie en toerusting	10,588	2,496						91	13,175	
Programmatuur en ander nie-tasbare bates	16	13							29	
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>287,714</b>	<b>5,623,650</b>	<b>34,259</b>	<b>389,112</b>	<b>271,048</b>	<b>23,539</b>	<b>90,195</b>	<b>200,845</b>	<b>6,920,362</b>	

## Spesifieke uitdaginge en reaksies wat deurlopende aandag verg

Die WKOD het 'n onderwysbestuursinligtings(OBIS)-stelsel in plek wat data-insameling- en rapporteringstelsels van institusionele vlak insluit om databestuur en die gehalte van data te verbeter. 'n Reeks verslae is op EduInfoSearch ontwikkel. In baie gevalle is hierdie verslae gebaseer op data wat direk van die SOBIS (leerderopspringstelsel) verkry is. 'n Aantal GIS-verslae is ook ontwikkel.

Die implementering van SOBIS, wat 'n aanlynstelsel is, het beduidende finansiële druk op skole geplaas en befondsing is bewillig om skole finansiël te ondersteun. Om die effektiewe implementering van SOBIS te verseker, is kringbestuurders voorsien van skootrekenaars en rekenaarkaarte. Addisionele rekenaars is ook aangekoop om kontrakpersoneel wat by OBOS'e aangestel is in staat te stel om skole te ondersteun met die opdatering van die SOBIS-inligting.

Alle skole het nie spesifiek die Skooladministrasie- en Bestuurstelsel (SABS) in plek nie, maar alle skole het SOBIS in plek. Die WKOD het goedkeuring verkry van DvO om 'n koppeling tussen SOBIS en Skooladministrasiestelsels (SABS) te bewerkstellig. Met behulp van Cel, is die dienste van 'n ontleder verkry om te begin met die implementering van 'n koppeling tussen SOBIS en SASABS. Die stelselontleder se ontleding is in die eerste kwartaal van 2007 voltooi, terwyl die ontwikkeling van die integrasie teen die einde van die 2007-akademiese jaar goed op dreef behoort te wees. Hierdie verwikkeling sal lei tot 'n integrasie van SASABS met SOBIS. 'n Haalbaarheidstudie oor die integrasie van SOBIS in die VOO-sektor word tans onderneem. Die studie word in twee fases gedoen. Fase 1 is in November/Desember 2006 gedoen en 'n verslag is in Januarie 2007 beskikbaar gestel. Fase 2 het in Januarie 2007 'n aanvang geneem en behoort teen Julie 2007 afgehandel te wees.

Die integrasie van die verskillende gehalteversekerings- en aanspreeklikheidsmaatreëls is 'n ernstige uitdaging vir die WKOD. Dit is belangrik om te verseker dat hierdie maatreëls aanleiding gee tot verbeterde onderrig en leer en nie op sigself as doelwitte beskou word nie.

Die verbetering van alle aspekte van finansiële bestuur en rekenkundige verantwoordelikhede in 'n poging om te beweeg in die rigting van 'n Vlak 4-ouditeerbare organisasie bly 'n groot uitdaging.

Kwessies wat deurlopende aandag vereis, sluit in –

- Kapasiteitsbou by onderwysinrigtings om te verseker dat daar aan voorskrifte voldoen word.
- Verbetering van onderwysinrigtings betreffende finansiële outonomie en administrasie.

## 9.2 Program 2: Openbare Gewoneskoolonderwys

### Programdoelwitte

Om openbare gewone onderwys van graad 1 tot 12 te voorsien ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet, 1996.

Die Openbare Gewoneskoolonderwysprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

#### *Openbare primêre skole*

- om spesifieke openbare primêre gewone skole te voorsien van hulpbronne benodig vir die graad 1 tot 7-fase

#### *Openbare sekondêre skole*

- om spesifieke openbare sekondêre gewone skole te voorsien van hulpbronne benodig vir die graad 8 tot 12-fase

#### *Professionele dienste*

- om opvoeders en leerders in openbare gewone skole te voorsien van departementeel bestuurde ondersteuningsdienste

#### *Menslikehulpbronontwikkeling*

- om voorsiening te maak vir die professionele en ander vorme van ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoederpersoneel in openbare gewone skole

#### *Nasionale skoolvoedingsprogram*

- om geïdentifiseerde arm en honger leerders in openbare gewone skole te voorsien van die minimum voedsel wat hulle nodig sal hê om op skool effektief te kan leer

### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Program 2: Openbare Gewoneskoolonderwys:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
<b>Toegang</b>	▲ Om toegang te bied tot die openbare gewoneskoolstelsel in ooreenstemming met beleid.	▶ PM201: Persentasie leerderdae deur die voedingsprogram gedek
<b>Toereikendheid</b>	▲ Om die basiese infrastruktuur vir openbare gewone skole in plek te stel ingevolge beleid.  ▲ Om toereikende menslike hulpbronne in openbare gewone skole te voorsien.  ▲ Om toereikende Leerderonderwyser-ondersteuningsmateriaal aan openbare gewone skole te voorsien.	▶ PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening ▶ PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit ▶ PM205: Persentasie skole met ten minste twee funksionele toilette ▶ PM206: Besteding op onderhoud as 'n persentasie van die waarde van die skool se infrastruktuur  ▶ PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas  ▶ PM208: Persentasie van nie-Artikel 21-skole met alle LOOM's en ander vereiste materiaal afgelewer op dag een van die skooljaar
<b>Doeltreffendheid</b>	▲ Om effektiewe en doeltreffende self-bestuur by openbare gewone skole teweeg te bring.  ▲ Om 'n kultuur van effektiewe leer en onderrig in openbare gewone te kweek.	▶ PM209: Persentasie skole met Artikel 21-status  ▶ PM210: Persentasie werksdae verloor as gevolg van opvoeder absenteïsme in openbare gewone skole ▶ PM211: Persentasie leerderdae verloor as gevolg van leerder absenteïsme in openbare gewone skole



Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Subprogram 2.1: openbare primêre skole:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
<b>Billikheid</b>	▲ Om die gaping tussen die onderwysuitkomstes van die histories benadeeldes en bevoordeeldes in openbare primêre skole op te hef.	▶ PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot graad 3
<b>Doeltreffendheid</b>	▲ Om te verseker dat die progressie van leerders deur openbare primêre skole optimaal is.	▶ PM213: Herhaalsyfer in graad 1 tot 7
<b>Gehalte</b>	▲ Om die hoogs moontlike onderwysuitkomstes onder leerders in openbare primêre skole te bereik.	▶ PM214: Persentasie leerders wat aanvaarbare uitkomstes in gesyferdheid en geletterdheid bereik ▶ PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomstes in wiskunde, geletterdheid en natuurwetenskappe bereik

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Subprogram 2.2: openbare sekondêre skole:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
<b>Billikheid</b>	▲ Om die deelname van histories gemarginaliseerde groepe leerders in openbare gewone skole te bevorder.  ▲ Om die gaping tussen onderwysuitkomstes van die histories bevoordeeldes en benadeeldes in openbare sekondêre skole op te hef.	▶ PM216: Persentasie meisieleerders wat wiskunde en wetenskap in graad 10 tot 12 aanbied  ▶ PM217: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole ten opsigte van die graad 12-slaagsyfer
<b>Doeltreffendheid</b>	▲ Om te verseker dat die progressie van leerders deur openbare sekondêre skole optimaal is.	▶ PM218: Herhaalsyfer in graad 8 tot 12
<b>Uitset</b>	▲ Om te verseker dat 'n toereikende deel van die bevolking graad 12 bereik, veral met slaagsyfers in wiskunde en wetenskap.	▶ PM219: Slaagverhouding in graad 12-eksamens ▶ PM220: Slaagverhouding in graad 12 vir wiskunde- en wetenskap eksamens ▶ PPM201: Vrstellingsyfer in graad 12-eksamens ▶ PPM202: Slaagsyfer in graad 12 vir wiskunde en wetenskap ▶ PPM203: Aantal skole wat minder as 60% in graad 12 behaal
<b>Gehalte</b>	▲ Om die hoogs moontlike onderwysuitkomstes onder leerders in openbare sekondêre skole te bereik.	▶ PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomstes in alle leerareas behaal

### Programbeleidsontwikkelings gedurende 2006/07

Sleutel-programbeleidsontwikkelings het ingesluit -

- Die implementering van die gewysigde Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (NSSB) om te voorsien vir die implementering van 'geen-skoolgeld-status'-skole vir sekere van ons armste skole in 2006.
- Die verbetering van gesyferdheid en geletterdheid, veral in primêre skole en daardeur effektiewe onderrig en leer te verseker. Alle graad 3-leerders is in 2006 in geletterdheid en gesyferdheid getoets en die Onderwyserassistentprojek (OAP) is geloods met die ontplooiing van 510 onderrigassistentie in die grondslagfase in die armste skole.
- Die implementering van die nuwe Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), veral ten opsigte van die verdere onderwys- en opleidings (VOO)-band, wat in 2006 met graad 10 begin het.

- Die verbetering en voorsiening van onderwysinfrastruktuur in die lig van die toenemende infrastruktureise om bestaande agterstande in te haal en ook om aan nuwe eise te voldoen in die lig van 'n deurlopende menslike nedersettingsprogram.
- Die verbetering van skoolveiligheid.
- Die ontwikkeling van Menslike Kapitaal binne die WKOD met 'n spesiale fokus op onderwysers (deurlopende en versnelde onderwyserontwikkeling) deur te verseker dat hulle maksimum impak maak en aanspreeklik gehou word ingevolge die Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel (GGBS).
- Die uitbreiding van deelnamesyfers aan Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Tegnologie deur die verhoging in die aantal Dinaledi-skole. Die 28 fokusskole vir Kuns en Kultuur, Besigheid, Handel en Bestuur, en Ingenieurswese en Tegnologie ontvang steeds ondersteuning om kurrikulumregstelling aan voorheen benadeelde leerders te voorsien as deel van 'n driejarige program om hulle op standaard te kry as skole van uitnemendheid.

ST201	OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS – Sleutelneigings				
	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik	
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>					
2.1 Openbare primêre skole	2,722,031	2,981,194	3,246,205	3,119,550	
2.2 Openbare sekondêre skole	1,845,868	2,139,444	2,299,094	2,245,798	
2.3 Professionele dienste	165,385	166,918	189,683	199,240	
2.4 Menslikehulpbronnontwikkeling	3,186	11,665	13,047	13,104	
2.5 Voorwaardelike toekennings	36,191	49,337	48,313	45,958	
Totaal	<b>4,772,661</b>	<b>5,348,558</b>	<b>5,796,342</b>	<b>5,623,650</b>	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
Huidige betaling	4,386,315	4,734,420	5,269,025	5,067,372	
Kompensasie van werknemers	3,974,198	4,326,839	4,699,054	4,573,712	
Opvoeders	3,585,008	3,903,115	4,238,879	4,116,341	
Nie-opvoederpersoneel	389,190	423,724	460,175	457,371	
Goedere en dienste en ander deurlopende uitgawes	412,117	407,581	569,971	493,660	
Oordragbetalings en subsidies	257,847	343,085	278,246	332,292	
Betalings vir kapitale bates	128,499	271,053	249,071	223,986	
<b>TOTAAL</b>	<b>4,772,661</b>	<b>5,348,558</b>	<b>5,796,342</b>	<b>5,623,650</b>	
<b>DOELTREFFENDHEIDSTATISTIEK</b>					
Leeders (a)	921,176	920,812	933 969	914,543	
Totale maandelike aantal leerderdae per leerder (b)	205	205	205	195	
Totale aantal leerderdae verloor as gevolg van afwesigheid (c)	Hierdie statistiek kan tans nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Dit word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms van die kwartaallikse verslae van skole verkry sal word.				
Aantal opvoeders (in openbare diens)	27,098	27,309	27,458	27,748	
Aantal opvoeders (in openbare diens) Prim & Sek (d)	26,482	26,693	26 842	27,066	
Aantal opvoeders (in openbare diens) (Beheer)	616	616	616	682	
Aantal permanente opvoeders wat openbare gewone skole verlaat het (e)	844	1,007	-	883	
Slytingsfer vir permanente opvoeders (e/d)	3%	4%	-	3%	

ST201	OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS - Sleutelneigings (vervolg)				
	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik	
<b>INKLUSIEWE ONDERWYS-STATISTIEK</b>					
Totale aantal maontlike werkdae per opvoeder (f)	205	205	205	199	
Totale aantal werkdae verloor weens opvoederafwesigheid (g)	Historiese data nie beskikbaar		236,612	336,647	
Nie-artikel 21-skole wat LOOM teen dag een van die skooljaar ontvang (h)	753	602	574	516	
Leerders met hoëvlak- spesiale behoeftes in openbare gewone skole (i)	Hierdie statistiek kan tans nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Dit word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms deur die SOBIS-verslae van skole verkry sal word.				
<b>SKOOLVOEDINGSTATISTIEK</b>					
Leerders wat baatvind by die skoolvoedingsprogram (j)	152,839	156,617	204 000	203,535	
Programmbereik in terme van gemiddelde dae per leerder (k)	170	170	170	170	
<b>LEERDERVERVOERSTATISTIEK</b>					
Leerders wat baatvind by leerdervervoer (l)	45,731	46,700	46,700	46,700	
<b>► PRESTASIEMAATREËLS</b>					
► PM201: Persentasie leerderdae gedek deur die voedingsprogram ((j x k) / (a x b))	13.7%	14.1%	18.1%	19.4%	
► PM202: Persentasie leerders met spesiale behoeftes in openbare gewone skole (i / a)	Hierdie PM kan tans nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Dit word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms uit die SOBIS-verslae van skole verkry sal word.				
► PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening	99%	100%	100%	100%	
► PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit	99%	100%	100%	100%	
► PM205: Aantal skole met toereikende hoeveelheid funksionele toilette	Historiese data nie beskikbaar	11%	11.2%	11.7%	
► PM206: Besteding op onderhoud as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur	1.0%	0.7%	-*	0.8%	
► PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	
► PM208: Persentasie nie-Artikel 21-skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal afgelewer op dag een van die skooljaar	100%	100%	65.5%	100%	

ST201	OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS – Sleutelneigings (vervolg)				
	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik	
<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ PM209: Persentasie skole met Artikel 21-funksies</li> <li>▶ PM210: Persentasie werkdae verloor weens opvoederafwesigheid in openbare gewone skole ((g / (d x f))</li> <li>▶ PM211: Persentasie leerderdae verloor wens leerderafwesigheid in openbare gewone skole (c / (a x b))</li> </ul>	48.0%	58.6%	59.1%	64.3%	
	Historiese data nie beskikbaar		4.2%	6.3%	
<p>Hiedie PM kan tans nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Dit word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms verkry sal word deur kwartaallike verslae van skole.</p>					
<p><b>Bronne:</b> Provinsiale Begrotingsrede (2007).  <b>Let wel:</b> Die aantal skole met watervoorsiening en elektrisiteit (gebruik vir PM203 en PM204) is vervat in die tabelle oor primêre en sekondêre skole.  <b>Let wel:</b> * - Ten tyde van die finalisering van die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) in Maart 2006, was die definisies en formules vir die bepaling en berekening van die teikens vir die spesifieke Prestasiemaatreefs gelys, soos voorsien in die nasionale Departement van Onderwys (DvO)-riglyne van 25 November 2005 nog nie gefinaliseer deur die DvO nie. Geen teikens kon dus bepaal word nie. Die definisies en formules het sedertdien (20 September 2006) beskikbaar geword en dus sal die werklike prestasies nou bepaal en bereken kan word.</p>					

ST202	OPENBARE PRIMêRE SKOLE – Sleutelneigings	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
	Huidige betaling	2,528,721	2,690,480	2,998,377	2,819,522
	Kompensasie van werknemers	2,301,283	2,499,115	2,747,294	2,625,088
	Opvoeders	2,101,279	2,281,917	2,500,038	2,388,830
	Nie-opvoederpersoneel	200,004	217,198	247,256	236,258
	Goedere en dienste en ander lopende uitgawes	227,438	191,365	251,083	194,434
	Oordragbetalings en subsidies	116,300	174,582	149,221	182,005
	Betalings vir kapitale bates	77,010	116,132	98,607	118,023
	<b>TOTAAL</b>	<b>2,722,031</b>	<b>2,981,194</b>	<b>3,246,205</b>	<b>3,119,550</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
	Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)	16 317	16 441	16 539	16 445
	Aantal Nie-opvoederpersoneel (in openbare diens)	3,577	3,608	3 629	3,432
<b>INSKRYWING</b>					
	Leerders in openbare primêre skole (b)	582 753	572 328	578 395	582,566
	L:O-verhouding in openbare primêre skole (b/a)	35.7	34.8	35	35.4
	Leerders graad 1 tot graad 7 (c)	582,682	572,328	578 395	576,910
	van wie gestremde leerders	Hierdie statistiek kan tans nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Dit word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms deur die SOBIS-verslae van skole verkry sal word.			
	van wie vroulik	286,729	281,609	-	284,538
	Geslagsgelykheidsindeks	0.94	0.94	-	0.95
<b>INRIGTINGS &amp; INFRASTRUKTUUR</b>					
	Skole	1,107	1,108	1 105	1,095
	Aantal skole met SASW-Artikel 21-funksies	517	643	643	709
	Aantal skole verklaar tot geen-skoolgeld-skole	0	0	-	547
	Aantal skole met watervoorsiening	1,100	1,108	1 105	1,095
	Aantal skole met elektrisiteit	1,093	1,108	1 105	1,095
	Aantal skole met toereikende aantal funksionele toilette	Historiese data nie beskikbaar			
	Claskamers (d)	20,078	20,197	20,433	20,433

ST202	OPENBARE PRIMêRE SKOLE – Sleutelneigings	2004/05 Werklik	2005/06 Weklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
Leerder:klaskamer-verhouding (b/d)		29,0	28,3	28,3	28,5
Skole met meer as 40 leerders per klas		0	0	0	0
<b>BESTEDING OP ONDERHOUD (R'000)</b>					
Besteding op skoolonderhoud		70,425	52,667	58,000	55,121
Vervangingswaarde van alle onroerende skoolinfrastruktuur (R'000)		7,200,000	8,000,000	-	8,000,000
<b>UITSET - EN DOELTREFFENDHEIDSTATISTIEK</b>					
Aantal graad 3-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê* (e)		34,487	Toetsing slegs een keer elke 2de jaar	82,336	82,879
Aantal graad 3-leerders wat aanvaarbare uitkomstes bereik * (f)		Geletterdheid: 13,622 Geswyferdheid: 12,864		41,168	Geletterdheid: 39,533 Geswyferdheid: 25,692
Aantal graad 6-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê ** (g)		Toetsing slegs elke 2de jaar	31,726	Toetsing slegs elke 2de jaar	
Aantal graad 6-leerders wat aanvaarbare uitkomstes bereik ** (h)			Gelet: 13,357 Geswyf: 5,457		
Aantal graad 1 - tot 7-leerders wat hul graad herhaal (i)		Sien nota onder Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies rakende herhalers wat deurlopende aandag vereis			
<b>▶ PRESTASIEMAATREËLS</b>					
▶ PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot graad 3 *		Geletterdheid: 0.249 Geswyferdheid: 0.162	Toetsing slegs elke 2de jaar	62%	Geletterdheid: 0.375 Geswyferdheid: 0.174
▶ PM213: Herhaalsyfer in graad 1 tot 7 (i/c)		Sien nota onder Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies rakende herhalers wat deurlopende aandag vereis			
▶ PM214: Persentasie leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomstes in geswyferdheid, geletterdheid en lewensvaardighede bereik. * (f/e)		Geletterdheid: 39,5% Geswyferdheid: 37,3%	Toetsing slegs een keer elke 2de jaar	50%	Geletterdheid: 47,7% Geswyferdheid: 31,0%
▶ PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomstes in geswyferdheid, geletterdheid en lewensvaardighede bereik ** (h/g)		Toetsings slegs een keer elke 2de jaar	Gelet: 42,1% Geswyf: 17,2%	Toetsing slegs een keer elke 2de jaar	

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelineigings	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
	Huidige betaling	1,705,020	1,844,405	2,039,841	2,022,613
	Kompensasie van werknemers	1,551,268	1,696,412	1,809,472	1,806,391
	Opvoeders	1,394,249	1,524,702	1,628,525	1,625,752
	Nie-opvoederpersoneel	157,019	171,710	180,947	180,639
	Goedere en dienste en ander lopende uitgawes	153,752	147,993	230,369	216,222
	Oordragbetalings en subsidies	89,690	140,592	109,452	120,336
	Betaling vir kapitale bates	51,158	154,447	149,801	102,849
	<b>TOTAAL</b>	<b>1,845,868</b>	<b>2,139,444</b>	<b>2,299,094</b>	<b>2,245,798</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
	Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)	10,165	10,252	10 303	10,621
	Aantal Nie-opvoederpersoneel	2,631	2,653	2 667	2,505
<b>INSKRYWING</b>					
	Leerders in openbare sekondêre skole (b)	338,423	348,484	355 574	330,790
	L:O-vehouding in openbare sekondêre skole (b/a)	33.3	34.0	34.5	31.1
	Leerders graad 8 tot graad 12 (c)	339,561	348,484	355 574	337,633
	van wie gestremde leerders	Hierdie statistiek kan tans nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Dit word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms van die SOBIS-verslae van skole verkry sal word.			
	van wie vroulik (d)	181,385	186,107	177 787	179,685
	Geslagsgelykheidsindeks	1.1	1.1	1.0	1.1
	Vroulike leerders in graad 8 tot 12 wat beide wiskunde en wetenskap aanbied (e)	Historiese data nie beskikbaar			
<b>INRICHTINGS &amp; INFRASTRUKTUUR</b>					
	Skole	340	345	346	357
	Aantal skole met SASW-Artikel 21-funksies	177	208	214	225
	Aantal skole tot geen-skoolgeld-skole verklaar	0	0	-	105
	Aantal skole met watervoorsiening	337	345	346	357
	Aantal skole met elektrisiteit	337	345	346	357
	Aantal skole met toereikende hoeveelheid funksionele toilette	Historiese data nie beskikbaar	47	47	7



ST203	OPENBARE SEKONDêRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)					
	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik	2006/07 Werklik	
Aantal skole met 'n wetenskaplaboratorium	309	314	318	318	318	
Klaskamers (f)	10,711	10,825	11,056	11,056	10,960	
Leerder:klaskamer-verhouding (b/f)	31.6	32.2	32.2	32.2	30.2	
Skole met meer as 40 leerders per klas	0	0	0	0	0	
<b>BESTEDING OP ONDERHOUD (R'000)</b>						
Besteding op skoolonderhoud	35,212	26,333	39,150	39,150	42,721	
Vervangingswaarde van alle onroerende skoolinfrastruktuur (R'000)	3,600,000	4,000,000	-	-	4,000,000	
<b>UITSET- EN DOELTREFFENDHEIDSTATISIEK</b>						
Aantal graad 9-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê (g)	78,964	82,169	83,812	83,812	78,584	
Aantal graad 9-leerders wat aanvaarbare uitkomstes bereik (h)	60,013	64,092	67,050	67,050	65,291	
Aantal graad 8- tot 12-leerders wat hul graad herhaal (i)	Sien nota onder Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies rakende herhalers wat deurlopende aandag vereis					
Bevolking ouderdom 18 jaar (j)	89,249	83,524	89,249	89,249	84,605	
Aantal leerders wat SS-eksamens aflê (k)	38,886	38,586	39,371	39,371	39,824	
Aantal leerders wat SS-eksamens slaag (l)	33,066	32,573	34,647	34,647	33,316	
Aantal leerders wat met vrystelling slaag	10,524	10,394	11,056	11,056	10,589	
SS-slaagsyfer (lk)	85.0%	84.4%	88.0%	88.0%	83.7%	
Aantal SS-kandidate wat beide wiskunde en wetenskap slaag (m)	Historiese data nie beskikbaar					
Aantal skole wat SS-eksamens aflê	386	389	389	389	396	
Aantal skole met 'n SS-slaagsyfer laer as 40%	14	9	-	-	6	
SS-slaagsyfer van kwintiel 1-skole (n)	67.8%	69.5%	74.5%	74.5%	77.1%	
SS-slaagsyfer van kwintiel 5-skole (o)	98.3%	98.1%	98.5%	98.5%	98.7%	

ST203	OPENBARE SEKONDêRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)				
	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik	
<b>► PRESTASIEMAATREËLS</b>					
► PM216: Persentasie meisleerders wat wiskunde en Wetenskap in graad 10 tot 12 aanbied (e/d)	Historiese data nie beskikbaar		.*	14.1%	
► PM217: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole ten opsigte van die graad 12-slaagsyfer (n/o)	0.69	0.71	0.76	0.78	
► PM218: Herhaalsyfer in graad 8 tot 12 (i/c)	Sien nota onder Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies rakende herhalers wat deurlopende aandag vereis				
► PM219: Slaagverhouding in graad 12-eksamens (i/j)	37%	39%	38.8%	39.4%	
► PM220: Slaagverhouding in graad 12 vir wiskunde en wetenskap (m/j)	Historiese data nie beskikbaar	11.6%	11%	11.2%	
► PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomstes bereik (h/g)	76%	78%	80%	83.1%	
<b>Let wel: *</b> - Ten tyde van die finalisering van die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) in Maart 2006, was die definisies en formules vir die bepaling en berekening van die teikens vir die spesifieke Prestasiemaatreëls gelys, soos voorsien in die nasionale Departement van Onderwys (DVO)-riglyne van 25 November 2005, nog nie deur die DVO gefinaliseer nie. Geen teikens kon dus bepaal word nie. Die definisies en formules het egter sedertdien (20 September 2006) beskikbaar geword en dus sal die werklike prestasies nou bepaal en bereken kan word.					

## Spesifieke uitdaging en reaksies en kwessies wat deurlopende aandag vereis

### Prestasiedata

Daar bestaan nog 'n aantal inligtingsgapings wat in die insameling van sommige van die prestasiedata gebruik moet word. Die redes hiervoor sluit in:

- Die Departement het nie die operasionele stelsels in plek om die inligting oor die leerderdae verloor weens afwesigheid in te win nie. 'n Proses is nou in plek gestel om hierdie inligting in die toekoms te verkry deur kwartaallikste verslae van skole.
- Die inligting oor leerders met hoëvlak- spesiale behoeftes in openbare gewone skole kan nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar was nie. Dit word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms uit die SOBIS-verslae van skole verkry sal word.
- Die WKOD het histories drie maande in die volgende akademiese jaar die inligting oor herhalers in gemiddelde formaat van skole verkry. Oudits wat by geselekteerde skole gedoen is, het egter getoon dat hierdie inligting nie altyd akkuraat was nie. Die leerderopsporingstelsel is in 2006 geïmplementeer en die 2006-skooljaar is beskou as 'n loodsjaar ten einde die tandekryprobleme te hanteer. 'n Aanlynpromosieproses is in 2006 suksesvol voltooi, sowel as 'n aanlyn-Kitsopname in 2007. In die volgende verslag sal die departement in staat wees om verslag te lewer oor die herhalers in die provinsie sowel as oor leerders wat in die 2007-akademiese jaar uitgesak het.

Die rede vir die verlore dae weens opvoederafwesigheid wat die teiken oorskry is dat alle verlof in ag geneem is, ongeag of die opvoeder met 'n geskikte opvoeder vervang is of nie. Die Prestasiemaatreël is bedoel om slegs die aantal opvoederwerkdae wat verloor is te meet met inagneming van enige afwesigheid van opvoeders van skole, om enige rede, waar daar geen plaasvervangeropvoeders was nie.

Die rede vir die werklike leerdergetalle wat laer is as die teiken, of selfs die vorige jare se leerdergetalle, is dat daar vir die eerste keer van SOBIS (leerderopsporingstelsel)-getalle gebruik gemaak is en nie getalle van die Jaarlikse of Kitsopnames nie. Inligting oor leerdergetalle sal verkry word van die SOBIS-verslae wat op 'n daaglikse basis van skole verkry word.

Die aantal Nie-artikel 21-skole sal afneem weens die toekenning van Artikel 21-funksies aan meer en meer skole. Die rede waarom die werklike uitset laer is as die teiken is daaraan toe te skryf dat meer skole in 2006 Artikel 21-status toegeken is as wat oorspronklik voorsien is.

### MKOS-implementering

- Die aantal leerders in graad 3 en 6 wat nie die uitkomstes vir gesyferdheid en geletterdheid vir hul grade bereik het soos deur die nasionale kurrikulum vereis  
Dit het 'n ontsettende impak gehad op gehalte-uitsette op alle vlakke regdeur die stelsel. Gefokusde geletterdheid- en gesyferdheidstrategieë vir die Grondslagfase en Intermediêre Fase is ingestel.
- Die kennis- en vaardigheidsvlakke van onderwysers: Onderwyseropleiding, om te verseker dat onderwysers oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die nasionale kurrikulum te onderrig en leerderprestasie in alle leerareas te verbeter.
- Tekort aan skoolakkommodasie in sekere areas wat snelle bevolkingsgroei toon en ons onvermoë om ontslae te raak van agterstande te wyte aan finansiële beperkinge. Die toenemende infrastrukturele eise om die bestaande agterstande te takel en ook nuwe eise te hanteer in die lig van 'n voortgaande ewigdurende menslike nedersettingsprogram wat nie toegewese fondse vir skoolinfrastruktuur het nie.
- Die noodsaak om veilige skoolomgewings te verseker en om skole as heilige plekke van onderrig en leer in ons gemeenskappe te posisioneer.
- Toenemende druk om leerdervoer te voorsien vir daardie hoofsaaklik landelike leerders wat meer as 5 km van die naaste skool woon - binne ons huidige beleid
- Implementering van ontwikkelings- en herstelprogramme vir leerders wat uitdagende gedrag toon in skole, en voortgesette kapasiteitsbou van opvoeders ten einde skooldisipline te verbeter.

## Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)

- Die monitering van die lewering van kombuistoerusting is 'n omvangryke en moeisame proses, wat aansienlike tyd verg, in die lig daarvan dat slegs twee amptenare per OBOS ongeveer 200 skole moet besoek.
- Groot getalle geteikende primêre en spesiale skole het begin met die voorbereiding van gekookte maaltye. Die nodige opleiding is voorsien en NSVP-amptenare het skole ondersteun wat daarmee begin het. Hierdie proses het tot dusver suksesvol verloop.
- Vandalisme het 'n negatiewe uitwerking gehad op die entoesiasme van opvoeders wat besorgd is oor die ontwikkeling van voedseltuine. NSVP-amptenare het die monitering van die lewering van kombuistoerusting onderneem binne die beperkinge van die beskikbare tyd en menslike hulpbronne. Formele vorderingsverslae is versoek van diensverskaffers en NSVP-programkoördineerders by OBOS'e om vordering in hierdie verband te meet.

### Ander kwessies wat deurlopende aandag vereis, sluit in –

- 'n Strategie vir die aanmoediging van positiewe gedrag en reaksie op uitdagende gedrag in openbare skole: Die doel van die strategie is tweeledig: In die eerste plek moet dit 'n konseptuele raamwerk en operasionele riglyne bied om positiewe gedrag aan te moedig en, tweedens, moet dit strategieë identifiseer en meganismes voorsien om effektief te reageer op uitdagende gedrag in skole. Ten einde hierdie doel te bereik, sal die strategie ten doel hê om (a) die terugreis van skoolomgewings in 'n inklusiewe onderwysstelsel te bevorder, (b) om 'n sterk ontwikkelings- en herstellende benadering tot uitdagende gedrag aan te wend, en (c) om die kapasiteit van opvoeders te bou ten einde op 'n ontwikkelings- en herstellende wyse op uitdagende leerders te reageer en om gehalte- en effektiewe onderwysprogramme en -dienste aan risikoblootgestelde leerders te verseker.
- Identifisering van disfunksionele skole: Multifunksionele spanne identifiseer die probleme wat hierdie skole ervaar en ontwerp 'n strategie om die probleme onder die leiding van 'n projekleier te takel; waar nodig word die ondersteuning van buite-organisasies verkry, departementele opleidingsprogramme word vir die skool aangebied; voortgesette mislukking kan lei tot mentorkap/kuratorskap van hierdie skole; indien mislukking voortduur, kan hersamestelling van die skool toegepas word.
- Multigraad-intervensie: Om skole wat meer as een graad per klas onderrig met onderrigmetodes te ondersteun; klem word geplaas op die benutting van IKT om effektiewe multigraad-onderrig te ondersteun.
- Vroeë-inskrywingsveldtog: Moedig skole aan om vroeg in die jaar te begin met die proses om leerders in te skryf vir finalisering teen die einde van die jaar; voltooiing van tydroosters en nominasies vir aanstelling van onderwysers sodat skole op die eerste dag van die nuwe skooljaar met onderrig kan begin, Identifisering van "warm kolle" met betrekking tot akkommodasie sodat gebeurlikheidsplanne in plek gestel kan word.
- Inklusiewe onderwys word geïmplementeer in lyn met Onderwys-Witskrif 6: Die ontwikkeling van 'n inklusiewe en geïntegreerde onderwys- en opleidingstelsel behels die versterking van spesiale skole om as hulpbronsentrums te dien, die ontwikkeling van hoofstroomskole tot volledige diensskole en die ontwikkeling van ondersteuningspanne op inrigtingsvlak, asook distrikgebaseerde ondersteuningspanne. Die proses word tans aan veldondersoeke onderwerp ten einde die Nasionale DvO in staat te stel om norme en standaarde vir begroting, posvoorsiening en organisering van die lewering van ondersteuning binne 'n inklusiewe konteks te bepaal.
- Die OBOS en hul verskillende strukture besoek alle onderwysinrigtings en help hulle met kapasiteitsbou ten opsigte van verskillende scenario's en aksies wat uitgevoer moet word, bv. die aanstelling van nuwe beheerliggame, finansiële sake, kurrikulum, ens.

### 9.3 Program 3: Subsidies aan onafhanklike skole

#### Programdoelwit

Om onafhanklike skole te ondersteun ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996.

**Die Subsidieprogram vir Onafhanklike skole bestaan uit die volgende subprogramme:**

#### *Primêre fase*

- o om onafhanklike skole in die graad 1 tot 7-fase te ondersteun

#### *Sekondêre fase*

- o om onafhanklike skole in die graad 8 tot 12-fase te ondersteun

#### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Program 3: Onafhanklike Skool-subsidies:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Gehalte	▲ Om te verseker dat gehalte-onderwys in onafhanklike skole plaasvind	▶ PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole vir moniteringsdoeleindes besoek

#### Programbeleidsontwikkelings gedurende 2006/07

Alle onafhanklike skole wat by die WKOD geregistreer is en voldoen aan die subsidievoorwaardes soos uiteengesit in die Nasionale Norme en Standaard vir Skoolbefondsing kom in aanmerking vir vir befondsing deur die Departement. Subsidies word toegeken in verhouding tot die vlak van skoolgeld wat deur 'n onafhanklike skool gehef word. Sodanige skole wat die laagste skoolgeld hef kwalifiseer vir die hoogste subsidievlak, wat gelyk is aan 60% van die provinsiale gemiddelde koste per leerder in 'n openbare gewone skool.

Daar is tans 205 geregistreerde onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie skole akkommodeer 'n reeks leerders uit verskillende sosio-ekonomiese agtergronde en is belangrike en gewaardeerde vennote in onderwysvoorsiening in die provinsie.

Gedurende die 2006/07-finansiële jaar het die WKOD subsidies aan 87 onafhanklike skole in die Wes-Kaap voorsien. Hierdie onafhanklike skole bied leergeleenthede aan benadeelde leerders in die provinsie.

ST301	SUBSIDIES AAN ONAFHANKLIKE SKOLE – Sleutelneigings	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>					
3.1 Primêre fase		15,673	17,432	19,270	15,902
3.2 Sekondêre fase		14,088	15,013	14,857	18,357
<b>TOTAAL</b>		<b>29,761</b>	<b>32,445</b>	<b>34,127</b>	<b>34,259</b>
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
Huidige betaling		-	-	-	-
Kompensasie van werknemers		-	-	-	-
Goedere en dienste en ander lopende uitgawes		-	-	-	-
Oordragbetalings en subsidies		29,761	32,445	34,127	34,259
Betalings vir kapitale bates		-	-	-	-
<b>TOTAAL</b>		<b>29,761</b>	<b>32,445</b>	<b>34,127</b>	<b>34,259</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
Aantal Opvoeders (in openbare diens)		-	-	-	-
<b>INSKRYWING</b>					
Leiders in onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang		16,747	16,837	17,006	17,964
3.1 Primêre fase		10,973	11,177	11,289	11,843
3.2 Sekondêre fase		5,774	5,660	5,717	6,121
Leiders in nie-gesubsidieerde onafhanklike skole		Historiese data nie beskikbaar		-	6,170
Graad 1 tot 7		Hierdie statistiek kan tans nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie.			
Graad 8 tot 12		Hierdie inligting sal deur OBIS verkry word deur die Jaarlikse Skoleopname.			
<b>TOTAAL (alle leiders aan onafhanklike skole)</b>		<b>16,747</b>	<b>16,837</b>	<b>17,006</b>	<b>24,134</b>
<b>INRIGTINGS</b>					
Skole wat 'n subsidie ontvang		75	81	81	87
3.1 Primêre fase		55	60	60	65
3.2 Sekondêre fase		20	21	21	22
Skole wat nie 'n subsidie ontvang nie		100	104	104	118
<b>TOTAAL</b>		<b>175</b>	<b>185</b>	<b>185</b>	<b>205</b>
Gesubsidieerde skole wat gedurende die jaar vir moniteringsdoeleindes besoek is (b)		-	-	41	0
<b>► PRESTASIEMAATREël</b>					
► PM301: Persentasie van befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is (b/a)		-	-	50.6%	0%

## **Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies wat deurlopende aandag vereis**

Terwyl die Grondwet stipuleer dat enigeen 'n onafhanklike skool mag vestig, is dit verpligtend dat die WKOD verseker dat die grondwetlike regte van die kind om gehalte-onderwys in 'n veilige omgewing te ontvang, beskerm word. Gedurende die registrasieproses word spesifiek gefokus op nakoming van die uitkomstes van die Nasionale Kurrikulumverklaring, kwalifikasies van die onderwysers en gesondheid- en veiligheidskwessies.

Die aantal onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang het verhoog van 81 in 2005/06 tot 87 in 2006/07 en die aantal geregistreerde onafhanklike skole het gedurende dieselfde periode van 185 tot 205 toegeneem.

Ten einde te verseker dat gehalte-onderwys in onafhanklike skole plaasvind, was dit die bedoeling om jaarliks minstens 50% van die gesubsidieerde skole te besoek. Weens personeelbeperkinge kon geeneen van hierdie skole egter gedurende 2006 besoek word nie. Die WKOD is in die proses om te verseker dat minstens 50% van die gesubsidieerde skole in die toekoms jaarliks besoek word.

Skole word sorgvuldig gemonitor om te verseker dat hulle gehalte-onderwys en -leer aanbied. Die deurvoer en uitsette van onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang word sorgvuldig gemonitor en jaarliks ontleed. Subsidies kan dienooreenkomstig aangepas word. 'n Paar onafhanklike skole het egter baie swak rekords wat betref die sistemiese toetsing van graad 3- en 6-vlakke en in graad 12. Hulle vaar gemiddeld ver bo die provinsiale gemiddelde ten opsigte van sowel slaagsyfers as vrystellings. Drie skole het spesiale aandag geniet en het beduidende verbetering in hul matriekuitslae vir 2006 getoon.

## 9.4 Program 4: Openbare spesialeskoolonderwys

### Programdoelwit

Om openbare onderwys in spesiale skole te voorsien ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 en Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys.

**Die Openbare spesialeskoolonderwysprogram bestaan uit die volgende subprogramme::**

#### *Skole*

- o om spesifieke openbare spesiale skole van hulpbronne te voorsien

#### *Professionele dienste*

- o om openbare spesiale skole te ondersteun

#### *Menslikehulpbronontwikkeling*

- o om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoederpersoneel in openbare spesiale skole

### Meetbare doelwitte

Die volgende Meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om toegang tot spesiale skole te bied ingevolge beleid en die beginsels van inklusiewe onderwys	▶ PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van verpligte skoolgaande ouderdom nie by onderwysinrigtings ingeskryf nie

### Programbeleidsontwikkelings vir 2006/07

#### Inklusiewe Onderwys (IO)

Ten einde toeganklikheid van leerders wat leerstoornisse ervaar te bevorder, is die rasionalisering van spesiale skole in die provinsie 'n prioriteit. Daarom is deurlopende aandag geskenk aan die versterking en herstrukturering van spesiale skole en gespesialiseerde onderwysondersteuningsdienste om toeganklikheid, billikheid, regstellende inklusiwiteit en gehalte-onderwys te bevorder.

Die versterking van spesiale skole/hulpbronsentrums in lyn met die implementering van Onderwys-Witskrif 6 is krities ten einde gespesialiseerde ondersteuning in hoofstroom- en voldiensskole te bied in samewerking met die distriksgebaseerde ondersteuningsdienste. Hierdie prioriteit is ook gekoppel aan die nasionale Inklusiewe Onderwys-veldondersoekprojek in die drie nodale sones van die provinsie en sluit in die opgradering van kapasiteit om gespesialiseerde dienste vir leerders met hoëvlak-ondersteuningsbehoefte te bied, en opgradering van fisiese fasiliteite van skole om toeganklikheid te verbeter. Hierdie veldondersoek stel DvO in staat om norme en standaarde vir begroting, posvoorsiening en organisering van ondersteuningsdienslewering binne 'n inklusiewe konteks te bepaal.

In lyn met Onderwys-Witskrif 6 is 'n provinsiale inisiatief om die nasionale veldondersoekproses te ondersteun ook in die proses om geïmplementeer te word. OBOS'e is ook besoek met die oog op konsultasie en besprekingsessies met die IO-koördineerder of die IO-koördinerende spanne.

#### Vaardigheidskole

Twee nuwe vaardigheidskole is in OBOS Metropool-Suid gevestig, naamlik Mitchell's Plain Vaardigheidskool in Mitchell's Plain en Siviwe Vaardigheidskool in Gugulethu, ten einde verligting te bring in die groot behoefte aan plasing in vaardigheidskole, veral in hierdie areas.



## **Wes-Kaap Sportskool**

Die Departement van Kultuursake en Sport en die WKOD het gesamentlik die Wes-Kaap Sportskool in Kuilsrivier gevestig. Die skool het op 1 Januarie 2007 met graad 8- en 9-leerders geopen.

## **Hulpbronvoorsiening**

### **Oordragbetalings**

Oordragbetalings sluit in subsidies vir vergoeding van busbestuurders en klasassistente, vervoer, hostelakkommodasie, LOOM, professionele en spesiale dienste en administratiewe kostes.

Oordragbetalings aan spesiale skole word betaal ooreenkomstig die aantal leerders sowel as die leerderverswaring gebaseer op die verskillende leerstoornisse, soos uiteengesit in die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998. Skoolgebaseerde Bestuurspanne by OBOS'e en SBL'e monitor besteding en kwartaalike finansiële verslae word aan die WKOD voorsien. Die skole dien hul geouditeerde state by die WKOD vir monitering en verifiëring in.

'n Bedrag van R 73 247 miljoen is in 2006/07 na die openbare spesiale skole oorgedra en is benut vir die doeltreffende funksionering van die skole.

### **Personeelvoorsiening**

Die opvoederposte toegeken aan spesiale skole word bepaal in terme van die beskikbare poste vir spesiale skole in die posvoorsieningsmandjie. Hierdie poste word bepaal ooreenkomstig die aantal leerders en die verswarings gebaseer op die verskillende leerstoornisse. Terapeutposte word voorsien soos gestipuleer in die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 ooreenkomstig 'n distributiewe model van beskibare poste.

Sedert 2006 ontvang openbare spesiale skole 'n jaarlikse personeeldiensstaat in plaas van die vorige 3-jaar-siklusstelsel. In 2006/07 is alle beskikbare poste aan openbare spesiale skole toegeken.

ST401	OPENBARE SPESIALESKOOLONDERWYS – Sleutelheijings	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>					
4.1 Skole		345,224	366,447	386,038	389,112
4.2 Professionele dienste		0	0	1	0
4.3 Menslikehulpbronnontwikkeling		0	0	1	0
<b>TOTAAL</b>		<b>345,224</b>	<b>366,447</b>	<b>386,040</b>	<b>389,112</b>
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
Huidige betaling		275,434	294,556	309,150	312,419
Kompensasie van werknemers		273,315	291,577	305,235	307,469
Opvoeders		216,114	225,010	235,550	236,750
Nie-opvoederpersoneel		57,201	66,567	69,685	70,719
Goedere en dienste en ander lopende uitgawes		2,119	2,979	3,915	4,950
Oordragbetalings en subsidies		69,790	71,735	76,890	76,489
Betalings vir kapitale bates		0	156	0	204
<b>TOTAAL</b>		<b>345,224</b>	<b>366,447</b>	<b>386,040</b>	<b>389,112</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
Aantal Opvoeders (in openbare diens)		1,480	1,480	1 544	1,538
Aantal Nie-opvoederpersoneel (in openbare diens)		904	905	906	904
<b>INSKRYWING</b>					
Tot en met graad 7		10,791	9,444	-	9,536
Graad 8 en hoër		4,031	4,411	-	4,812
<b>INRIGTINGS &amp; INFRASTRUKTUUR</b>					
Skole		76	70	70	70
<b>► PRESTASIEMAATREËLS</b>					
► PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes tussen 6 en 8 jaar oud wat nie in onderwysinrigtings ingeskryf is nie		Historiese data nie beskikbaar		2%	23.2%*
<p><b>Bron:</b> * StatsSA 2005 Algemene Huishoudelike Opname – Dit is die persentasie gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie by enige onderwysinrigting ingeskryf is nie vergeleke met die totale aantal gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie. Voorheen is die totale aantal gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom nie by enige onderwysinrigting insituitie ingeskryf nie vergelyk met die totale aantal van al die kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie.</p>					

## Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies wat deurlopende aandag vereis

Daar was die afgelope jaar 'n beduidende toename in die aantal verwysings van leerders met leerstoornisse vir plasing in spesiale skole. Die grootste behoefte is vir plasing van leerders in vaardigheidskole. Twee vaardigheidskole, naamlik Mitchell's Plain Vaardigheidskool en Siviwe Vaardigheidskool in Gugulethu in OBOS Metropol-Suid is gevestig om toegang vir hierdie leerders te verbeter. Dit is 'n deurlopende uitdaging om te voorsien in die groot aanvraag na hierdie tipe skole. 'n Verdere twee vaardigheidskole word vir die volgende finansiële jaar beplan om te voorsien in die behoefte van leerders in OBOS Metropol-Oos.

Gespesialiseerde onderwys moet voortgaan om ondersteun te word, aangesien die sektor onderwys bied vir diegene met leerstoornisse, sowel as die leerders wat tradisioneel bekend staan as "begaafde leerders". Die OBOS'e en hul verskillende strukture besoek die spesiale skole en help hulle met kapasiteitsbou rakende sake soos die aanwysing van 'n nuwe beheerliggaam, finansiële sake en implementering van die *IQMS*. Deurlopende intervensies rakende die opleiding van SBS-lede sluit in die bestuur van die kurrikulum, dissipline, vroue in leierskapsposisies, beleidsbestuur, die jongste wetswysigings en ondertekende resolusies.

Ten einde kapasiteit te bou om positiewe leerdergedrag te bou, is meer as 700 persone opgelei as programfasiliteerders in programme soos die *Mapping the Future-Program*, die *Dwelminligtingsprogram* en ander vaardighedsprogramme soos *dwelmerading*, *herstellende onderhoudvoering en familie-groepkonferering*. Ander opleiding wat gedurende 2006/07 ingestel is, was die *Ontwikkelingsassessering van risikoblootgestelde leerders ten einde personeel se kapasiteit te bou in die ontwikkeling van individuele ontwikkelingsprogramme vir leerders*. Die OBOS Weskus/Wynland en die Wellington-Jeugsentrum implementeer tans 'n Diversie-loodsprojek vir leerders aan hoofstroomskole wat uitdagende gedrag manifesteer en verwys word. Alle kringbestuurders is bekend gestel aan die WKOD- *strategie vir die aanmoediging van positiewe gedrag en hantering van uitdagende gedrag* met die klem op die sterktegebaseerde en restoratiewe benadering. Die fokus van hierdie strategie was om 'n paradigmaskuif teweeg te bring vanaf 'n strafbenadering tot 'n restoratiewe benadering.

Ander kwessies wat spesiale aandag vereis, is –

- Beplanning van genoegsame akkommodasie vir leerders wat na jeugsentrums verwys word ingevolge die toepaslike wetgewing, ten einde te verhoed dat jongmense in die gevangenis opgeneem word.
- Implementering van die Minimum standaarde vir spesiale onderwysdienste vir leerders met emosionele en/of gedragsprobleme geniet aandag. Ontwikkelingsgerigte Gehalteversekeringsonderseke is by twee jeugsentrums onderneem ten einde die implementering van die minimum standaarde te monitor en sal deurlopend plaasvind.

## 9.5 Program 5: Verdere onderwys en opleiding

### Programdoelwit

Om VOO by VOO-kolleges te voorsien ingevolge die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998

Die VOO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

#### *Openbare inrigtings*

- o om spesifieke openbare VOO-kolleges van hulpbronne te voorsien

#### *Professionele dienste*

- o om openbare VOO-kolleges te ondersteun

#### *Menslikehulpbronontwikkeling*

- o om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoederpersoneel aan openbare VOO-kolleges

#### *Voorwaardelike toekenning*

- o om voorsiening te maak vir die herkapitalisering in openbare VOO-kolleges

### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Program 5: Verdere Onderwys- en Opleiding.

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om die VOO-kollegesektor uit te brei in terme van die ekonomiese en sosiale behoeftes van die land	▶ PM501: Aantal VOO-kollegestudente relatief tot die jeug in die provinsie
Billikheid	▲ Om die deelname van histories gemarginaliseerde groepe in openbare VOO-inrigtings te bevorder	▶ PM502: Persentasie vroulike studente in tegniese velde
Uitset	▲ Om die suksessyfer in die VOO-kollegesektor te verbeter	▶ PM503: VOO-kollege-deurvoersyfer
Gehalte	▲ Om toepaslike en beantwoordende gehalte-VOO-leergeleenthede te verseker	▶ PM504: Persentasie leerders deur VOO-kolleges in leerlingskappe geplaas

### Programbeleidsontwikkelings gedurende 2006/07

Die herkapitalisering van al 6 VOO-kolleges met 'n fokus op vaardigheidsontwikkeling belyn met die MEOS en nasionale behoeftes, soos uiteengesit in die Nasionale Menslikehulpbronontwikkelingstrategie. Die invoer van 'n Voorwaardelike Toekenning vir die herkapitalisering van die VOO-kolleges befonds hierdie strategie.

Die herkapitalisering van die VOO-kolleges is nou verbonde aan die Implementering van 9 Nasionale Beroepsgeoriënteerde programme. Die toekenning van fondse is voorafbepaal deur die nasionale Departement van Onderwys en het die volgende spesifieke kategorieë gedek waaronder alle besteding volgens voorafgoedgekeurde besigheidsplanne moes plaasvind. Die totale bedrae vir elke kategorie toegeken aan die Wes-Kaapse VOO-kolleges vir die 2006/07-finansiële jaar is:

• Ontwikkeling van Menslike Hulpbronne	R4,2m
• Ontwikkeling van Stelsel en Prosedures	R3,1m
• Opgradering van klaskamers en werksinkels	R33,4m
• Koop/Bou van nuwe klaskamers/werksinkels	R 3m
• Opgradering van kollegepersele	R3,7m
• Aankoop van toerusting vir onderrig/leer	R16,8m
• Kurrikulumontwikkeling	<u>R5,6m</u>
<b>Totaal</b>	<b><u>R70,0m</u></b>

Die voorsiening van leerlingskappe, vakleerlingskappe, internskappe en vaardigheidsprogramme wat gekoppel is aan werksgeleenthede word soos volg verhoog -

- Hou tred met leerders se voltooiing en werkplasing
- Verhoogde aantal leerlingskappe aangebied in areas geïdentifiseer deur MEOS
- Verbeter deurvoer- en voltooiingsyfers
- Pas plasingsinstrumente toe

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING – Sleutelneigings	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
5.1	Openbare inrigtings	152,383	168,186	194,525	201,048
5.2	Professionele dienste	0	0	1	0
5.3	Menslikehulpbronontwikkeling	0	0	1	0
5.4	Voorwaardelike toekennings	0	0	70,000	70,000
<b>TOTAAL</b>		<b>152,383</b>	<b>168,186</b>	<b>264,527</b>	<b>271,048</b>
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
	Huidige betaling	121,977	133,538	154,774	140,010
	Kompensasie van werknemers	121,969	133,538	154,722	139,993
	Opvoeders	101,035	110,618	128,156	116,194
	Nie-opvoederpersoneel	20,934	22,920	26,566	23,799
	Goedere en dienste en ander lopende uitgawes	8	0	52	17
	Oordragbetalings en subsidies	30,406	34,648	109,753	131,038
	Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0
<b>TOTAAL</b>		<b>152,383</b>	<b>168,186</b>	<b>264,527</b>	<b>271,048</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
	Opvoeders	940	1,040	697	1,062
	In poste	733	776	697	767
	Deur kollege in diens geneem	207	264	-	295
	Nie-opvoederpersoneel	777	858	349	815
	In poste	262	253	349	245
	Deur kollege in diens geneem	515	605	-	570
<b>INSKRYWING</b>					
	Voltydse-ekwivalent-studente	19,350	21,000	23 000	21,323
	Studente (indivudeel getel) (a)	49,185	44,296	60 000	53,695
	van wie vroulik	17,707	16,390	27 000	19,151
	van wie vroulike studente in tegniese velde (b)	6,643	6,684	-	7,605
	Studente wat hul programme gedurende die jaar suksesvol voltooi (c)	33,446	31,007	43 200	43,200

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING – Sleutelneigings (vervolg)			
	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Teiken	2006/07 Werklik
<b>STATISTIEK OOR LEERLINGSKAPPE</b>				
Aktiewe leerlingskapoooreenkomst in die provinsie (d)				
Hierdie statistiek kan nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne van aktiewe leerlingskapoooreenkomste in die provinsie tans nie beskikbaar is nie.				
Aantal looreenkomste waarby VOO-kollege as verskaaffer betrokke is (e)				
Historiese data nie beskikbaar				
- 2,378				
<b>▶ PRESTASIEMAATREËLS</b>				
▶ PM501: Persentasie VOO-studente relatief tot die jeug in die provinsie				
	20.4%	17.9%	24.4%	21.4%
▶ PM502: Persentasie vroulike studente in tegniese velde (b/a)				
	38%	41%	*	40%
▶ PM503: VOO-kollege-deurvoersyfer (c/a)				
	68%	70%	72%	80.5%
▶ PM504: Persentasie leerders in leerlingskappe geplaas deur VOO-kolleges (e/d)				
	Hierdie statistiek kan nie gerekenariseer word nie aangesien akkurate databronne van aktiewe leerlingskapoooreenkomste in die provinsie tans nie beskikbaar is nie.			
<b>Let wel:</b> * - Ten tyde van die finalisering van die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) in Maart 2006, was die definisies en formules vir die bepaling en berekening van die teikens vir die spesifieke Prestasieprogramme gelys, soos voorsien in die nasionale Departement van Onderwys (DVO)-riglyne van 25 November 2005, nog nie gefinaliseer deur die DVO nie. Geen teikens kon dus bepaal word nie. Die definisies en formules het sedertdien ((20 September 2006) beskikbaar geword en dus kan die werklike prestasies nou bepaal en bereken word.				

## Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies wat deurlopende aandag vereis

Die groeisyfer van voltydse ekwivalente (VE's) in VOO-kolleges word slegs beperk deur hulpbronne, bv. personeel, toerusting en finansies. Aanduidings is dat teikens bereik sal word aangesien addisionele inskrywings in 2006 aangeteken is. VOO-kolleges bied kursusse aan wat, volgens duur, van 'n paar uur tot jare strek. Leerderinskrywing is dus deurlopend. Geouditeerde VOO's vir die voorafgaande jaar is slegs beskikbaar vanaf April in die daaropvolgende jaar, aangesien dit onderhewig is aan komplekse berekenings en ouditering deur eksterne ouditeure, tesame met die finansiële state van die betrokke kolleges.

Die geloofwaardigheid en waarde van kwalifikasies by VOO-kolleges behaal sal afhang van die gehalte van hul programaanbieding. Kolleges sal gehaltebestuurstelsels ontwikkel en toepas ten einde die gehalte van akademiese programme en nie-akademiese prosesse te meet en te verbeter.

Die rekordhouding van leerlingskapaktiwiteite by die VOO-kollege is nie omvattend nie, bloot omdat die kollege se IT-stelsels nie ideaal gerat is vir hierdie tipe intervensie nie. Leerlingskappe is nie die kernbesigheid van die VOO-kolleges nie (dit is self-finansierend.) Kolleges bedryf leerlingskappe as afsonderlike besigheidseenhede en neem daarvoor personeel in diens (administratief, opvoeders, projekbestuurders, ens.). Die implementering van die VOOMIS (leerderopsporingstelsel vir VOO-kolleges), sal in die toekoms met die voorsiening van hierdie inligting help.

Ander kwessies wat deurlopende aandag vereis, sluit in –

- Menslikehulpbronkwessies: Pas van opvoeders in poste in die samesmeltingfase en die vulling van vakatures. Deurlopende konsultasie met werknemerpartye en die toepaslike interne departemente.
- Goedkeuring van leerprogramme. Konsultasie met die toepaslike Sektor Onderwys- en Opleiding-Gehaltegesag (*SETAs*)
- Aanvraag-gebaseerde programme belyn met die behoeftes van handel en industrie. Deurlopende navorsing en konsultasie met die toepaslike rolspelers.
- Verhoudings met die Sektor Onderwys- en Opleidingsgesag (*SETA*)
- Geteikende programme wat opvoeders aan kolleges in staat sal stel om hul wiskundige gelettertheid en wiskundige vaardighede op te gradeer, hul akademiese en professionele kwalifikasies te verbeter, huidige bedryfservaring deur tydelike plasing te verwerf, toegang te verkry tot leer om te voldoen aan Umalusi- en *SETA*-standaarde, en om leerstoornisse te kan hanteer.
- Kolleges het studentondersteuningseenhede gevestig om die wye verskeidenheid studente met verskillende leeragtergronde en ervarings te akkommodeer en te ondersteun. Opsporing van studente sal intern gedoen word om studente met kurrikulum en werkplasing te ondersteun.
- Kolleges sal ook strategieë ontwikkel om toegang tot VOO-kolleges te verbreed, bv. –
  - 'n Verskeidenheid leweringmetodes (e-leer, afstandslaar, leerlingskappe, vaardighedsprogramme, ens.)
  - Gehaltebestuurstelsels ten einde die gehalte van akademiese programme en nie-akademiese prosesse te meet en te verbeter.
  - Fasiliteite en opleiding wat voorsien in die behoeftes van studente met verskillende stoornisse.
  - Nuwe plekke vir gestremdes in landelike gemeenskappe
  - Voorsiening vir lenings/beursskemas



## 9.6 Program 6: Basiese volwassene-onderwys en -opleiding

### Programdoelwit

Om BVOO ingevolge die Wet op Basiese Volwassene-onderwys en –Opleiding 2000. te voorsien

Die BVOO-program bestaan uit die volgende programme:

#### *Subsidies aan privaat sentrums*

- o om spesifieke openbare BVOO-leerplekke te ondersteun deur middel van subsidies

#### *Professionele dienste*

- o om BVOO-opleidingsplekke te ondersteun

#### *Menslikehulpbronontwikkeling*

- o om te voorsien in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoederpersoneel by BVOO-leerplekke

### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Program 6: Basiese Volwassene-onderwys en -opleiding:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om te verseker dat volwassenes sonder basiese onderwys toegang kry tot BVOO-Sentrums.	▶ PM601: Aantal BVOO-leerders relatief tot die volwassenes in die provinsie

### Programbeleidsontwikkelings in 2006/07

Daar is voorsiening gemaak om 2 500 nuwe leerders per jaar toegang te bied tot BVOO. Dit word soos volg voorsien:

- Doelgedrewe BVOO Vlak 1-, 2- en 3-leerplanne – bestaande uit twee programaanbiedings, nl. gesyferdheid en geletterdheid, aangebied in alle gemeenskapsleersentrums (GLS'e)
- Vlak 4-sentrums wat 'n seleksie van leerareas aanbied wat lei tot 'n doelgerigte AOOS-kwalifikasie vir die leerder in die konteks van die gemeenskap
- Fisiese en finansiële hulpbronne om die BVOO-kurrikulum te ondersteun
- Alle GLS'e ontvang 'n rekenaar en drukker
- Alle bestaande opvoeders ontvang geteikende opleiding en alle nuwe opvoeders ontvang oriëntering en opleiding
- Alle GLS-bestuurders ontvang gepaste opleiding (tegniese vaardighede en persoonlike ontwikkelingsplanne)

Die Provinsiale BVOO-belangeliggaam, die BVOO-Raad, bedien die Hoof van Onderwys van raad rakende BVOO-verwante aangeleenthede.

Die Sentrum vir Volwasse en Voortgesette Onderwys, aan die Universiteit van Wes-Kaapland, is aangewys as die Diensverskaffer om die haalbaarheidstudie van huidige BVOO-lewering in die Wes-Kaap te onderneem. Die verwysingsraamwerk van die Diensverskaffer het die volgende ingesluit: -

- 'n Kriese ondersoek na die huidige BVOO-lewering in die Wes-Kaap
- Maak aanbevelings om lewering te verbeter om te verseker dat die uitkomstes van die MKOS met betrekking tot toeganklikheid en uitbreiding bereik word.
- Hersien die wyse van BVOO-lewering by GLS'e, d.i. onder andere, die operasionele ure van GLS'e en die kurrikulum wat aangebied word, en om aanbevelings te maak in hierdie verband.
- Die haalbaarheid van die uitkontraktering van BVOO-lewering in die Wes-Kaap te ondersoek.
- Aanbevelings te maak rakende die sterk punte en beperkings van die ontwikkeling van voltydse BVOO-sentrums.

Die WKOD het ook verbeterde beheer van BVOO-sentrums verseker deur die implementering van toepaslike kapasiteitsbou-intervensies. As deel van die WKOD se verbintenis om te verseker dat BVOO-sentrums gekenmerk word deur effektiewe en doeltreffende bestuur, is opleidingsessies in strategiese beplanning en vaardighede vir die skryf van besigheidsplannae, belastingverlagings, goeie kurrikulumbestuur in GLS'e, oriëntering ter voorbereiding van die Junie- en Oktober-nasionale eksamens vir Sentrumbestuurders en Leerplekkoördineerders aangebied.

As deel van die WKOD se steunwerwingsveldtog om die belangrikheid van volwassene-onderwys en die stigma verbonde aan volwassene-geletterdheid te verwyder, is die volgende bemarkingsinisiatiewe ontwikkel en versprei:

- 'n Nuwe kleurvolle brosjure waarin die volgende uiteengesit is, is ontwikkel en gedruk: die voordele van BVOO, die werk van die BVOO-subdirekoraat van die WKOD, die beskikbare kurrikulum en waar en hoe potensiële leerders toegang tot die voordele van BVOO kan verkry.
- Plakkate wat die belangrikheid van BVOO reflekteer, is ontwerp en gedruk.
- 3 groot baniere vir handelsmerkbevordering is gedurende amptelike geleenthede vertoon.
- 'n 5 minute lange inligtingsvideo soortgelyk aan dit wat in die brosjure vervat is, sowel as inligting oor BVOO en die MKOS.

As gevolg van 'n bemarkingsveldtog in spesifieke areas, waar vergaderings met gemeenskapstrukture gehou is, het die Breede Rivier/Overberg-area 'n beduidende toename in leerdergetalle met 'n geskatte 4000 leerders ondervind. Hierdie gekoördineerde veldtog, "160-Dae-Intervensie, het uiteindelik Goud verower in die Premier se Toekennings vir Uitnemende Diens vir die suksesvolle toegangsverlening vir gemeenskappe in hierdie OBOS.

Nuwe leerplekke is in Mfuleni en Delft in OBOS-Metropool-Noord geopen. Albei hierdie leerplekke is satelliete van hoofsentrums in die area. Met die hulp van die BVOO-subdirekoraat is 'n nuwe leerplek ook gevestig by die Woodlands Primêre Skool in Heideveld. Hierdie leerplek is gestig in reaksie op 'n behoefte wat deur die prinsipaal en ouergemeenskap geïdentifiseer is.

'n Geakkrediteerde elektriese leerlingskapprogram is vir 30 BVOO Vlak 4-leerders by George GLS aangebied. Dit is gedoen in samewerking met die *ESETA*.

Konsep-vennootskapsriglyne vir gemeenskapsleersentrums (GLS'e) is ontwikkel en na sentrums en toepaslike rolspelers vir kommentaar versprei. Die suksesvolle implementering van BVOO-lewering deur vennootskappe met regeringsdepartemente, die privaatsektor en bedrywe voort steeds voortgesit. Nuwe vennootskappe wat gesluit is, sluit die volgende in:

- Departement van Gemeenskapsveiligheid
- Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke: Wes-Kaap Metertaxi'sraad
- Suid-Afrikaanse Nasionale Verdedigingsmag

Samewerkingsmemorandums is onderteken met Knysna Munisipaliteit (55 leerders) en Metrorail (43 leerders).

Na aanvanklike besprekings in April 2006, het die BVOO-subdirekoraat 'n vennootskap aangegaan met die Wes-Kaap Provinsiale Raad van Kerke (WPRK). Die doel van hierdie vennootskap is om BVOO-lewering en toegang na burgers in die provinsie met behulp van geloofsgebaseerde organisasies (GGO's) uit te brei. Die beginfasies van hierdie vennootskap het 'n opname van volwassene-onderwysbehoefes in gemeentes wat by die WPRK geaffilieer is, behels. Die data wat ingesamel is, is vasgelê, ontleed en gebruik om die leweringbasis van basiese geletterdheid deur GGO's in 2007 te rig.

21 vennootskappe is gehandhaaf en/of gevorm en het onderrig aan 527 leerders voorsien wat 'n inkomste van R1,6 miljoen vir GLS'e genereer het, soos hieronder uiteengesit:

VENNOTE	AANTAL LEERDERS	FONDSE GEGENEREER
Gesondheid	154	R 372,600.00
Vervoer en Openbare Werke	114	R 348,000.00
Maatskaplike Dienste	58	R 198,000.00
Knysna Munisipaliteit	42	R 100,800.00
Metrorail	43	R 152,400.00
San Parke	30	R 133,200.00
Kurlandbriks	14	R 33,600.00
Kaapse Mediese Depot	11	R 38,400.00
PRWK	9	R 22,800.00
Cape Bentonite	9	R 30,000.00
Premierskantoor	8	R 21,600.00
Kultuursake	8	R 22,800.00
Eisenburg	5	R 12,000.00
DWAF	4	R 19,200.00
Karoo Distriksmunisipaliteit	3	R 7,200.00
Leeuwenhof	3	R 7,200.00
Plaaslike Regering en Behuising	3	R 10,800.00
Sport en Rekreasie	3	R 13,200.00
Provinsiale Tesourie	3	R 10,800.00
Arbeid	2	R 7,200.00
Gemeenskapsveiligheid	1	R 3,600.00
<b>TOTAAL</b>	<b>527</b>	<b>R 1,565,400.00</b>

Met behulp van die Direkoraat: Navorsing, is BVOO 2005- en 2006-data met GLS-inligting, leerdergetalle, inligting per OBOS, ens. op Webfocus beskikbaar en dit speel 'n beduidende rol in besluitneming en toekomsbeplanning. Die Direkoraat: Navorsing het ook die BVOO-subdirekoraat ondersteun in die ontwikkeling van toepaslike programmatuur om die norme en standaarde-befondsing vir die GLS'e te ontwikkel.

ST601	BASIESE VOLWASSENE-ONDERWYS EN -OPLEIDING - Sleutelneigings	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Telken	2006/07 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>					
6.1	Subsidies aan privaat sentrums	21,151	23,051	23,569	23,539
6.2	Professionele dienste	0	0	1	0
6.3	Menslikehulpbrontontwikkeling	0	0	1	0
<b>TOTAAL</b>		<b>21,151</b>	<b>23,051</b>	<b>23,571</b>	<b>23,539</b>
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
	Huidige betaling	5,564	5,850	7,797	6,163
	Kompensasie van werknemers	5,198	5,432	5,948	5,916
	Opvoeders	4,372	4,569	5,002	4,969
	Nie-opvoederpersoneel	826	863	946	947
	Goedere en dienste en ander lopende uitgawes	366	418	1,849	247
	Oordragbetalings en subsidies	15,587	17,201	15,774	17,376
	Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0
<b>TOTAAL</b>		<b>21,151</b>	<b>23,051</b>	<b>23,571</b>	<b>23,539</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
	Aantal Opvoeders (in openbare diens)	4	3	4	4
	Aantal Nie-opvoederpersoneel (in openbare diens)	11	11	11	10
<b>INSKRYWING</b>					
	AOO-vlak	15,925	16,975	18,374	15,529
	VOO-vlak	16,574	17,668	19,124	22,110
<b>TOTAAL (a)</b>		<b>32,499</b>	<b>34,643</b>	<b>37,498</b>	<b>37,639</b>
<b>BEVOLKING</b>					
	Bevolking ouderdom 18 tot 60 (b)	2,667,975	2,718,151	2,633,620	2,767,069
<b>INRIGTINGS</b>					
	Gesubsidieerde sentrums	314	346	351	351
<b>► PRESTASIEMAATREËLS</b>					
► PM601: Aantal BVOO-leerders relatief tot volwassenes in die provinsie (a/b)		1.2%	1.3%	1.4%	1.4%

## Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies wat deurlopende aandag vereis

Die meerderheid leerders bereik die vereiste krediete oor 'n peiode van minstens twee jaar. Sodra 'n leerder die vereiste 120 krediete behaal, kan 'n VOOS deur UMALUSI uitgereik word. Gevolglik is die aantal VOOS'e wat uitgereik word (werklike prestasie) relatief laag vergeleke met die gestelde teiken. Voorts is leerareasertifikate uitgereik wanneer leerders 'n leerarea suksesvol voltooi het.

Intermediêre en hoëvaardigheidsontwikkeling in leerlingskappe en ander leerprogramme ervaar 'n aantal generiese probleme en die oplossing hiervan moet deur middel van 'n koördinerende meganisme geprioritiseer word. Sommige van hierdie probleme is as volg: swak wiskunde-, wetenskap- en Engelstaalvermoëns (essensieel die grondslae van die NKR-stelsel); motivering van leerders, billikheid en die ontwikkeling van skaars vaardighede, die fragmentasie van onderwys- en opleidingsvoorsiening, en 'n toename in die aantal leerders in alle tipes voorsiening.

Norme en standarde-befondsing vir openbare volwassene-leersentrums, sowel as regulasies rakende die diensvoorwaardes van BVOO-praktisyns is nie deur die nasionale Departement van Onderwys gefinaliseer nie. Dit belemmer steeds die WKOD se doel om die lewering van volwassene-onderwys in hierdie provinsie te verbeter.

Ten einde die gehalte van die voorsiening van volwassene-onderwys te verbeter, word gepaste modelle vir onderrig en kurrikulumbestuur by GLS'e ondersoek. Hierbenewens, word 'n opleidings- en ontwikkelingsmodel vir personeel by BVOO-sentrums gevestig en geïmplementeer. Die model sal verseker dat alle bestaande opvoeders opleiding ontvang en dat alle nuwe opvoeders oriëntering, opleiding en ontwikkeling ontvang.

Die lewering van vaardighedsprogramme, in samewerking met SETA's ontvang gereeld aandag. Deurlopende besprekings word met die Wes-Kaap SETA-forum, wat 24 SETA's verteenwoordig, gehou. Hierdeur beoog die WKOD om SETA's te help om hul teiken ten opsigte van BVOO te bereik, terwyl dit ook huidige lewering in die provinsie uitbrei.

'n Konsepvoorstel en 'n konsep-samewerkingsmemorandum is aan die Weskus Distriksmunisipaliteit voorgelê. Hierdie inisiatief het ten doel om basiese geletterdheid vir landelike gemeenskappe in die jurisdiksie van die Munisipaliteit aan te bied. Dit sal deur die Munisipaliteit befonds word. Dit het verder ten doel om die sosiale uitdagings van die werklose gemeenskapslede te verlig om as fasiliteerders te werk om 'n baie basiese geletterdheidskursus vir volwassenes aan te bied. In Augustus 2006 het konsultasies met alle skoolprinsipale in die volgende areas plaasgevind: Bitterfontein, Kliprand, Nuwerus en die omliggend plaasgebiede. Skole sal gebruik word as plekke waar die kursusse aangebied sal word.

Ander kwessies wat deurlopende aandag vereis, sluit in -

- Handhawing van regeringsvennootskappe en ontwikkeling van nuwe vennootskappe met die industrie
- Verhoging van die aantal leerders met 2 500 elke jaar
- Voorsiening van Vlak 1 – 4-vaardighedsgebaseerde kwalifikasies volgens behoefte
- Voorsiening van IKT-vaardighede aan leerders

## 9.7 Program 7: Vroeëkindertontwikkeling

### Programdoelwit

Om VKO te voorsien aan graad R en laer vlakke ingevolge Witskrif 5..

Die VKO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

#### *Graad R in openbare skole*

- o om spesifieke openbare gewone skole te voorsien van hulpbronne benodig vir graad R

#### *Graad R in gemeenskapsentrums*

- o om spesifieke gemeenskapsentrums op graad R-vlak te ondersteun

#### *Professionele dienste*

- o om EKO-leerplekke te ondersteun

#### *Menslikehulpbronontwikkeling*

- o om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoederpersoneel by VKO-leerplekke

### Meetbare doelwitte

Die volgende Meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Program 7: Vroeëkindertontwikkeling:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om openbaar befondsde graad R ingevolge beleid aan te bied	▶ PM701: Persentasie leerders in openbaar befondsde graad R

### Programbeleidsontwikkelings in 2006/07

'n Strategie om VKO in die Wes-Kaap te ondersteun is ontwikkel deur 'n inter-sektorale beplanningspan onder leiding van die WKOD en die Departement van Maatskaplike Welsyn en Armoedeverligting.

Die oorkoepelende doel van die strategie is om 'n geïntegreerde en gekoördineerde benadering vir effektiewe en holistiese dienste aan jong kinders in die ouderdomsgroep van geboorte tot 4 jaar te verseker. Die doel van die strategie is nie om alle kinders in crèches of dagsorgsentrums te kry nie, maar om te verseker dat diene wat na kinders omsien (ouers, grootouers, gemeenskapswerkers en personeel van dagsentrusms, preprimêre skole en crèches) toegerus is om die fisiese, emosionele en kognitiewe ontwikkeling van kinders te bevorder.

As deel van die geïntegreerde benadering tot die fisiese, sosiale en kognitiewe ontwikkeling van alle kinders in die ouderdomsgroep 0 – 4 jaar in die provinsie, is die WKOD in die proses om versorgers in die VKO-kurrikulum op te lei. Die Uitgebreide Openbare Werke-Program (UOWP) is na die VKO-sektor uitgebrei om voorsiening te maak vir die opleiding vir VKO-leerlingskappe asook hulpbronnepakkette aan sekere VKO-gemeenskapsentrusms.

Alhoewel daar in die Wes-Kaap universele inskrywing van kinders in die ouderdomsgroep 6 – 15 jaar is, het nie alle 5-jariges toegang tot graad R nie. Die tweede MKOS-doel van die provinsie is om hoëgehalte-leerprogramme vir alle 5-jariges in die Wes-Kaap te voorsien, naamlik graad R teen 2010, sodat hulle bekend gestel kan word aan pre- of ontlukende geletterdheid- en gesyferdheidsvaardighede. Dit is veral belangrik in gemeenskappe waar ouers ongeletterd is en huise teks- en hulpbronnarm is.

Om hoëgehalte-graad R-onderrig aan alle 5-jariges te bied sodat hulle gereed is vir skoolleer, het die WKOD onderneem om –

- Subsidies op armoedeglyskale van R3 tot R7 per kind per dag te voorsien vir die onderrig van graad R-leerders. Dit word gebruik om onderwysers te betaal, LOOM aan te skaf en en veilige leerplekke te verseker..
- Die aantal graad R-leerders te verhoog sodat alle 5-jariges teen 2010 in graad R sal wees.
- Onderwyseropleiding vir leerders in 3 armste kwintiele in die NKV te bied – met 'n klem op lees en gesyferdheid.

- Hulpbronnepakkette vir die ontwikkeling van geletterdheid, gesyferdheid en lewensvaardighede aan elke leerplek te voorsien.
- Skoolgereedheidsprofiel by alle graad R-leerplekke te administreer.
- Skoolgereedheidskontrolelyste na alle ouers, grootouers en staatsdienspersoneel te versprei.
- Ondersteuning te bied aan alle leerplekke wat nie aan gesondheids- en kognitiewe vereistes voldoen nie

ST701	VROEÛKINDERONTWIKKELING – Sleutelneigings				
	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Telken	2006/07 Werklik	2006/07 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>					
7.1 Graad R in openbare skole	49,243	57,829	52,434	66,902	
7.2 Graad R in gemeenskapsentrums	10,125	16,648	42,499	23,293	
7.3 Professionele dienste	0	0	1	0	
7.4 Menslikehulpbronontwikkeling	0	0	12,463	0	
7.5 Voorwaardelike toelaes	767	0	-	-	
<b>TOTAAL</b>	<b>60,135</b>	<b>74,477</b>	<b>107,397</b>	<b>90,195</b>	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
Huidige betaling	44,544	44,764	55,913	44,411	
Kompensasie van werknemers	42,170	43,829	45,249	44,390	
Opvoeders	42,170	43,829	45,249	44,390	
Nie-opvoederpersoneel	0	0	0	0	
Goedere en dienste en ander lopende uitgawes	2,374	935	10,664	21	
Oordragbetalings en subsidies	15,591	29,713	51,484	45,784	
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	
<b>TOTAAL</b>	<b>60,135</b>	<b>74,477</b>	<b>107,397</b>	<b>90,195</b>	
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	312	299	289	295	
Aantal Nie-opvoederpersoneel (in openbare diens)	-	-	-	-	
<b>INSKRYWING (SLEGS OPENBAAR BEFONDSTE)</b>					
Graad R in openbare skole * (a)	30,873	31,505	35,000	31,916	
Graad R in gemeenskapsentrums (b)	25,160	28,000	30,000	30,000	
Pre-Graad R in openbare skole *	2,685	2,481	-	1,356	
Pre-Graad R in gemeenskapsentrums	Hierdie statistiek kan nie gerekenariseer word nie aangesien hierdie data nie in die WKOD beskikbaar is nie.				
<b>TOTAAL</b>	<b>58,718</b>	<b>61,986</b>	<b>65,000</b>	<b>63,272</b>	
<b>BEVOLKING</b>					
Bevolking ouderdom 5 jaar (c)	83,914	89,423	85,601	90,975	
<b>► PRESTASIEMAATREÛLS</b>					
► PM701: Persentasie leerders in openbaar befondsde graad R ((a+b)/c)	70%	69.3%	75.9%	69.5%	



## Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies wat deurlopende aandag vereis

Die besteding op die UOWP (VKO-leerlingskappe – R15m) het laat in die finansiële jaar begin weens vertraging in die verkryging van dienste vir die opleiding van VKO-praktisyns in die Uitgebreide Openbare Werke-Program (UOWP). Die tenders vir Vlak 1-, 4- en 5-opleiding is toegeken en opleiding het vanaf die eerste kwartaal in 2007 plaasgevind.

Die aantal graad R-leerders in openbare skole het nie toegeneem soos aanvanklik voorsien is nie, hoofsaaklik weens die verslapping van die graad 1-toelating.

Toegang tot baie landelike en afgeleë leerplekke bly 'n uitdaging vir OBOS'e. Dit verhinder ook die insameling van akkurate data rakende graad R in Gemeenskapsentrums aangesien baie hiervan in informele nedersettings is, met karige pos-/fisiese adresse vir die aflewering van opnamevorms. Verifiëring van ouderdomme by alle leerplekke is essensieel om korrektheid van aansprake te verseker.

Ander kwessies wat deurlopende aandag vereis, sluit in –

- Registrasie – die geskiktheid van leerplekke vir die toelating van klasse in die armoedigste areas moet gemonitor word.
- Steunwerwing en identifisering van areas wat die vestiging van graad R-klasse op 'n toenemende basis uitvoer sodat elke kind tussen 4½ en 5 jaar toegang kan hê tot 'n jaar van gehalte-onderwys vir een jaar voor graad R.
- Beheerliggame verander meer dikwels as by die Primêre en Hoërskole wens die natuurlike veranderinge in ouerliggame. Monitering en ondersteuning is nodig om doeltreffende bestuur te verseker.
- Die gehalte van kwalifikasie om die graad R-kurrikulum aan te bied.
- Voortgesette interaksie met die Departement Gesondheid en Maatskaplike Dienste sowel as NRO's moet bevorder word.
- Betaling van subsidies wat slegs gemaak word by ontvangs van voltooide opnamevorms het vinniger terugvoer van die Gemeenskapsleerplekke ontlok. Leerplekke word deur Kurrikulumadviseurs besoek en verifiëring word aan die hand van geboortesertifikate gedoen.

## 9.8 Program 8: Hulp- en verwante dienste

### Programdoelwit

Om onderwysinrigting as geheel te ondersteun

Die program Hulp- en Verwante Dienste bestaan uit die volgende subprogramme:

#### *Betalings aan SETA*

- o om menslikehulpbronontwikkeling van werknemers te voorsien ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling

#### *Voorwaardelike projekte*

- o Om voorsiening te maak vir projekte wat deur die nasionale Departement van Onderwys gespesifiseer is as toepaslik vir meer as een program en uit voorwaardelike toekennings befonds word..

#### *Eksterne eksamens*

- o om voorsiening te maak vir departementeel bestuurde eksamendienste

#### *Onderwyseropleiding*

- o om te help met die voorsiening van gekwalifiseerde en bekwame opvoeders vir die onderwysprofessie

#### *iKapa Elihlumayo*

- o om te help met die bou van menslike kapitaal

### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte en (▲) prestasiemaatreëls (▶) hou verband met Program 8: Hulp- en Verwante Dienste:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om MIV/Vigs-Lewensvaardigheidsonderwys in primêre skole aan te bied	▶ PPM 801: Aantal opvoeders aan primêre en sekondêre skole opgelei in die MIV- en Vigs-Lewensvaardigheidsprogram ▶ PPM 802: Aantal portuuroopvoeders opgelei in MIV- en Vigs-Lewensvaardighede ▶ PPM 803: Aantal skole (SBS'e en SBL'e) opgelei in die bestuur van MIV en Vigs in hul skoolgemeenskap

### Programbeleidsontwikkelings in 2006/07

Een van die ernstigste bedreigings vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne in Suid-Afrika is die MIV/Vigs-pandemie. Die WKOD speel 'n strategiese rol om te verseker dat alle onderwysers en leerders die gepaste kennis, vaardighede, houdings en waardes het om MIV-vry te bly en tog ondersteunend te wees van geïnfekteerde en geïmpekteerde persone. Teikens vir 2006/07 het ingesluit:

- 18 000 opvoeders opgelei te word om die MIV/Vigs-Lewensvaardigheidsprogram in die klaskamer aan te bied
- 6 500 hoërskoolleerders opgelei te word as portuuroopvoeders (12 000 kumulatief sedert 2003/04)
- 700 skole ondersteun te word in die bestuur van MIV/Vigs in hul skoolgemeenskappe

'n Belangrike behoefte vir die MKOS is die beskikbaarheid van goed gekwalifiseerde onderwysers, veral diegene wat wiskunde, wetenskap en tegnologie onderrig, wat deur navorsing aangedui is as areas waar meer onderwysers benodig word. Gefeikende beurse is aangebied vir studente wat tot die professie wil toetree in hierdie velde.

Armoede is nog 'n ernstige bedreiging vir menslikekapitaalontwikkeling. In 'n poging om sommige van die gevolge van armoede te takel, het die WKOD die VOO-kollegeleningeskema geloods.

Die Khanya-Projek het voortgegaan om rekenaarlaboratoriums in skole te vestig.

ST801	Hulp- en Verwante Dienste – Sleutelneigings	2004/05 Werklik	2005/06 Werklik	2006/07 Telken	2006/07 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>					
8.1	Betalings aan SETA	3,659	3,306	3,756	3,756
8.2	Voorwaardelike toelae-projekte	9,814	11,205	11,870	11,872
8.3	Eksterne eksamens	51,436	54,561	62,632	63,124
8.4	Onderwyseropleiding	1,345	1,743	1,753	1,868
8.5	iKapa Elihlumayo	28,046	127,772	131,375	120,225
<b>TOTAAL</b>		<b>94,300</b>	<b>198,587</b>	<b>211,386</b>	<b>200,845</b>
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)</b>					
	Huidige betaling	68,020	70,099	93,492	87,197
	Kompensasie van werknemers	34,903	37,581	40,064	41,321
	Opvoeders	18,742	20,180	21,513	22,313
	Nie-opvoederpersoneel	16,161	17,401	18,551	19,008
	Goedere en dienste en ander lopende uitgawes	33,117	32,518	53,428	45,876
	Oordragbetalings en subsidies	26,133	118,928	105,394	113,557
	Betalings vir kapitale bates	147	9,560	12,500	91
<b>TOTAAL</b>		<b>94,300</b>	<b>198,587</b>	<b>211,386</b>	<b>200,845</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
	Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)	0	17	1	16
	Aantal Nie-opvoederpersoneel	140	119	147	142
<b>► PRESTASIEMAATREËLS</b>					
►	PPM801: Aantal opvoeders van primêre en sekondêre skole opgelei in die MIV- en Vigs-Lewensvaardighedsprogram (geakkumuleer)	15,910	17,124	18,000	21,347
►	PPM802: Aantal portuurgroepopvoeders opgelei in MIV en Vigs-Lewensvaardighede (geakkumuleer)	4,500	8,910	12,000	14,126
►	PPM803: Aantal skole (SBS'e en SBL'e) opgelei in die bestuur van MIV en Vigs in hul skoolgemeenskap	17	537	1,400	607

## **Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies wat deurlopend aandag vereis**

Die onderbesteding is hoofsaaklik toe te skryf aan vertraging in die opgradering van die twee nuwe vaardigheidskole in Mitchell's Plain en Gugulethu sowel as die inwerkingstelling van die geletterdheidsstrategie vir die WKOD.

### ***MIV/VIGS***

MIV/Vigs het die potensiaal om die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingsstrategie (insluitend Onderwys se Menslikekapitaalontwikkelingsstrategieë) te ondermyn. Die doelgerigte hantering van MIV/Vigs en verwante kwessies sal ander oënskynlik onverwante aspekte van onderwyslewering verbeter.

'n Holistiese, koöperatiewe en geïntegreerde bestuurstelsel word benodig op provinsiale, distriks- en gemeenskapsvlakke, in samehang met uitgesproke leierskap deur WKOD-leiers. 'n Poging vir die daarstelling van groter hoofstroom- en lynbestuursverantwoordelikhede is in die proses as uifaseringstrategie vir die voorwaardelike toekenning.

### ***Onderwyseropleiding***

Dit raak toenemend moeilik om goeie gehalte, toegewyde persone na die onderwysprofessie te lok. Die redes hiervoor is kompleks en verweef en het te make met sowel die openbare beeld van onderwys as die geleentheid beskikbaar vir jong gegradueerdes in Suid-Afrika en oorsee.

Daar is tans 96 voltijdse studente wat gekontrakteer is om Wiskunde- en Wetenskaponderwysers te word. Hierdie studente word voorsien van aansienlike beurse, wat hul klageld sowel as hul handboeke en ander leermateriaal dek.

Die WKOD het 'n onderwyserwerwingsveldtog geloods met die plaaslike hoofde van onderwysinrigtings (HOI's). Dit het 'n mate van sukses opgelewer en daar sal in die volgende vyf jaar meer in hierdie veldtog belê word.

Die PACE *Career Guidance* hulpbron-CD voorsien toepaslike inligting oor onderwys as 'n professie.

### ***IKapa elihlumayo***

Daar is 'n slegs 'n paar oorblywende gekwalifiseerde voorligtingsonderwysers in die WKOD. Dit beteken dat die werwing en opleiding van onderwysers in hierdie belangrike kundighedsarea van vooraf gedoen moet word. Dit sal nie maklik wees nie. Die WKOD het 'n 3-jaar-program ontwerp om die vaardighede van lewensvaardighede-onderwysers ten opsigte van vak- en loopbaanvoorligting te ontwikkel.

Die resultate van die toetse wat deur graad 8-leerders geskryf is – 'n wiskundetoets en 'n gekombineerde huistaal- en taal van onderrig en leer (TvOL)-toets – sal gedurende 2007 beskikbaar wees en sal leerders rigting gee wanneer hulle loopbaan- en vakkeuses vir graad 10 maak.

Dit was ook nie maklik om die nodige prosesse en kontroles vir die leningskema vir VOO-kolleges te vestig nie. Daarby het leerders uit finansiële gedepriveerde agtergronde die konsep van lenings met suspisie bejeën.

Die WKOD het met die Nasionale Studente-finansiëlehulpkema (NSFHS) gekonsulteer en saamgewerk en baie van hul prosesse aangeneem. Die WKOD moes die naam van die skema verander tot 'n finansiëlehulpkema en moes aansienlike steunwerwing vir die skema onderneem. Op 31 Maart 2007 is R37,241 miljoen in die vorm van lenings toegeken en 9 690 begunstigdes het by die skema baatgevind. Monitoring en ondersteuning van leerders aan wie studielenings toegestaan is, word gdoen om die doeltreffendheid van die inisiatief te verseker.

Die ontwikkeling van programme in antwoord op die ekonomiese behoeftes van die Wes-Kaap moet gemoniteer en verseker word.

## 10. Oordragbetalings

Naam van Inrigting/Begunstigdes	Bedrag oorgedra (R'000)	Nakoming van Artikel 38(1)(j) van die WBOF
<b>Program 1</b>	<b>22,731</b>	
Waarvan -		
Telekommunikasie-projek by openbare gewone skole	7,153	Ja
Khanya-Projek by openbare gewone skole	9,731	Ja
Wiskunde- en Wetenskapprojek by openbare gewone skole	2,664	Ja
<b>Program 2</b>	<b>332,292</b>	
Waarvan -		
Openbare gewone skole	172,087	Ja
Openbare gewone sekondêre skole	114,437	Ja
Velige Skole-Projek by openbare gewone skole	25,595	Ja
Nasionale Skoolvoedingsprogram	3,519	Ja
<b>Program 3</b>	<b>34,259</b>	
Waarvan -		
Onafhanklike primêre skole	15,902	Ja
Onafhanklike sekondêre skole	18,357	Ja
<b>Program 4</b>	<b>76,489</b>	
Waarvan -		
Openbare spesiale skole	76,933	Ja
<b>Program 5</b>	<b>131,038</b>	
Waarvan -		
Openbare VOO-inrigtings	60,688	Ja
VOO-Voorwaardelike Toekenning	70,000	Ja
<b>Program 6</b>	<b>17,376</b>	
Waarvan -		
Gemeenskapsleersentrum	17,373	Ja
<b>Program 7</b>	<b>45,784</b>	
Waarvan -		
Vroeëkindertwikkeling in openbare skole	22,335	Ja
Vroeëkindertwikkeling in gemeenskapsentrums	23,284	Ja
<b>Program 8</b>	<b>113,557</b>	
Waarvan -		
<i>ETDP SETA</i>	3,756	Ja
Beurse aan studente	1,868	Ja
Khanya-Projek by openbare gewone skole	49,986	Ja
IKapa Elihlumayo-projekte by VOO-kolleges	25,000	Ja
IKapa Elihlumayo-projekte by Fokusskole	31,391	Ja
IKapa Elihlumayo -projekte by vaardigheidskole	1,485	Ja
<b>Totale aantal Oordragbetalings</b>	<b>773,526</b>	

## 11. Voorwaardelike toekennings

Tabel: Opsomming van Voorwaardelike Toekennings vir 2006/07 (R'000)

Voorwaardelike Toekenning	Beste- ding 2005/06	Oorrol vanaf 2005/06	Totale Toe- kenning 2006/07	Totale Oordrag- betalings ontvang	Werklike Beste- ding 2006/07	% Beste- ding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
MIV/Vigs	11,205	0	11,870	11,870	11,872	100,0%
Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)	49,337	0	48,313	48,313	45,958	95,1%
Verdere Onderwys en Opleidingskollegesektor: Herkapitalisering			70,000	70,000	70,000	100,0%
<b>TOTAAL</b>	<b>60,542</b>	<b>0</b>	<b>130,183</b>	<b>130,183</b>	<b>127,830</b>	<b>98,2%</b>

Al die vereistes volgens die Wet op Verdeling van Inkomste, 2006, (Wet Nr. 1 van 2006) ten opsigte van die bovermelde Voorwaardelike Toekennings is nagekom, nl. –

- Alle oordragbetalings wat ontvang is, is in die Departement se bankrekening inbetaal.
- Alle voorwaardes van die voorwaardelike toelaes, soos uiteengesit in die goedgekeurde Besigheidsplanne, is nagekom.

Die onderbesteding van die NSVP-Voorwaardelike Toekenning was die gevolg van betalings wat aan die einde van Maart 2007 gemaak is wat eers in April 2007 van krag geword het, d.i. in die 2007/08-finansiële jaar. Die volle besteding, is dus gemaak.

### Doelwitte bereik:

#### Voorwaardelike Toekenning: MIV/Vigs

Projekdoelwitte	Prestasies
KPA 1: Steunwerwing	Kumulatief het 120 000+ leerders hierdie jaar deelgeneem aan bewusmakingsaktiwiteite wat Skool-Vigsmaand- en Wêreldvigsdagaktiwiteite ingesluit het. Daar was 'n gerapporteerde 94 MIV/Vigs-werksessies met ouers en 154 klustervergaderings. Alle skole is in klusters opverdeel en almal het 'n MIV/Vigs-koördineerder/s. Die Provinsiale Vigs-Raad het op 1 Desember 2006 'n konsep-Provinsiale Interdepartementele MIV/Vigs-Strategiese Plan goedgekeur en alle provinsiale departemente is nou in die proses om operasionele planne te ontwikkel. Hierdie plan is belyn met die voorsiene Nasionale Strategiese Plan vir MIV/Vigs, wat na verwagting op 4 Junie uitgereik gaan word, en waarvan die verantwoordelikhede aan alle regeringsdepartemente sowel as die burgerlike samelewing uitgebrei gaan word. Beide die nasionale en provinsiale planne sal langtermynimplikasies hê vir die WKOD, benewens die aflewerbares van die huidige voorwaardelike toekenning (in inklusief van potensieel kontensieuse kwessies soos die bevordering van vrywillige berading en toetsing (VBT) onder opvoeders en leerders >15 jaar, en die verbeterde toegang tot kondome vir sowel opvoeders as seksueel-aktiewe leerders). Implementering van die Provinsiale MIV/Vigs-strategie sal gemonitor word, via LUR'e, vanuit die Premierskantoor. Die WKOD se verantwoordelikhede vir MIV/Vigs is dienooreenkomstig gereflekteer in sy Jaarlikse Prestasieplan 2007/08–2009/10. 'n Sleutelfokus van die totale MIV/Vigs-Strategie is op jeug tussen 15 en 20 jaar, en 'n sleutelteiken van die nasionale Strategiese Plan is om MIV-voorkomsvlakke oor die volgende vyf jaar met 50% te verlaag. Die feit dat voorkomsvlakke vir 15- tot 19-jariges in die Wes-Kaap oor die afgelope drie jaar (nie-amptelik vier jaar) afgeneem het (en nou halfpad op die vlak is van die nasionale vlakke vir hierdie ouderdomsgroep) is duidelike aanduiders dat die provinsiale strategie 'n mate van sukses bereik.

Projekdoelwitte	Prestasies
KPA 2: Opvoederopleiding vir MIV/Vigs-Lewensvaardighede in die kurrikulum	Teikens (insluitende 'n teiken van 80% van opvoeders aan primêre skole opgelei te word) is in groot mate bereik of oortref – 'n spesifiek opmerkbare prestasie gegee die vrywillige aard van die opleiding, die feit dat dit tweede plek moes inneem na NKV-opleiding en in die meeste gevalle, oor naweke of gedurende skoolvakansies aangebied is. 18 363 graad 1- tot 7-opvoeders is opgelei sedert die instelling van hierdie program (en 21 347 opleiers altesaam, alle kategorieë). Die fokus het sedert April 2006 grootliks na sekondêre skole verskuif. Die opleiding van VOO-Lewensoriënteringopvoeders in MIV/Vigs en seksualiteitsopvoeding bly 'n kritieke kwessie, gegee die feit dat nie genoegsame Lewensoriëntering-opvoeders toepaslik opgelei is nie en dat skole aan baie addisionele, maar ongekwalifiseerde opvoeders hierdie verantwoordelikheid gee.
KPA 3: Onderwysbestuur en beheerontwikkeling. (SBS'e & SBL'e)	Nie op skedule, grootliks as gevolg van opleidingsondersteuningsmateriaal (met vertalings) wat nog nie gereed is vir werksessies nie, beperkte kapasiteit van OBOS'e om op hierdie stadium die strategie te kan ondersteun, en 'n EMDG-bestuurder wat nog nie aangestel is om hierdie strategie te bestuur nie. Hulpbroneleërs word tans gefinaliseer vir 2007/08, en MTBR-teikens moes dienooreenkomstig aangepas word sodat alle skole oor die volgende drie jaar opgelei en ondersteun kan word. Hierdie aanpassing word alreeds in 2007/08–2009/10 se Jaarlikse Prestasieplan gereflekteer.
KPA 4: Opleiding en sorg en ondersteuning	Ook nie op skedule, grootliks as gevolg van opleidingsondersteuningsmateriaal wat nog gefinaliseer word. 'n Aantal loodsprojekte is egter reeds goed onderweg, nl. Die Children's Institute/SADTU Omgee-skoleprojek ( <i>Caring Schools</i> projek), die 60Soul City-skole as Nodusse van Sorg en Ondersteuning (die sg. <i>SNOCS</i> -skole), en die 9 ARK-skole. 'n NKR Vlak 4-Beradingskortkursus, wat 15 krediete dra, is ontwikkel vir implementering vir opvoeders, sowel as 'n 134-krediete-leerlingskap vir VOO-Lewensoriënteringopvoeders (waf tans goedkeuring afwag van die Professionele Raad vir Gesondheid). 90 OBOS-personeellede is alreeds opgelei in die UNISA – Beradingsprogram, 25 in die Positiewe Leef-program, en die 104 OBOS Metropool-Suid opvoeders wat deur Lifeline opgelei is, ontvang deurlopende toesig. 'n Verdere 120 opvoeders is hierdie kwartaal in verwysingsvaardighede opgelei. Die <i>SNOCS</i> -program sal in 2007/08 na 'n verdere ongeveer 150 skole. uitgebrei word op die basis van die 15 geprioritiseerde gemeenskappe wat deur die Premier geïdentifiseer is. Beplanning is hierdie verband word reeds gedoen. 'n Gesekondeerde skoolprinsipaal is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie program binne die WKOD.
KPA 5: Portuuronderwys vir leerders	Hierdie program word geïmplementeer in vennootskap met die Departement van Gesondheid en 18 diensverskaffers. 136 sekondêre skole vind tans baat by de program (5 216 portuuropvoeders is gedurende 2007 op junior en senior vlakke opgelei, en 14 126 kumulatief oor die afgelope paar jaar). 'n Soortgelyke aantal sekondêre skole vind baat by ondersteuning van die Leefstylprogram van loveLife groundBreakers, terwyl 120 primêre skole baatvind by 'n verdere vennootskap met SoulBuddyz-klubs. Die 'GoLD'-portuuronderwysprogram was een van die finaliste in die Premier se Uitnemende Diens-Toekennings, en die volstreekte wenner in die internasionale Statebond se 'Goeie Praktyke in Onderwys'-toekennings.
KPA 6: Onderrig- en leerondersteuningsmateriaal	Die afgelope vier jaar is elke graad 1- tot 7-opvoeder en -leerder in die Wes-Kaap voorsien van graad-toepaslike LOOM, wat jaarliks, op versoek van die skool, aangevul is, in die taak van hul keuse. Dit is uitgebrei na graad 8 tot 9 in 2004 en in 2005 in graad 10 – 11 bekend gestel. Terwyl daar weer maande lange vertraging was om die materiaal aan die begin van die akademiese jaar by die skole uit te kry, is hierdie aangeleentheid gedurende 2007 via 'n omsendtrief en telefoniese verifiëring van bestellings van elke skool in die provinsie gehanteer. Aflowering by skole kon egter eers begin Januarie 2007 'n aanvang neem. Dit word voorsien dat aflowerings na skole eers teen Mei 2007 afgehandel sal wees. Alhoewel dit moontlik die enigste provinsie is wat MIV/Vigs-aktiwiteitsmateriaal jaarliks vir al sy skole aanbied, is die laat verspreiding daarvan nie goed genoeg nie. Daar moet kennis geneem word dat hierdie materiaal bykomend is tot die Lewensoriënteringsmateriaal wat deur die WKOD voorsien word. Daar moet ook opgelet word dat ongeveer 20% van skole nie hierdie materiaal versoek nie. Die proporsies van hierdie skole wat alternatiewe materiaal gebruik vs. diene wat geen alternatiewe materiaal aanbied nie, moet nog vasgestel word.

Projekdoelwitte	Prestasies
KPA 7: Monitoring, ondersteuning en evaluering	Gedurende 2006/07 is 'n aantal eksterne evaluerings uitgevoer, insluitende twee nasionale evaluerings van die program aangebied deur die Departement van Onderwys sowel as 'n waardetoevoegende oudit deur die Ouditeur-Generaal. Die insluiting van die bevindinge van die waardetoevoegende oudit in die WKOD se Jaarverslag het 'n foutiewe persepsie geskep rakende die finansiële doeltreffendheid waarmee hierdie program bestuur word. Dit was die tweede waardetoevoegende oudit wat op die MIV/Vigs-program uitgevoer is, op aandrang van die Nasionale Tesourie – geen ander WKOD-program is so deeglik ondersoek op hierdie manier nie. Maar dit is 'n aanduiding van die mate waartoe alle WKOD-besteding van openbare fondse toenemend gemoniteer sal word. 'n Provinsiale sowel as 'n nasionale programmevaluering word vir vroeg 2007 beplan, en 'n verdere OG-waardetoevoegende oudit word voorsien. Evaluering van die portuurprogram, uitgevoer deur die Eenheid vir Navorsing oor Adolessentegesondheid aan die Universiteit van Kaapstad, is vir 'n verdere drie jaar verleng. Let daarop dat alle WKOD-skole deurlopende MIV/Vigs-programondersteuning ontvang deur middel van terplaatsse besoeke en kwartaallike klustervergaderings, en dat alle skole een of meer aangewese MIV/Vigs-Koördineerders het wat klaskamer- en skoolgebaseerde programme en aktiwiteite bestuur.

### Voorwaardelike Toekenning: Nasionale Skoolvoedingsprojek (NSVP)

Projekdoelwitte	Prestasies
Om toereikende toegang tot die Nasionale Skoolvoedingsprogram vir geteikende skole te verseker.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Alle geteikende leerders is gevoed.</li> <li>• Die bod-tenderspesifikasies is opgestel en suksesvol ingedien vir adverteringsdoel-eindes en verdere prosessering deur die Direktooraat: Logistiek. Die bod is in November 2006 geadverteer en het op 29 Januarie 2007 gesluit.</li> <li>• Oordragbetalings ten opsigte van vrywillige voedselwerkers is suksesvol uitgevoer.</li> <li>• Die Hoof van Onderwys het die NSVP se besigheidsplan vir 2007/08 goedgekeur.</li> <li>• Die komitee verantwoordelik vir die opstel van die Samewerkingsooreenkoms tussen die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) en die Departement van Gesondheid in die Wes-Kaap (DvG WK) het die dokument gefinaliseer. Hierdie dokument behoort in die eerste kwartaal van die volgende finansiële jaar (2007/08) goedgekeur te word.</li> <li>• Uit dokumente wat onderteken is deur distriksprogramkoördineerders is dit duidelik dat vrywilligers by 916 geteikende skole regoor die provinsie opgelei is in gas- en voedselveiligheid, die berging van voedsel en riglyne vir gekookte spyskaarte.</li> <li>• Alle befondste personeelvakatures is gevul.</li> <li>• 'n Opgedateerde inligtingsboekie is na alle geteikende skole versprei.</li> <li>• 'n Tweedaagse vergadering oor finansiële Beplanning is gehou voor die middeljaar-aanpassing van die aanlynbegroting.</li> <li>• Diensverskaffers het kombuistoerusting na 967 geteikende skole suksesvol afgelewer. NSVP-personeel het die aflewering van kombuistoerusting by 805 skole suksesvol gemoniteer.</li> <li>• 83 mobiele eenhede is opgerig by geselekteerde behoeftige skole wat geteiken is en is suksesvol gemoniteer.</li> <li>• 'n Opgedateerde deurlopende voorraadmoniteringsinstrument is voorberei en sistematies by geteikende skole geïmplementeer.</li> <li>• 'n Groep van 15 Direkteure van voedingsprogramme in verskeie state in die VSA het 'n dag by die provinsiale NSVP-kantoor deurgebring en 'n geteikende skool besoek. Die uitruil van inligting en ervaring is wedersyds voordelig gevind.</li> <li>• 8 geteikende skole is gedurende 'n internasionale skoolmelk-konferensie besoek as deel van 'n program. 'n NSVP-delegasie het deelgeneem aan die beplanning van die program en het die konferensie bygewoon.</li> <li>• 'n Suksesvolle driedaagse strategiese beplanningsessie het van 4 tot 6 Desember plaasgevind. Die Nasionale Waarnemende Direkteur: Me M Maduna, het die sessie as 'n waarnemer bygewoon.</li> <li>• Opleiding vir NSVP-personeel het op 25 Januarie en 15 Maart respektiewelik plaasgevind en die volgende onderwerpe is gedek: gasveiligheid en die goedkeuring van voedselprodukte. Sertifikate is aan NSVP-personeellede oorhandig.</li> </ul>



Projekdoelwitte	Prestasies
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 893 handleidings oor voedselveiligheid is van die nasionale Direkoraat: Voeding ontvang en deurlopend na skole versprei wanneer NSVP-personeel skole besoek het. Tussen 50% en 100% van die matriaal wat ontvang is, is alreeds na skole regoor die 7 provinsiale Distrikte versprei.</li> <li>• Die algemene moniteringsinstrument is opgedateer, hoofsaaklik om die verskillende voedselprodukte te akkommodeer.</li> <li>• NSVP-personeel by vyf uit die sewe provinsiale Distrikte het begin om by skoolprinsipale 'n gestandaardiseerde verslag in te dien oor die voltooiing van die monitering wat by geteikende skole uitgevoer is. Die oorblywende twee Distrikte het aangedui dat hulle hierdie verslag gedurende die eerste kwartaal van die 2007/8-finansiële jaar sou bekend stel.</li> <li>• Ongeveer 91% van die geteikende skole wat gedurende die 2006/07 finansiële jaar fondse ontvang het vir kombuistoerusting en mobiele eenheide is gemonitor.</li> <li>• Ongeveer 98% van al die geteikende skole bedien warm maaltye. Die oorblywende 2% het nie die nodige infrastruktuur om gasstowe en verwante toerusting wat vir die voorbereiding van warm maaltye benodig word, te akkommodeer nie.</li> <li>• 'n Nuwe stelsel is ontwikkel vir die goedkeuring van voedselprodukte voordat dit na geteikende skole gestuur word. Hierdie stelsel sal met die aanstelling van nuwe diensverskaffers bekend gestel word.</li> </ul>
<p>Om die ontwikkeling van voedseltuine en ander volhoubare voedselproduksie-aktiwiteite by geteikende skole waar daar infrastrukturele gereedheid, personeel en gemeenskapstoegewydheid is, aan te moedig, daarvoor te adviseer en dit te ondersteun.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kapasiteitsbouwerkssessies rakende verskillende onderwerpe is regoor alle distrikte in die provinsie gehou. Opvoeders, leerders en ouers het hierdie werkssessies bygewoon.</li> <li>• Voedseltuine is suksesvol gevestig by geteikende skole regoor alle distrikte.</li> <li>• Aan die einde van die 2006/7-finansiële jaar het die totale aantal voedseltuine by geteikende skole 219 beloop.</li> <li>• Vyf lede van die gemeenskap wat in Cypress Primêre Skool in Athlone werk, het hulle daartoe verbind om na die tuin om te sien, selfs gedurende skoolvakansies. Dit is 'n duidelike aanduiding van hul geesdrif om 'n tuin te hê.</li> <li>• Werksverhoudinge is uitgebrei met die Landbou-opleidingsbeampte verantwoordelik vir die Khayelitsha en Gugulethu areas. Hy het onderneem om Litha Primêre Skool in Gugulethu te voorsien van noodsaaklike materiaal.</li> <li>• Verhoudinge is gevestig met 'n gemeenskapsorganisasie genaamd Oasis, wat in Grassy Park gebaseer is. Hierdie organisasie is betrokke by gemeenskapsontwikkeling deur sport, MIV/Vigs-bewustheidprogramme en groenteproduksie. Hulle (Oasis) het 'n groentetuin by Perivale en Zeekoevlei Primêre Skole in Grassy Park gevestig.</li> <li>• Die voedseltuine by Tyholora and Mzoxolo in George, Grootkraal in Oudtshoorn vaar baie goed (hulle het 'n wins van R525.00 uit aartappels en spinasie gemaak) en ook dié by Indwe Sekondêre Skool in Mosselbaai. Die Departement Landbou in Knysna het drie watertenke geskenk vir die opvang van reënwater.</li> <li>• Sir Lowry's Pass Primêr in Gordonsbaai het 'n produktiewe tuin met 'n besproeiingstelsel wat hulle van die Departement Landbou ontvang het.</li> <li>• 'n Vergadering is met die Provinsiale Direkteur van Voedselsekureit by Elsenburg gehou. Hierdie vergadering, wat op 6 Maart 2007 gehou is, was gemik op die uitbouing van verhoudinge met die Departement Landbou.</li> <li>• Ummangaliso Primêre Skool in Khayelitsha is in die proses om 'n groentetuin te vestig in samewerking met sommige gemeenskapslede.</li> <li>• In Wellington het die volgende kolleges onderneem om volgende kwartaal sommige skole te ondersteun: Phillipi Polisiekollege - Groenberg Primêr, Huguenote Kollege - Voorgroenberg en Kaput [Universiteit van Tegnologie] – beide Wagenmakervallei en Blouville Primêre Skole.</li> <li>• Cypress Primêr in Athlone het laat in verlede jaar 'n tuin gevestig, wat nou baie goed op dreef is. Hul spinasie en radys was reeds gedurende Maart 2007 gereed.</li> <li>• Sivuyiseni Primêr in Khayelitsha vorder goed met die kweek van groente en die benutting van tonnells wat aan hulle geskenk is deur Ark [skenkerorganisasie].</li> <li>• Op 27 Maart 2007 is 'n vergadering tussen die twee NSVP-amptenare en 'n Ark-amptenaar gehou oor die behoorlike gebruik van tonnells in Khayelitsha-skole. Beide partye het tot 'n ooreenkoms gekom om meer kapasiteitsbousessies vir die betrokke persone by al die bogenoemde skole te organiseer.</li> </ul>

## Voorwaardelike Toekenning: Herkapitalisering van VOO-kolleges

Projekdoelwitte	Prestasies
1. Om menslike hulpbronne te ontwikkel om die lewering van nuwe en moderne programme teen 2009 te ondersteun	In 2006 is 'n minimum van 450 opvoeder- en bestuurspersoneellede se kapasiteit gebou in verskeie elemente van beroepslewering ter voorbereiding van Vlak 2-programlewering in 2007. Werkswinkels en klaskamers is voorberei en toerusting en alle hulpbronne vir 11 NKR Vlak 2-programme is verkry.
2. Om stelsels en prosedures te ontwikkel om nuwe DvO-programme vanaf 2007 aan te bied en om verhoogde studentinskrywing te ondersteun	LAN's en WAN was ten volle operasioneel by 6 kolleges. 40 kampusse van 6 kolleges is provinsiaal en nasionaal gekoppel. Kolleges het moderne bate- en kampusbeheerstelsels. Suksesvolle Bemaking van Vlak 2-programme het plaasgevind.
3. Om klaskamers, laboratoriums en werkswinkels wat gebruik sal word vir die onderrig van nuwe programme op te gradeer/verander en op te knap Dit kan die verandering van bestaande geboue insluit	'n Minimum van 20 werkswinkels is opgegradeer om te voldoen aan bedryfsstandaarde; 'n minimum van 45 klaskamers is opgeknop vir hoë gehalte kurrikulumlewering, 11 hulpbronsentrums is toegerus en is operasioneel.
4. Om nuwe klaskamers, werkswinkels, kantore, grond, ens. te bou waar daar 'n duidelike aanduiding van behoefte is	Vier kampusse by Suid-Kaap Kollege is voltooi: Mosselbaai Kampus is ten volle operasioneel met voorafvervaardigde geboue wat vervang is en 3 werkswinkels, 4 klaskamers en 2 hulpbronsentrums wat voltooi is. Uitbreidings vir 7 klaskamers en 3 hulpbronsentrums vir die George-kampus is beplan en toegewys. 4 klaskamers, 2 werkswinkels en 1 hulpbronsentrum is by Beaufort-Wes-kampus voltooi en is operasioneel.
5. Om kollegepersonele op te gradeer	8 Kampuspersonele is opgegradeer ten opsigte van omheining, herverfraaiing, aanwysingsborde, elektrisiteit en plaveisel
6. Om toerusting aan te koop om onderrig en leer te ondersteun	Toerusting vir 72 werkswinkels by 27 kampusse is aangekoop, geïnstalleer en is operasioneel vir Vlak 2- en 3-lewering.
7. Om kurrikulum/programme en materiaal te ondersteun	LOOM vir die lewering van 11 Vlak 2- en 3-beroepsprogramme by 32 kampusse is aangekoop en is in gebruik.

### 12. Kapitale beleggings, batebestuur en onderhoud

Die Nasionale Tesourie het die Infrastruktuurontwikkelingverbeteringsplan (IOVP) geïnisieer om infrastruktuurlewering en besteding van infrastruktuurfondse in die verskillende provinsies van die land te verbeter. In die lig hiervan, is die Wes-Kaap baie trots op sy prestasies om infrastruktuur relatief vinnig te lewer en alle beskikbare infrastruktuurfondse te benut (bestee en/of verbind)

As 'n eerste stap in die rigting van die verbetering van infrastruktuurdienlewering, het die WKOD en die Departement van Vervoer en Openbare Werke (Werke) se operasionele amptenare ontmoet om die bestaande Dienleweringsooreenkoms (DO) te ondersoek en om operasionele riglyndokumente saam te stel wat nodig is om alle bepalings van die Dienleweringsooreenkoms uit te voer en daaraan te voldoen.

Daar kan nie aan die vereistes van die IDIP-proses en bepalings van die hersiene (DO) voldoen word nie gegee die huidige diensstaat. Dit word gereflekteer in die tipe vrae wat gedurende prestasie-oudits gestel word. Omdat daar nie aan alle vereistes voltooen word nie, word van die Direkoraat: Fisiese Hulpbronbeplanning-personeel verwag om talle ouditnavrae oor skoolinfrastruktuurkwesilysies te beantwoord.

'n Addisionele bedrag van R65 miljoen is gedurende die 2006/07-finansiële jaar vir infrastruktuur goedgekeur. Hierdie fondse is op die volgende manier toegeken:

- R39 miljoen vir die konstruksie van drie sekondêre skole in Khayelitsha
- R13,2 miljoen vir konstruksieprojekte by Mondale Sekondêre Skool (forum), Turfhall Primêre Skool (forum), Ravensmead Sekondêre Skool (forum), Khayamandi Sekondêre Skool (nuwe skool), Oaklands Sekondêre Skool (administrasiefasiliteit), Rosmead Primêre Skool (klaskamers) en Esselen Park Sekondêre Skool (administrasiefasiliteit).
- 'n Bedrag van R12,8 miljoen is oorgedra na skole vir die konstruksie van sale. Die betrokke skole is Sarepta Sekondêre Skool, Mzamomtsha Primêre Skool, Rocklands Sekondêre Skool, Scottsville Sekondêre Skool, Knysna Sekondêre Skool en Phoenix Sekondêre Skool.

Die geskeduleerde onderhoudsbegroting vir 2006/07 was R89,806 miljoen, waarvan R15 miljoen bestee is op die (UOWP) (Loodsprojek vir die Onderhoud van Geboue), wat deur Werke bestuur word.

'n Baie belangrike mylpaal is bereik in terme van die regte van SBL'e om skoolleidendom te verbeter. 'n Regsopinie het die saak in die reine gebring en fondse mag nou na skole oorgedra word – of dit PIT (Provinsiale Infrastruktuurtoekenning) of billike toewysingsfondse is.

Prosedures is in plek gestel sodat skole die projekte kan bestuur. Die prosedures verminder nie slegs die risiko van wanbestuur van Staatsfondse nie, maar bied ook duidelike riglyne om te verseker dat projekte suksesvol voltooi word. Gehaltebeheer is gedurende die konstruksieproses geïmplementeer sodat die voltooide infrastruktuur nie gedurende daaropvolgende jare 'n bykomende finansiële las op die WKOD se onderhoudsbegroting sou wees nie.

## 12.1 Beleggings op vaste kapitaal

### 12.1.1 Bouprojekte gedurende 2006/07 voltooi

#### Opsomming:

Kapitale Werke	Aantal projekte voltooi		Skole
Skoolbouprojekte	Primêre skole	1 van 2	Imvulmelwano PS (30)
	Sekondêre skole	2 van 3	Kuilsrivier SS (37) en Khayamandi SS (Tydelike gebou (10). Bloekombos SS (Tydelike gebou) (15) nader voltooiing.
Onderriglokale as deel van elke nuwe skool of as afsonderlike projekte	Primêre skole	114 van 22	Conville PS (6) (Equity Share (ES)), Rainbow PS (6) (ES), Parkdene PS (6) Imvulmelwano PS (30) en Kretchenshoop PS (6), Meulenhof PS (3) (SGB), Siyafuneka PS (5) (SGB), Vredendal PS (22) (ES), Heinz Park PS (30) (PIG)
	Sekondêre skole	111 van 30	Simunye SS (6), Manzomthombo SS (6), Zolani CS (5), Kuilsrivier SS (37), Khayamandi SS (tydelike gebou (10), Bridgton JSS (5) en Van Cutsem Gekombineerde Skool (6), Naphakade SS (3) (SGB), Wellington SS (6) (SGB), Bloekombos SS (22) (SGB), Murray SS (5) (ES), Kenmere PS (1) (SGB)
Hervestiging van mobiele klaskamers	Primêre skole	38 van 18	Citrusdal PS (SGB) (2), Dalubuhle PS (SGB) (2), Karookop PS (SGB) (1), Kleinrivier PS ((SGB) 1), Trevor Manual PS (SGB) (3), Lutzville PS (ES) (2), Steilhoogte PS (ES) (1), Melkbostrand PS (ES) (1), Phakamisani PS (ES) (2), Sedgfield PS ((ES) (1), Slangrivier PS (1), Melkhoutfontein PS (1) en Mzoxolo PS (1), Bongulethu PS (3) (SGB), Masakhane PS (5) (SGB), Lukhanyo PS (2) (SGB), Amalienstein PS (3) (SGB), Vuyani PS (3) (SGB), Sir Lowry's PS (3) (SGB) (3),
	Sekondêre skole	24 van 7	Wesbank SS (SGB) (8), Umyezo Wama Apile PS (SGB) (4), Sizimisele SS (SGB) (4), Sitembele Matiso SS (3) (SGB), Khayamandi SS (2) (SGB), Thandokhulu SS (3) (SGB)

Kapitele Werke	Aantal projekte voltooi		Skole
Forums	Primêre skole	3 van 4 2 onder konstruksie	<b>Voltooi:</b> Wesfleur PS (ES), Victoria Park PS (ES), Panorama PS (ES). <b>Onder konstruksie:</b> Turfhall PS (PIG), Protea Park PS (ES)
	Sekondêre skole	11 van 9 7 steeds onder konstruksie	<b>Voltooi:</b> Ladismith SS (ES), Imizamo Yethu SS (SGB), Glendale SS (SGB), Bridgton SS (ES), Charleston Hill SS (ES), Heideveld SS (ES), Proteus SS (PIG), Villiersdorp SS (ES) en Luhlaza SS (SGB), Kasselsvlei SS (SGB), Spine Road (SGB). <b>Onder konstruksie:</b> Paulus Joubert SS (ES), Ravensmead SS (PIG), Mondale SS (PIG) en Matthew Goniwe SS (SGB), Gugulethu Comp Skool (SGB), Vusisiswe SS, (SGB), Rocklands SS (SGB)
Toilette	Primêre skole	109 van 66	Imvulmelwano PS (33 WCs), Garden Village PS (10 WCs) (SGB), Vredendal PS (33 WCs) (ES), Heinz Park PS (33 WCs) (PIG)
	Sekondêre skole	81 van 81	Kuilsrivier SS (27 WCs), Khayamandi SS (Tydelike gebou (10 WCs), Bloekombos SS (Tydelike gebou (17 WCs) (Inkwenkwezi SS (27 WCs)
Opgraderingsprojekte	Primêre skole	0 van 1 1 steeds onder konstruksie	<b>Onder konstruksie:</b> Thembani PS (Administrasieblok)
	Sekondêre skole	1 van 1 2 steeds onder konstruksie	<b>Voltooi:</b> Auriel Kollege (ES) <b>Onder konstruksie:</b> Essellen Park SS (PIG) en Oaklands SS (PIG)

### 12.1.2 Onderhoudsprojekte gedurende 2006/07 onderneem

Aantal projekte	Begroting vir 2006/07 R'000	Beraamde Finale koste R'000
*2005/06-2007/08 1 201 projekte	89, 806	91, 072

\*n aanduidende aantal projekte

#### Vordering gemaak met die aanspreek van die onderhoudsagterstande gedurende die verslagjaar

Die beraamde koste vir die vervanging van alle bestaande skoolgeboue in die Wes-Kaap is R12 biljoen. Volgens die Staatsdienskode, moet 1,5% van die vervangingswaarde van 'n gebou jaarliks beskikbaar gemaak word om dit te onderhou. 'n Bedrag van R180 miljoen, voor eskalاسie, moet dus jaarliks begroot word vir die onderhoud van onderwysgeboue in die Wes-Kaap.

Die onderhoudsbegroting vir 2006/07 was R89,806 miljoen. Hierdie bedrag verteenwoordig slegs 50% van wat werklik benodig word om die WKOD-skoolgeboue te onderhou. Teen hierdie tempo is die onderhoudsagterstande besig om toe te neem.

Ongeveer 3 500 klaskamers is met onvanpaste materiaal gebou, soos hout, veselbord of asbes-sement. Die klaskamers of skole wat van hierdie materiaal gebou is, is kwesbaar vir vandalisme of diefstal en benodig gereelde onderhoud. Volgens verslae deur konsultante wat na afloop van die evaluering van sodanige klaskamers of skole by die Departement van Openbare Werke ingedien is, word voorgestel dat sodanige geboue uifaseer word. Leerders sou na nabygeleë skole wat kapasiteit het gekanaliseer kon word.

## **Uitgebreide Openbare Werke-Program (UOWP)**

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (Werke) het die UOWP in 2004 bekend gestel. Hierdie program het die skoonmaak van ablusiefasiliteite, persele, tuine en skryfborde behels, insluitende die vee en polering van vloere/gange. Elke drie maande is graffiti van mure en geute verwyder en is reënwaterkanale skoongemaak.

Vier-en-veertig (44) skole in die Weskus Distriksmunisipaliteit (Saldanha, Bergrivier, Swartland Munisipaliteite) het aandag ontvang tot die waarde van R1,325 miljoen en 412 in die Kaapse Metropolitaanse gebied het aandag gekry tot die waarde van R13,172 miljoen.

## **12.2 Batebestuur**

### **Onroerende bates**

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en die Skoolregister van Behoefte-Inligtingstelsel (SRBIS), wat toereikend is vir die bestuur van onroerende bates.

### **Groot roerende eiendom**

#### **Hoofkantoor en OBOS'e (insluitende kantore verbonde aan die OBOS'e)**

Ten opsigte van roerende bates, het die WKOD 'n batebestuurseenheid gevestig. Hierdie eenheid vorm een van die pilare van die Voorraadketting-eenheid

Alle meubels en toerusting wat vir die Hoofkantoor en die OBOS'e benodig is, is vasgelê op 'n inventaris van roerende bates ingevolge die bepalings voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie. 'n Jaarlikse oudit van alle roerende bates (November) en 'n voorraadopname (Februarie/Maart) is onderneem met behulp van 'n privaat kontrakteur spesifiek aangestel vir hierdie doel.

Die volgende maatreëls is toegepas om die Integriteit van die data te verseker wat 'n effektiewe dataregister ondersteun wat rekenkundige standaarde handhaaf en 'n effektiewe, doeltreffende en akkurate rekonsiliasie van inligting verseker.

- Jaarlikse voorraadopname deur die Departement onderneem soos voorgeskryf in die Tesourieregulasies.
- 'n Halfjaarlikse voorraadopname word ook beplan in die lig van die volume van die items.
- Inventarisse is deur die verantwoordelike amptenare afgeteken en deur kostesentribu bestuursders gesertifiseer.
- Omsendbriewe is uitgereik in lyn met Hoofstuk 10 van Tesourieregulasies.
- Verkrygingsprosedures vir bates is uiteengesit in die Rekenpligtige amptenaar-stelsel.
- 'n Rekonsiliasie van aankope op LOGIS en die besteding op BAS is elke maand gedoen.
- Die batreëster bevat al die inligting vereis in terme van Tesourieregulasies.

Die meganismes wat geïmplementeer is om te verseker dat 'n doeltreffende stelsel van Identifisering, veiligbewaring, monitering en rekordhouding van roerende bates in plek was, is as volg:

- Alle bates is met 'n staafkode, "RSA", gemerk en in inventarisse aangeteken.
- Alle bates is in die roerendebatreëster in al die batekategorieë aangedui wat deur Tesourie geïdentifiseer is en is unieke nommers (staafkodes) toegeken.
- Kostesentribu bestuursders is verantwoordelik vir die veiligbewaring van hul bates.
- Alle roerende bates is aangeteken in 'n inventaris per kostesentrum en plek. Inventarisse is gesertifiseer as korrek deur die kostesentribu bestuursders en sigbaar vertoon by elke plek.

## Skole

Dit is besluit om oordragbetalings na skole te maak ooreenkomstig bestaande Tesourieriglyne sodat skole hul eie toerusting by gekontrakteerde verskaffers kon aankoop. Alle aankope vir skole is van die LOGIS-Bateregister verwyder aangesien dit, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, (Wet Nr. 84 van 1996), as inventarisitems van die skole beskou word. Skole moet dus in hul jaarlikse finansiële state verslag doen oor hierdie inventarisitems. Die LOGIS-Bateregister reflekteer slegs die inventaris vir die Hoofkantoor van die WKOD en die OBOS'e en hul onderskeie dienspunte.

### Planne rakende roerende bates, soos motorvoertuie

Die Provinsiale Departement van Vervoer en Werke (Staatsmotorvervoer) bestuur die voorsiening, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde Staatsgarage (GG)-motorvoertuie. Hulle sien ook om na die lisensiering, onderhoud en brandstofvoorsiening van die voertuie, sowel as die byhou van 'n bateregister op die Fleetman-stelsel. Hulle formuleer ook provinsiale beleid met betrekking tot die gebruik van GG-voertuie.

Die WKOD verseker dat die provinsiale beleid nagekom word. Dit hou ook 'n register van voertuie in gebruik van die WKOD by, monitor voertuiggebruik deur middel van 'n logvel en verseker dat die voertuie padwaardig is en behoorlik onderhou word.

Die huidige vloot voldoen aan die behoeftes van die WKOD soos tans.

### Maatreëls geneem om te verseker dat die Departement se bateregister op datum is

'n Jaarlikse voorraadopname word gedoen om te verseker dat die WKOD se bateregister op datum bly. Die fisiese verifiëring van bates is aan 'n kundige diensverskaffer uitgekonnekteer.

## 13. Koördinerings, samewerking en uitkontraktering van planne

### 13.1 Interdepartementele koppelings

Die WKOD is die leidende departement verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en monitering van die provinsie se MKOS. Die omvangrykheid van die taak vereis egter dat alle regeringsdepartemente op provinsiale en plaaslike regeringsvlak die strategie ondersteun en help met die implementering daarvan. Sleuteldepartemente sluit in die Departement van Gesondheid, Maatskaplike Ontwikkeling, Gemeenskapsveiligheid asook Vervoer en Openbare Werke. Daarby speel die sosiale vennote, d.i. georganiseerde besigheid, georganiseerde arbeid en die burgerlike samelewing, deur die Provinsiale Ontwikkelingsraad, ook 'n sleutelrol in die vorming en implementering van die MKOS.

Gereelde vergaderings en besprekings rakende onderwysbeleid word met die nasionale Departement van Onderwys en die ander provinsiale onderwysdepartemente gehou in forums soos die ROM, die Komitee van Onderwyshoofde (KOH) en sy verskillende subkomitees.

Besprekings met susterdepartemente oor inter-sektorale samewerking vind ook gereeld plaas, veral met die Departement van Gesondheid ((MIV/Vigs) en lewensvaardighede, gesondheid en welsyn in skole, vroeë identifisering en skoolgesondheidsdienste; Gemeenskapsveiligheid (Veilige Skole-Projek en Leerderondersteuningsbeamptes-projek om stokkiesdraai en jeugdige misdadigheid te verminder); die Premierskantoor (Kantoor van die Status van Gestremde Persone – Provinsiale Geïntegreerde Gestremdheidstrategie); Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (*Learning Cape*-Fees en ekonomiesegroei-sektore); en Vervoer en Openbare Werke (kapitale projekte en onderhoud). Kwartaallikste vergaderings word met die GDGP-projekkoördinerende komitee gehou oor die voorsiening van skoolgeboue in voorheen benadeelde areas. Besprekings met susterdepartemente oor geïntegreerde holistiese ontwikkeling vind ook gereeld plaas. 'n Geïntegreerde Provinsiale Strategiese Plan vir MIV en Vigs is in samehang met provinsiale en plaaslike regeringsdepartemente ontwikkel en is alreeds deur die Provinsiale Vigs-Raad bekragtig.

Die BVOO-subdirekoraat van die WKOD is betrokke by talryke vennootskappe met ander provinsiale regeringsdepartemente. Deur hierdie vennootskappe, kry werknemers van provinsiale departemente die geleentheid om 'n AOO-Sertifikaat te verwerf. 'n Transversale Beleid vir BVOO-lewering vir Werknemers van Provinsiale Regeringsdepartemente is in plek. Vennootskappe word op provinsiale en sentrumvlak gesluit. Hierdie riglyne sluit, onder andere, fases in die implementering van 'n vennootskap in, rolle en verantwoordelikhede van die betrokkenes, koste en kostedrywers. 10 provinsiale departemente, sowel as die nasionale Departement van Waterwese en van Korrektiewe Dienste, vorm deel van hierdie vennootskappe. Om die vennootskappe te formaliseer, is samewerkingsmemoranda ontwikkel. Beide partye, d.i. die WKOD, as die diensverskaffer, en die vennoot (bv. provinsiale departement), moet hierdie ooreenkoms onderteken. Sodanige ooreenkoms is ook met Metrorail onderteken. Konsep-samewerkingsooreenkomste is opgestel en moet saam met die Provinsiale Departement Maatskaplike Dienste, Vervoer en Werke en Gesondheid onderteken word.

### **13.2 Bande met plaaslike regerings**

Die WKOD werk met die Stad Kaapstad saam betreffende die Stedelike Vernuwingsprogram (SVP) en die Sentraal-Karoo Munisipaliteit rakende die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingsprogram (GVLOP). Die doel van beide programme is om geïntegreerd saam te werk met ander departemente en regerings om armoede te verlig deur vaardigheidsontwikkeling vir werkloses.

Besprekings het plaasgevind tussen die WKOD en die Stad Kaapstad sowel as SALGA met betrekking tot –

- belyning van die MV/Vigs- en Lewensvaardigheidsprogram, Portuuronderwysprogram, en die Multisektorale Aksiespanne vir MIV/Vigs (MSAS'e) op subdistriksvlak;
- belyning van die WKOD se IKT-inisiatief met die Smart Cape-inisiatiewe; en
- die goedkeuring van struktuurplanne (Stadsbeplanning).

### **13.3 Openbare entiteite**

Daar is tans geen openbare entiteite waarvoor die WKOD verantwoordelik is nie.

### **13.4 Openbare, privaat vennootskappe, uitkontraktering, ens.**

Alhoewel die WKOD geen volstreekte openbare-private vennootskappe (OPV) het nie, het die departement 'n aantal intervensies en projekte gevestig in 'n poging om verskeie aspekte van gehalte-onderwys in skole te takel. Hierdie projekte en intervensies word bestuur óf deur die WKOD (deur die OBOS'e) direk bestuur óf deur verskeie nie-regeringsorganisasies (NRO's). Hierdie vennootskappe is gewoonlik transversaal (binne die WKOD) en/of multisekoraal van aard, bestaan om psigo-sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek wat, as dit nie effektief getakel word nie, die voorsiening van gehalte-onderwys in skole ondermyn, en word voorts gevestig om die poel van beskikbare fondse te vergroot terwyl die WKOD tog 'n geringe finansiële belegging kan maak.

Die Globale Fonds, deur die Departement van Gesondheid, ondersteun 'n strawwe MIV/Vigs-portuuronderwysinisiatief in 94 sekondêre skole. 'n Bykomende 42 skole voltooi ook die implementering van hierdie program onder ander befondsing. Daar is ook 'n aantal ander laevlak-samewerkingsinisiatiewe binne die WKOD se MIV/Vigs-program.

Die WKOD werk met 6 privaat ontwikkelaars saam aan die ontwikkeling van stelsels vir gebruik in die Skooladministrasie en –Bestuurstelstels (SABS)-projek.

Die WKOD het ook met PETROSA saamgewerk. Hulle het 'n R12m-skoolgebou vir Rietvlei Primêre Skool in Mosselbaai voltooi en het al vier voormalige DOO-skole in Mosselbaai met moderne rekenaar- en wetenskaplaboratoriums toegerus.

'n Samewerkingsooreenkoms is ook onderteken tussen PETROSA en die Wes-Kaap Onderwysdepartement, wat 'n modus operandi voorsien vir die besteding van die R15 miljoen-skenking vir die konstruksie van 'n nuwe primêre skool in Vredenburg.

Garden Cities is betrokke by die konstruksie van forums vir skole. Hulle het forums vir Glendale Sekondêre Skool, Imizamo Yethu Sekondêr, Luhlaza Sekondêre Skool en Kasselsvlei Sekondêre Skool voltooi. Konstruksie vind ook plaas by Matthew Goniwe Sekondêre Skool in Khayelitsha en Intshukumu Comprehensive Skool in Gugulethu. Ooreenkomste is onderteken tussen Garden Cities en Knysna Sekondêre Skool, Sarepta Sekondêre Skool, Mzamomtsha Primêre Skool, Phoenix Sekondêre Skool, Scottsville Sekondêre Skool en Mountview Sekondêre Skool. Beplanning vind tans plaas.

Chamber of Commerce: Tegnopreneur-kompetisie vir graad 10's

SANTAM: Befonds beste praktyke vir EBW

Sanlam: Ontwikkeling van holistiese MIV/Vigs-kurrikulumgebaseerde program

Kaapstad Holocaust Sentrum: *Facing History and Ourselves* (Graad 9 tot 12)

### 13.5 Skenkergeld

Die WKOD het gedurende die 2006/07-finansiële jaar geen skenkergeld ontvang nie..



## BYLAE A: PRESTASIEMAATREËLS – 2006/07

### ► PM001: Persentasie van kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skool bywoon

Dit is die persentasie van die kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie wat enige skool of onderwysinrigting bywoon. Hierdie prestasiemaatreël toon hoe effektief die onderwysregte van kinders, soos uitgedruk in die Grondwet, vervul word, en die mate waartoe die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet wat na verpligte skolling verwys, nagekom word.

**Bron:** Vir nie-sensusjare word data van StatsSA se Algemene Huishoudelike Opname (AHO) van toepassing op die betrokke jaar gebruik vir sowel die noemer en en aanduiders.

### ► PM002: Persentasie jeugdiges bo die verpligte skoolgaande ouderdom wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon

Dit is soortgelyk aan PM001, behalwe dat hierdie prestasiemaatreël na ouer kinders verwys. Dit is die persentasie van die bevolking in die provinsie van ouderdom 15 tot 17 wat enige skool of ander onderwysinrigting bywoon. Dit toon hoe suksesvol die regering en die land is in die voorsiening van skoling en ander onderwys bo die basiese onderwysvlak. Terwyl die Grondwet nie onderwys vir hierdie ouderdomsgroep 'n basiese reg maak nie, verplig dit die regering om verdere onderwys progressief beskikbaar en toeganklik te maak vir ons jeug.

**Bron:** Vir nie-sensusjare, word data van StatsSA se Algemene Huishoudelike Opname (AHO) van toepassing op die betrokke jaar gebruik vir sowel die noemer en aanduiders.

### ► PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders

Dit is die regering se besteding op die armste een vyfde van kinders en leerders as 'n persentasie van die regering se besteding op die mins arm een vyfde. Gedurende die laaste jare van apartheid was die syfer in die omgewing van 20%. Dit is die regering se doel om hierdie persentasie tot meer as 100% op te skuif vir alle provinsies. Daar is baie faktore wat hierdie persentasie op en af laat gaan: die pro-arm-posvoorsiening en skooltoekenningsbeleide van die regering, die regering se skoolbouprogram (stoot die persentasie op), die aantal arm kinders wat nie skool bywoon nie (en dus geen onderwysbefondsing ontvang nie); probleme om onderwysers na die landelike gebiede te lok (hierdie faktore stoot die persentasie af).

**Bron:** Inskrywingsydres vir leerders in openbare gewone skole in kwintiel 1- of kwintiel 5-skole word verkry van OBIS-inskrywingsyfers soos computed uit die Jaarlikse Skoleopname (JSO).

### ► PM004: Jare inset per VOOS-afgestudeerde

Dit is die aantal jare skoolonderwys wat die regering belê om elke graad 12- of gelykstaande afgestudeerde te lewer. Omdat leerders herhaal en omdat leerders uitsak voor die einde van graad 12, is die aantal jare altyd meer as 12. Deur egter die aantal jare so laag as moontlik te hou, kan die regering meer onderwys van 'n beter gehalte vir meer mense aanbied.

**Bron:** Provinsies kan tans nie hierdie PM compute nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie.

### ► PM005: Gemiddelde hoogste skoolgraad bereik deur volwassenes in die bevolking

Die maksimum waarde moontlik vir hierdie prestasies maatreël is 12. Dit sou die geval wees as alle volwassenes in die bevolking graad 12 voltooi het. Soos ons samelewing meer educated word, behoort die waarde van hierdie prestasiemaatreël te verhoog. Ons moet redelik geleidelike toenames verwag, aangesien dit baie jare van skoolopleiding en BVOO verg om die algehele vlakke van onderwys regoor die totale volwasse bevolking.

**Bron:** Vir nie-sensusjare, is die data vir die noemer en aanduiders gebaseer of voorbeelddata afgelei van StatsSA huishoudelike opnames.

► **PM006: Volwassene-geletterdheidsyfer**

Dit is die persentasie volwassenes wat kan lees en skryf, ten minste op 'n basiese vlak. Ons grondwet waarborg die reg op 'n basiese onderwys vir alle volwassenes wat in die verlede daarvan weerhou was. Vir menseregteredes, maar ook ter wille van ekonomiese ontwikkeling, is dit vir die regering 'n belangrike prestasiemaatreël. Ons doel moet wees 'n 100% volwassene-geletterdheidsyfer.

**Bron:** Vir nie-sensusjare, is die data gebaseer op voorbeelddata afgelei van StatsSA huishoudelike Opnames of bevolkingskattings soos voorsien deur die DvO.

► **PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie en –Bestuurstelsel implementeer**

Die Skooladministrasie en –Bestuurstelsel (SABS) is 'n nasionaal ontwerpte en gerekenariseerde stelsel wat skole in staat stel om hul inligting rakende hul leerders, personeel, fasiliteite en finansies meer effektief te organiseer en gebruik. Hoe groter die aantal skole met SABS, hoe beter is die dienste wat ons van skole van kan verwag.

**Bron:** Alle skole het nie spesifiek die SABS in plek nie, maar alle skole het CEMIS in plek. Die WKOD het goedkeuring van DvO ontvang om 'n koppeling te ontwikkel tussen CEMIS en SABS. Met behulp van Cel, is die diens van 'n ontleder verkry om te begin met die implementering van 'n koppeling tussen CEMIS en SABS. Die stelsontledingsfase is in die eerste kwartaal van 2007 voltooi, terwyl die ontwikkeling van die integrasie ten einde van die akademiese jaar goed op dreef behoort te wees. Hierdie ontwikkeling sal die integrasie van SABS met CEMIS moontlik maak.

► **PM102: Persentasie skole wat elektronies gekontak kan word deur die departement**

E-pos stel skole in staat om die Departement vinnig te kontak wanneer daar 'n probleem is wat die Departement moet hanteer. Hierdie vorm van kommunikasie stel ook die Departement in staat om vinnig en teen 'n lae koste inligting oor beleidsverandering, deurlopende projekte en algemene omsendbriewe te kommunikeer. Dit is die regering se doel om te verseker dat alle skole e-verbinding geniet.

**Bron:** Die ASS bied inligting oor die aantal skole wat e-pos vir administratiewe doeleindes gebruik.

► **PM103: Persentasie swart vroue in bestuursposisies**

Dit is die persentasie swart vroue in bestuursposisies. Alhoewel diensbillikheid 'n aantal areas dek, is swart vroue in bestuursposisies baie belangrik om die vordering in die rigting van diensbillikheid in Provinsiale Onderwysdepartemente uit te lig.

**Bron:** PERSAL

► **PM104: Persentasie van huidige besteding aangewend vir nie-personeelitems**

Dit is die persentasie van onderwysbesteding, benewens besteding op fisiese infrastruktuur (Nie-personeel Nie-kapitaal), wat aangewend word vir nie-personeelitems soos handboeke, skryfbehoeftes en leerdervoer.

**Bron:** Provinsiale begrotingstate en jaarverslae

► **PM201: Persentasie leerderdae gedek deur die voedingsprogram**

Dit is die aantal middagetes wat deur die regering se voedingsprogram by skole voorsien word, gedeel deur al die leerderdae in 'n jaar ('n leerderdag is een leerder se bywoning op een dag). Hierdie persentasie verhoog wanneer die voedingsprogram meer leerders dek, of wanneer elke leerder meer middagete in een jaar ontvang. Die maksimum moontlik is 100%. Ons sou verwag dat die persentasie hoër is in daardie provinsies met die hoogste armoedevlakke.

**Bron:** Die ASS het 'n vraag oor die aantal leerders wat ondersteuning ontvang onder die NSNP. Dit samel tans nie inligting in oor die aantal dae wat hierdie ondersteuning by elke skool aangebied word nie, maar ander provinsiale databronne word hiervoor gebruik.

Statistiek oor skoolvoeding word in die statistiese tabelle gespesifiseer en toon die leerders wat voordeel trek uit die program sowel as die gemiddelde aantal skooldae wat deur hierdie voedingsondersteuning gedek word.

► **PM202: Persentasie leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes**

Dit is die persentasie leerders in openbare gewone skole met spesiale onderwysbehoefte. Histories het sulke leerders probleme gehad om toegang tot openbare gewone skole te kry alhoewel, in die lig van die regering se inklusiewe onderwysbeleid, stappe geneem behoort te word om toegang vir gestremde leerders 'n realiteit te maak.

**Bron:** Hierdie PM kan tans nie rekenaarmatig gedoen word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Dit word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms verkry sal word deur die CEMIS-voorleggings van skole af.

► **PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening**

Dit is die persentasie openbare gewone skole met 'n mate van voorsiening van skoon water. Vir gesondheids- en ander redes is dit belangrik dat alle skole op die perseel toegang moet hê tot skoon water.

**Bron:** ASS-data toepaslik vir die betrokke jaar.

► **PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit**

Dit is die persentasie openbare gewone skole met elektrisiteitsvoorsiening. Elektrisiteit is 'n belangrike voorvereiste vir die benutting van moderne tegnologieë wat bestuur, onderrig en leer in skole kan bevorder.

**Bron:** ASS-data toepaslik vir die betrokke jaar.

► **PM205: Persentasie skole met 'n toereikende aantal funksionele toilette**

Dit is die aantal skole met minstens twee funksionele toilette vir elke klaskamer. Vir gesondheids- en skoolbywoningsredes is dit belangrik vir die skoolstelsel om te beweeg in die rigting van hierdie minimum norm vir alle skole.

**Bron:** Die totale aantal toilette en urinale sowel as die totale aantal nie-funksionerende toilette en urinale is te vind in die sanitasie-afdeling van die ASS. Die totale aantal klaskamers wat vir onderrig gebruik word of die totale aantal leerders per skool is ook in die ASS te vind.

► **PM206: Besteding op onderhoud as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur**

Dit is belangrik dat bestaande geboue en toerusting in die skoolstelsel behoorlik onderhou word sodat dit ten volle funksioneel is en vervanging tot die minimum beperk kan wees. Beleid bepaal dat jaarlikse besteding op onderhoud van fasiliteite ten minste 1,5% van die totale waarde van daardie fasiliteite behoort te beloop.

**Bron:** Syfers vir besteding op onderhoud word bepaal deur POD's se finansiële departemente soos per die SCOA grid en die kapitale waarde van bates word onttrek uit die toepaslike bateregister(s) bygehou deur die POD of die Provinsiale Departement van Openbare Werke.

► **PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas**

Dit is die persentasie skole met 'n leerder:opvoeder-verhouding groter as 40. Baie groot klasse is duidelik nie goed vir onderrig en leer nie, en die doel is om hierdie persentasie tot 0% te verlaag.

**Bron:** Beide leerder- en opvoedertotale word uit die ASS onttrek/extracted.

► **PM208: Persentasie nie-Artikel 21-skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal afgelewer teen dag een van die skooljaar**

Dit is die persentasie skole wat op die Departement staatmaak vir die verkryging van handboeke en ander LOOM, wat alles wat hulle verwag op die laaste teen die eerste dag van die skooljaar ontvang.

**Bron:** Supply Chain bestuur beskik oor die inligting oor die aflewering van handboeke.

► **PM209: Persentasie skole met Artikel 21-status**

Dit is die persentasie skole aan wie sekere bestuursverantwoordelikhede toegeken is, insluitend finansiëlebestuursverantwoordelikhede, ingevolge artikel 21 van die Suid-Afrikaanse Skolewet. (Dit het niks te doen met Artikel 21-maatskappye nie.) Dit is belangrik vir meer skole om gereed gemaak te word vir hierdie self-bestuurstatus sodat skole meer effektief kan reageer op plaaslike druk.

**Bron:** Die Direkoraat: Begrotingsadministrasie beskik oor hierdie inligting.

► **PM210: Persentasie werkdae verloor as gevolg van opvoederafwesigheid in openbare gewone skole**

Hierdie prestasiemaatreël neem enige afwesigheid van opvoeders van skole in ag, om enige rede, waar daar geen plaasvervangend opvoeder was nie. Vir skole om behoorlik te funksioneer, is dit belangrik dat leerders nie sonder hul opvoeders moet wees nie. Die doel moet wees om hierdie prestasiemaatreël so laag as moontlik te hou.

**Bron:** PERSAL, bestaande inligtingsbronne oor opvoeder **educator absenteeism** is egter nie geskik nie, aangesien PERSAL nie inligting bied oor hoeveel opvoeders afwesig was sonder 'n plaasvervangende onderwyser by die skool nie.

► **PM211: Persentasie leerderdae verloor weens leerderabsenteeism in openbare gewone skole**

Hierdie prestasiemaatreël is soortgelyk aan PM210, maar dit kyk na leerders in plaas van opvoeders. Enige afwesigheid van skool deur enige leerder word in ag geneem by hierdie prestasiemaatreël.

**Bron:** Die Departement het nie die operasionele stelsels in plek om die inligting oor leerderdae verloor weens afwesigheid nie te voorsien nie. 'n Proses is nou in plek gestel om hierdie inligting te verkry deur kwartaallikse voorleggings/indienings van skole in die toekoms.

► **PM212: Die prestasieverhouding van die mins benadeelde skole tot die mees benadeelde skole met betrekking tot graad 3**

Dit is die gemiddelde van die lees- en wiskunde-punte van graad 3-leerders in die armste skole relatief tot die gemiddelde vir die mins arm leerders, uitgedruk as 'n persentasie. Dit is nie net belangrik om die apartheidserfenis van ongelyke besteding op leerders te takel nie. Dit is ook belangrik om te verseker dat ongelykheide in leerderuitslae verminder word sodat leerders 'n meer gelyke begin in die lewe het.

**Bron:** Die resultate van die provinsiale toetsing van graad 3. Toetsing is in 2006 onderneem en word slegs elke tweede jaar gedoen, d.i. die volgende graad 3-toetse sal in 2008 onderneem word.

► **PM213: Herhaalsyfer in graad 1 tot 7**

Dit is die aantal leerders wat hul huidige graad in graad 1 tot 7 herhaal, gedeel deur alle leerders ingeskryf in graad 1 tot 7. 'n Hoë herhaalsyfer is costy sowel as skadelik vir onderrig en leer. Dit is belangrik dat hierdie prestasiemaatreël so laag as moontlik is.

**Bron:** Die WKOD, het, histories, herhalerinligting in **aggregated** formaat van skole gekollekteer drie maande in die volgende akademiese jaar. Oudits wat by geselekteerde skole gedoen is, toon egter dat hierdie inligting nie altyd akkuraat was nie. Die leerdertracking system is in 2006 geïmplementeer en die 2006-skooljaar is as loodsjaar beskou ten einde al die tandekryprobleme te hanteer. 'n Aanlyn-promosieproses is in 2006 suksesvol voltooi en in 2007 is 'n aanlyn-Kits 2007-proses voltooi. In die volgende verslag sal die departement in staat wees om verslag te lewer oor die herhalers in die provinsie sowel as oor leerders wat in die 2007-akademiese jaar uitsak.

► **PM214: Persentasie leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomstes in gesyferdheid en geletterdheid bereik**

Hierdie prestasiemaatreël is gebaseer op dieselfde data as PM212. Dit dui die persentasie van alle graad 3-leerders aan wat, gemiddeld/on average, aanvaarbare uitkomstes in gesyferdheid en geletterdheid behaal.

**Bron:** Die resultate van die provinsiale toetsing van graad 3. Toetsing is in 2006 gedoen en word slegs elke tweede jaar gedoen, d.i. die volgende graad 3-toetse sal in 2008 onderneem word.

► **PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomstes in wiskunde, geletterdheid en natuurwetenskappe behaal**

Hierdie prestasiemaatreël dui die persentasie van alle graad 6-leerders aan wat, gemiddeld, aanvaarbare uitkomstes behaal in gesyferdheid, geletterdheid en natuurwetenskappe.

**Bron:** Die resultate van die provinsiale toetsing van graad 6. Toetsing is laas in 2005 gedoen en word slegs elke tweede jaar gedoen, d.i. die volgende graad 6-toetse sal in 2007 onderneem word.

► **PM216: Persentasie meiseleerders wat wiskunde en Wetenskap in graad 10 – 12 aanbied**

Dit is die persentasie meiseleerders wat in graad 10, 11 en 12 vir wiskunde en Wetenskap ingeskryf is. Histories was meisies ondervteenwoordig in hierdie vakke, dus sal verhoogde deelname daarin 'n belangrike aanduider wees van die beweging in die rigting van 'n meer geslagsgebalanseerde VOO-band.

**Bron:** Die Jaarlikse Opname bevat inligting oor die aantal manlike en vroulike leerders wat Wiskunde en Wetenskap in graad 10 – 12 aanbied, en bied ook 'n aanduiding van die totale aantal leerders in hierdie grade..

► **PM217: Die prestasieverhouding van die mins benadeelde skole tot die mees benadeelde skole ten opsigte van die graad 12-slaagsyfer**

Dit is die gemiddelde van die Senior Sertifikaat-punte van graad 12-leerders in die amste skole relatief tot die gemiddelde vir die mins arm skole, uitgedruk as 'n persentasie. Hierdie prestasiemaatreël is dus soortgelyk aan PM209.

**Bron:** Databasis van die Senior Sertifikaat-Eksamens

► **PM218: Herhaalsyfer in graad 8 – 12**

Dit is dieselfde as PM213, behalwe dat hierdie prestasiemaatreël op graad 8 – 12 van toepassing is.

**Bron:** Die WKOD het, histories, herhalerinligting in gemiddelde vorm verkry van skole drie maande in die volgende akademiese jaar. Oudits wat by skole gedoen is, het egter getoon dat hierdie inligting nie altyd akkuraat was nie. Die leerderopsporingstelsel is in 2006 geïmplementeer en die 2006-skooljaar is as loodsjaar beskou ten einde die tandekryprobleme te hanteer. 'n Aanlyn-promosieproses in 2006 sowel as 'n aanlyn-kitsopnameproses in 2007 is suksesvol voltooi. In die volgende verslag sal die departement in staat wees om te rapporteer oor die herhalers in die provinsie sowel as oor die leerders wat uitsak in die 2007-akademiese jaar uitgesak het.

► **PM219: Slaagsyfer in graad 12-eksamens**

Dit is die totale aantal Senior Sertifikaat-geslaagdes in 'n jaar, gedeel deur die totale aantal 18-jariges. Dit is nie dieselfde as die Matriekslaagsyfer nie. Hierdie prestasiemaatreël neem twee dinge in ag. Eerstens neem dit in ag hoeveel jeugdiges deelneem aan die eksamens. Tweedens neem dit in ag hoeveel jeugdiges wat die eksamens skryf, dit ook slaag.

**Bron:** Die Senior Sertifikaat-eksamenverslag vir die vorige jaar. Die bevolking van 18-jariges word bepaal uit die bevolkingskattings voorsien deur die DvO.

► **PM220: Slaagverhouding in graad 12 vir wiskunde en wetenskap**

Dit is die totale aantal leerders wat in 'n jaar Senior Sertifikaat-eksamen in óf wiskunde- óf wetenskap slaag, gedeel deur die toale aantal 18-jariges. Soos die algehele slaagverhouding (sien PM219), voorsien hierdie prestasiemaatreël 'n idee van hoeveel uitset die onderwysstelsel lewer relatief tot die bevolking.

**Bron:** Die databasis van die Senior Sertifikaat-eksamens bevat inligting oor die aantal leerdes wat die Senior Sertifikaat-eksamens in Wetenskap of Wiskunde of beide geslaag het. Die DvO voorsien bevolkingskattings oor die aantal 18-jariges in die Provinsie.

► **PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomstes in alle leerareas bereik**

Hierdie prestasiemaatreël toon die persentasie van alle graad 9-leerders wat, gemiddeld, aanvaarbare onderwysuitkomstes bereik.

**Bron:** Graad 9-uitslae

► **PM301: Persentasie befondste onafhanklike skole vir moniteringsdoeleindes besoek**

Dit is die persentasie onafhanklike skole wat 'n regeringsubsidie ontvang wat vir doeleindes van gehaltebeheer gedurende die jaar deur die departement besoek word. Dit is belangrik dat die regering die gehalte van onderwys in onafhanklike skole monitor, en veral dié wat staatsubsidies ontvang, en optree waar minimum standarde nie nagekom word nie.

**Bron:** Die Onderwybestuurs- in ontwikkelingsentrums.

► **PM401: Persentasie kinders met spesiale onderwysbehoefte van verpligte skoolgaande ouderdom nie ingeskryf by onderwysinrigtings**

Dit is die persentasie gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom nie ingeskryf by enige onderwysinrigting nie. Dit is belangrik dat die regering toereikende en toepaslike toegang tot spesiale en openbare gewone skole vir hierdie leerders voorsien. Ideaal gesproke, moet hierdie prestasiemaatreeël 'n waarde van 0% toon.

**Bron:** Toepaslike vrae van die mees onlangse Algemene Huishoudelike Opname is gebruik.

► **PM501: Aantal VOO-kollegestudente relatief tot jeug in die provinsie**

Dit is die aantal VOO-kollegestudente, van alle ouderdomme, gedeel deur die jeug ouderdom 16 tot 18. Terwyl baie VOO-kollegestudente bo 18 sal wees, bied hierdie prestasiemaatreeël ons nietemin 'n nuttige aanduiding van hoe goed VOO-kolleges uitreik na die jeug en die bevolking as 'n geheel.

**Bron:** Vir nie-sensusjare is die bevolkingsyfers verkry van die mees onlangse Algemene Huishoudelike Opname of bevolkingskattings voorsien deur die DvO. VOO-individuele tellings is verkry van die VOO-kolleges.

► **PM502: Persentasie vroulike studente in tegniese velde**

Dit is die persentasie vroulike VOO-kollegestudente wat vir ingenieurswese of ander tegniese velde ingeskryf is. Histories was inskrywing van vroue in hierdie velde laag. Hierdie situasie behoort te verbeter in belang van geslagsbillikheid equity.

**Bron:** Alhoewel die inskrywingsrekords van die kolleges al die inligting vir die berekening van hierdie PM behoort te bevat, is daar tans geen sistematiese benadering by die POD'e of die DvO om hierdie inligting in te samel nie. Die data vir hierdie PM word tans van die VOO-kolleges verkry.

► **PM503: VOO-kollege-deurvoersyfer**

Dit is die aantal studente wat die finale eksamens slaag, gedeel deur die totale aantal studente wat die VOO-kollegestelsel ingegaan het met die bedoeling om die eksamens te slaag.

**Bron:** Om hierdie data aan te bied is 'n baie komplekse proses, waarvoor kolleges opgelei sal moet word om dit te bemeester. (Daar is geen neat/behoorlike/volledige/afgeronde eksamen een keer per jaar vir al die studente wat 'n eenvoudige basis vir die berekening sal bied, aangesien daar geen enkele eksamengesagsliggaam is nie – elke SETA het sy eie vereistes vir die assessering van hul programme.) Die data vir hierdie PM word tans van VOO-kolleges verkry.

► **PM504: Persentasie leerders in leerlingskappe geplaas deur VOO-kolleges**

Dit is die leerders in leerlingskappe wat hul opleiding deur 'n VOO-kollege ontvang, as 'n persentasie van alle leerlingskappe in die provinsie. Hierdie prestasiemaatreeël dui aan hoe effektief VOO-kolleges is om leerders uit die leerlingskapstelsel te trek.

**Bron:** Die rekordhouding oor leerlingskapaktiwiteit by die VOO-kolleges is nie 'n omvattende een nie, bloot omdat die kolleges se IT-stelsels nie ideaal gerat is vir hierdie tipe intervensie nie. Leerlingskappe is nie die kernbesigheid van die VOO-kolleges nie (dit is selffinansierend). Kolleges bied leerlingskappe as afsonderlike besigheidseenhede aan, deur personeel (administratief, opvoeders, projekbestuurders, ens.) aan te stel. Die implementering van die VOOMIS FETMIS (leerderopspringstelsel vir VOO-kolleges) sal in die toekoms met die voorsiening van hierdie inligting behulpsaam wees.

► **PM601: Aantal BVOO-leerders relatief tot volwassenes in die provinsie**

Dit is die aantal studente wat by openbare BVOO-sentrums geregistreer is, gedeel deur die totale aantal volwassenes in die bevolking. Hierdie persentasie gee 'n aanduiding van hoe uitgebreid die openbare voorsiening van BVOO in die provinsie is. extensive

**Bron:** Vir nie-sensusjare is die bevolkingsyfers vir volwassenes verkry van die Algemene Huishoudelike Opname vir die betrokke jaar of bevolkingsramings soos voorsien deur die DvO gebruik.

► **PM701: Persentasie van leerders in openbaar befondste graad R**

Dit is die totale aantal leerders in openbaar befondste graad R (in openbare skole of gemeenskapsentrums), gedeel deur alle vyfjariges in die bevolking. Terwyl dit nie die regering se doel is om 100% te bereik ten opsigte van hierdie prestasiemaatreël nie (dit kan verwag word dat sommige leerders privaat sentrums bywoon), bepaal beleid dat ons teen 2010 'n hoë vlak van tussen 80% en 90% moes bereik het.

**Bron:** Alhoewel die ASS as 'n toereikende databron vir skoolgebaseerde graad R geag kan, dek dit nog nie die gemeenskapsgebaseerde leerplekke nie. Alhoewel die bedoeling in Witskrif 5 is dat 10% of minder leerders in gemeenskapsgebaseerde leerplekke geakkommodeer moet word, het die implementering in verskeie provinsies gelei tot 'n situasie waar ver meer leerders eintlik van gemeenskapsgebaseerde leerplekke gebruik maak. Die syfers van die ASS sou daarom grossly onakkuraat wees.

Toegang tot baie landelike en afgeleë leerplekke bly 'n uitdaging vir OBOS'e. Dit verhinder ook die insameling van data rakende graad R in gemeenskapsentrums aangesien baie hiervan in informele nedersettings is, met scanty pos/fisiese adresse vir aflewering van opnamevorms. Verifiëring van ouderdomme by alle leerplekke is noodsaaklik om die korrektheid van claims te verseker.

Nieteenstaande die uitdagings ten opsigte van die brondata, is die AHO die mees toepaslike appropriate bron van data om vir die aanduiding van hierdie PM te gebruik.

## **VRYWARING**

Hierdie verslag is 'n vertaalde weergawe van die Ouditkomitee verslag wat goedgekeur en onderteken is. Die gedeelde Ouditkomitee aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.



## DEEL 3 – VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

### VERSLAG VAN DIE WES-KAAP PROVINSIALE REGERING SE OUDITKOMITEE OOR DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS (BEGROTINGSPOS 5) VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2007

#### 1. Inleiding

Die Ouditkomitee is tevrede om sy verslag vir die bovermelde finansiële jaar geëindig 31 Maart 2007 voor te lê.

#### 2. Ouditkomiteelede en Bywoning

2.1 Die Ouditkomitee bestaan uit die lede hieronder gelys. Die vereiste is dat daar 'n minimum van 4 keer per jaar byeengekom word soos per sy goedgekeurde Verwysingsraamwerk. Gedurende die huidige jaar is 6 vergaderings gehou.

2.2 Lede vir die jaar	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr. RG Nicholls (Voorsitter)	6
Dr. L Kathan	4
Mnr. J January	3
Mnr. R Lalu	5
Mnr. M Joshua (Aangestel 01 Mei 2006)	4

#### 3. Verantwoordelikheid van Ouditkomitee

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit al sy verantwoordelikhede ingevolge Artikel 38 (1)(a) van die Wet op die Bestuur van Openbare Fondse, 1999 (Wet 1 van 1999) en Tesourieregulasie 3.1.13 soos vereis, nagekom het.

Die Ouditkomitee rapporteer ook dat dit 'n toepaslike formele Verwysingsraamwerk as sy ouditkomiteehandves aanvaar het, sy sake ingevolge hierdie handves nagekom het en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat uitgevoer het.

#### 4. Effektiviteit van Interne Beheer

Na ons mening, gebaseer op die verslae wat van die diensverskaffers ontvang is en inligting wat gedurende ons ouditkomiteevergaderings gerapporteer is, bevat die internebeheer-omgewing leemtes wat onaanvaarbaar is en aansienlik opgeknop moet word in die finansiële jaar eindigend Maart 2008. Ons is verder oortuig dat bevindinge wat deur die oudit-diensverskaffers gerapporteer is tot positiewe veranderinge behoort te lei. Die Rekenpligtige Beampte het 'n ouditmoniteringspan aangewys met die opdrag om te verseker dat die nodige aandag geskenk word aan die bevindinge soos gerapporteer deur die diensverskaffers.

Die bovermelde opdrag het baie beperkte sukses opgelewer. Effektiewe uitvoering van hul taak moet 'n prioriteit wees vir die 2007/08-finansiële jaar.

#### 5. Interne Oudit

Soos verlede jaar deur die Ouditkomitee gerapporteer, was die interne oudit nie effektief vir die skep van die nodige positiewe veranderinge rakende die bevindinge van die oudit-diensverskaffers nie. Die interne ouditproses moet hersien word om te verseker dat waarde toegevoeg word deur die hantering van die gerapporteerde leemtes en die fasilitering van die nodige regstelling.

Inisiatiewe vir verandering en die interne auditplan vir 2007/08 is saamgestel met spesifieke insette van die Ouditkomitee en die departement ten einde hierdie proses in staat te stel om die vereiste regstellende waarde te lewer.

'n Gehalte-evalueringsondersoek is deur die Instituut van Interne Ouditeure (IIO) op die Provinsiale Interne Ouditfunksie onderneem, wat ook die Onderwysdepartement bedien. Die Ouditkomitee is in kennis gestel dat dit die opinie van die IIO is dat die Interne Ouditfunksie slegs gedeeltelik voldoen aan die Standaard van die IIO.

## 6. Die gehalte van bestuur gedurende ie jaar en maandelikse / kwartaallikse verslae voorgelê ingevolge die WBOP en die Wet op die Verdeling van Inkomste

Na ons mening is die vereistes van die WBOP en die Wet op die Verdeling van Inkomste deur die maandelikse en kwartaallikse verslae wat opgestel en aan belanghebbendes voorgelê is, nagekom.

Die bevindinge van die Monitoringstesourie-proses gedurende die jaar is nie aan ons komitee deurgegee nie. Sodanige proses kan die komitee in staat stel om enige beduidende afwykings wat gevind is, effektief te monitor.

Die Ouditeur-Generaal het 'n aantal foute in die ongeouditeerde Jaarlikse Finansiële State gevind rakende disclosure requirements. Hierdie aangeleenthede moes deur die afdeling Finansiële Beheer van die Rekeningekomponent bespeur gewees het vir regstelling voordat die Jaarlikse Finansiële State vir ouditering ingedien is.

## 7. Inligtingstegnologie

Inligtingstegnologie bly 'n area wat aandag nodig het. Die **transversale systems general** en toepassingskontroles word deur die Ouditeur-Generaal as onbetroubaar gegradeer.

Dit is voorts aan die Ouditkomitee gerapporteer dat die gebruikerkontroles wat met rekenaarinset en -uitset verband hou, nie-bestaande of oneffektief is, wat tesame met die leemtes in die algemene en toepassingsbeheer, daartoe lei dat hierdie areas hoërisiko-areas is.

Hierdie leemtes lei daartoe dat die gebruikerskontroles nie 'n betroubare bron is vir beide die auditproses en die gebruiker is nie.

Die Ouditkomitee het 'n interne auditverslag oor die provinsiale IT-funksie ontvang. Die verslag het 'n aantal kritieke leemtes blootgelê in die Ce-I-bestuurde IT-stelsels wat ook 'n impak het op hierdie departement. Die Ouditkomitee neem kennis dat sommige van die leemtes wat gerapporteer is verband hou met uitgediende IT-infrastruktuur, ontoereikende rugsteunstrategieë, hoë personeelvakaturesyfers binne die Ce-I en begrotingsbeperkings.

## 8. Evaluering van Finansiële State

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële state wat in die jaarverslag ingesluit sal word met die Ouditeur-Generaal en die Rekenpligtige Beampte nagegaan en bespreek;
- die Ouditeur-Generaal se bestuursbrief en die bestuur se reaksie daarop nagegaan;
- beduidende aanpassings voortspruitend uit die audit bestudeer.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die Ouditeur-Generaal se slotsom ten opsigte van die jaarlikse finansiële state en is van mening dat die geouditeerde jaarlikse finansiële state aanvaar en met die verslag van die Ouditeur-Generaal saamgelees moet word.

## Slotson

Soos verlede jaar afgelei, is goeie korporatiewe beheer en effektiewe beheermaatreëls, veral in die rekenaar- en risikobestuurareas, sake wat in die finansiële jaar eindigende Maart 2008 vir aandag en verbetering geprioritiseer moet word.



MNR RG NICHOLLS  
VOORSITTER: OUDITKOMITEE WES-KAAP  
ONDERWYSDEPARTEMENT  
DATUM: 17 September 2007

## DEEL 4 – JAARLIKSE FINANSIËLE STATE

Inhoud	Bladsy
Verslag van die Rekenpligtige Beampte.....	1
Verslag van die Ouditeur-Generaal .....	6
Rekenkundige Beleide.....	13
Begrotingstaat .....	21
Notas tot die Begrotingstaat .....	31
Staat van Finansiële Prestasie .....	32
Staat van Finansiële Posisie .....	33
Staat van Veranderinge in Netto Bates .....	34
Kontantvloeietaat.....	35
Notas tot die Jaarlikse Finansiële State.....	36
Openbaarmakingsnotas tot die Jaarlikse Finansiële State.....	46
Bylaes	
Bylae 1A .....	52
Bylae 1B .....	53
Bylae 1C .....	54
Bylae 1D .....	55
Bylae 1E .....	56
Bylae 1F .....	57
Bylae 1G .....	58
Bylae 2A .....	59
Bylae 2B .....	60
Bylae 3 .....	61
Bylae 4 .....	62

**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2007**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte**

Verslag deur die Rekenpligtige Beampte aan die Uitvoerende Gesag en Provinsiale Wetgewer van die Republiek van Suid-Afrika.

**1. Algemene oorsig oor die stand van finansiële sake**

Die goedkeuring deur alle belanghebbendes van die Menslikekapitaalstrategie (MKOS), wat een van die sleutelpilare is van die *iKapa eliHlumayo*-strategie, het 'n bepaalde rigting daargestel vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in die provinsie. Die belyning van alle aktiwiteite van die departement kan nou in alle erns begin. Die herontwerpproses, wat een van die eerste sleutelaktiwiteite van die departement is om implementering van die MKOS te verseker, het gedurende die verslagperiode 'n aanvang geneem. Dit verteenwoordig 'n beduidende tree in die rigting van ondersteuning aan skole in die lewering van gehalte-onderwys.

Die departement was in staat om uitvoering te gee aan een van sy sleutel-programgebaseerde strategieë, wat ook definitiewe teikens bevat. Die verhoogde befondsing van geoordeelde toekennings het verseker dat die departement hierdie teikens kon begin uitvoer. Die departement het egter beperkinge ervaar in spesifieke sektore, soos Vroeëkindertwikkeling waar daar, in sekere gevalle, geen tenders ingedien is nie, hoofsaaklik weens die relatiewe aanvangsstadium van hierdie mark.

Die departement ontvang die oorgrote meerderheid van sy inkomste van sy billike toewysing, wat die grootste is in die provinsie. Die departement het daarin geslaag om addisionele befondsing van R65 miljoen te vorder by die aanpassingsfase vir infrastruktuur te danke aan goeie bestedingspatrone. Die Nasionale Tesourie moes oortuig word om die addisionele befondsing te verseker as deel van die Wet op die Verdeling van Inkomste. Die departement het daarin geslaag om al hierdie fondse te bestee op die reuse-agterstand in infrastruktuurvoorsiening.

Die departement het 'n onderbesteding van R195 miljoen vir die 2006/07-finansiële jaar gehad. Die grootste deel van hierdie bedrag is toe te skryf aan arbeidsresolusies op nasionale vlak wat nie afgehandel is in die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys nie. Die gevolg is dat toestemming vir die oorrol van hierdie bedrag vir die tweede agtereenvolgende jaar van die Provinsiale Tesourie versoek moes word. Die res van die onderbesteding was vir infrastruktuur, waar Skoolbeheerliggame betrokke was by die konstruksie van bykomende klaskamers, forums, ens., wat teen jaareinde nog nie voltooi was nie. Die onderbesteding verteenwoordig 2.7% van aangepaste begroting.

**Viremente**

Die volgende viremente tussen hoofverdelings in die Begrotingspos is deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur.

Skuif van R132,000 van Program 7 na Program 3 weens die toename in leerderinskrywing by onafhanklike skole.

Skuif van R2,234,000 van Program 2 na Program 4 weens die implementering van die opgradering van prinsipale se vergoeding.

Skuif van R838,000 van Program 2 na Program 4 weens die toename in tariewe vir die gebruik van staatsmotorvervoer.

Verskuiwing van R4,606,000 van Program 7 na Program 5 vir die doel van die aankoop van 'n nuwe gebou vir gebruik as satelliet-VOO-kampus. Die totale bedrag van die gebou het R5,800,000 beloop.

**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2007**


Die verskuiving van R1,916,000 van Program 7 na Program 5 is soos volg verdeel: Die R1,194,000 om die oorblywende deel van die satellietkampus te befonds en die balans, d.i. R722,000, gebruik te word om die VOO-kolleges se diensstaat wat by die herkapitaliseringsproses betrokke was, te befonds.

### Staat van Finansiële Prestasie

Die Staat van Finansiële Prestasie is die gevolg van die aktiwiteite vir die jaar geëindig 31 Maart 2007.

### Verdeling van bedrae (Rm) uitgestem per program

1	Administrasie	293	4%
2	Openbare gewoneskoolonderwys	5,793	81%
3	Subsidies aan onafhanklike skole	34	0%
4	Openbare spesialeskoolonderwys	389	6%
5	Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges	271	4%
6	Basiese volwassene-onderwys en -opleidin	24	0%
7	Vroeë Kinderontwikkeling	101	1%
8	Hulp- & verwante dienste	211	3%
		<u>7,116</u>	<u>100%</u>



Program 1 inkorporeer Personeel- en Finansiële Bestuur, Senior Bestuur, die Ministerie, Kurrikulumbestuur, Inligtingstechnologie, Edumedia, Gebouebestuur en Bestuur van Skole met Spesiale Onderwysbehoefes. Program 2 tot 7 verteenwoordig die verskillende kategorieë onderwysinrigtings en beslaan 93% van die WKOD se totale besteding. Die bestuur van skole en ontwikkelingsentrums is ingesluit in Program 2. Program 8 sluit Eksamenadministrasie, Voorwaardelike Toelaes (MIV/VIGS, Finansiële Bestuur en Gehalteverbetering) en *iKapa Elihlumayo* in.

## 2. Dienste gelewer deur die departement

### 2.1 Tariefbeleid

Die departement lewer nie dienste wat onderhewig is aan tariewe nie ten opsigte van eksamenverwante dienste wat deur die Nasionale Departement van Onderwys voorgeskryf is.

### 2.2 Gratis Dienste

Die departement lewer nie gratis dienste wat beduidende inkomste kon lewer nie.

## 3. Kapasiteitsbeperkings

Alhoewel die departement sy sleutel-programgebaseerde strategieë ten uitvoer bring, word beperkinge ondervind, aangesien die departementele struktuur nie behoorlik belyn is om sodanige aktiwiteite effektief te kan hanteer nie. Die herontwerp van die departement sal hierdie beperking aanspreek met nuwe strukture wat gevestig sal word.

Die vulling van vakante poste bly 'n uitdaging weens die agterstand in geskoolde personeel vir wiskunde en wetenskapvakke. Die departement het egter beurse aangebied om in die toekoms hierdie probleem tot 'n mate op te los.

**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2007**

Die vakante poste by die Hoofkantoor, veral in die transversale dissiplines soos Menslikehulpbronbestuur, Voorraadkettingbestuur en Finansiële Rekenwese, bly 'n uitdaging. Inisiatiewe wat onderneem word om die problem te takel sluit in die opleiding van bestaande personeel en die herevaluering van posvlakke, as deel van 'n opvolgingsbestuursplan.

**4. Benutting van skenkergeld**

Die departement het nie enige beduidende skenkergeld ontvang nie.

**5. Handeldrywende entiteite en openbare entiteite**

Die departement het nie enige sodanige entiteite nie.

**6. Organisasies aan wie oordragbetalings gemaak is**

Die departement het ongeveer 1900 inrigtings aan wie oordragbetalings gemaak word.

Gepaste prosedures, soos bepaal ingevolge artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), word nagekom voordat 'n oordragbetaling gemaak word. In die meeste gevalle word van inrigtings verwag om geouditeerde finansiële state in te dien om nakoming te bewys.

**7. Openbare-private vennootskappe (OPP)**

Geen openbare-private vennootskappe is in die verslagjaar aangegaan nie.

**8. Maatreëls ten opsigte van korporatiewe beheer**

Huidige Tesourieregulasies bepaal die aanvaarding van 'n risikogebaseerde benadering tot 'n interne oudit. Hierdie benadering is in ooreenstemming met die King II-verslag.

'n Risikogebaseerde benadering vereis dekking van alle beduidende risiko's, maar is nie beperk tot 'n fokus op operasionele strategieë en strategiese risiko's nie.

Die funksie van interne oudit word tans deur die Provinsiale Tesourie uitgevoer met behulp van 'n eksterne diensverskaffer, *Sihluma Sonke* Konsortium. Hulle is die taak opgelê om die normale risiko-evaluering vir die 2005/06-finansiële jaar te onderneem gedurende die 2006/07-finansiële verslagjaar.

Die departement het 'n ouditkomitee, wat uit onafhanklike lede bestaan. Dit is tans in sy derde jaar van funksionering. Hulle kom gereeld byeen en tree gereeld met bestuur in gesprek. Die interne ouditfunksie rapporteer direk aan die Ouditkomitee.

Die departement het, in lyn met Tesourievereistes, 'n Risiko-evalueringseenheid. Een van sy hoof funksies is om 'n Risikobeleidsraamwerk te formuleer in samewerking met Provinsiale Tesourie. Die Risikobeleid sal lei tot 'n Bedrogrisiko-evalueringsbeleid. Alhoewel laasgenoemde tans nie bestaan nie, het die departement 'n generiese bedroegrooikomsplan, wat beduidend anders sou wees indien 'n bedrogrisiko-evaluering voltooi was.

**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2007**

Senior bestuur moet jaarliks 'n verklaring van 'Geen konflik van belange' voltooi en indien. Alle tenderkomiteede en alle personeel by Voorraadkettingbestuur moet ook enige konflik van belange verklaar. Die departement het die hulp van die Nasionale Intelligensie-agentskap ingeroep om die nodige sekuriteitsklaring vir die relevante senior personeel betrokke by Voorraadkettingbestuur, sowel as gewone operasionele personeel, te onderneem.

**9. Opheffing van Aktiwiteite/Aktiwiteite opgehef te word**

Geen

**10. Nuwe/voorgestelde aktiwiteite**

Geen

**11. Batebestuur**

Die bateregister voldoen aan die minimum vereistes soos voorgeskryf deur Nasionale Tesourie. Die bateverifiëringsproses is deur 'n eksterne diensverskaffer behartig. Die departement het die teikens behaal soos gestel vir die Batebestuurshervormingsproses.

**12. Transaksies van vorige bedelings (Opruim)**

Die Wes-Kaap Provinsiale Administrasie het ou balanse die vorige politieke bedeling geërf wat dateer uit die periode voor die 1994/1995-finansiële jaar. Die desentralisering van die rekenkundige funksies van die voormalige Departement van Finansies (FBD-Departement 70) het tot hierdie balanse gelei, insluitende ongemagtigde besteding, wat na die verskillende departemente oorgedra is. Die Wes-Kaap Provinsiale Tesourie is tans in konsultasie met die Nasionale Tesourie om die proses van die daarstelling van die nodige wetgewing om die ongemagtigde besteding te befonds, te bespoedig, aangesien hierdie ou balanse aangegaan is teen die SA Reserwe Bankrekening van die voormalige Kaapse Provinsiale Administrasie en die voormalige Huis van Verteenwoordigers, wat 'n bevoegdheid is van die Nasionale Tesourie.

**13. Gebeure na die verslagdatum**

Die Finansieswet vir die Voorraadrekwisiererekening is goedgekeur en in die huidige finansiële jaar deur die Kabinet aanvaar. Die bedrag van R26 miljoen vir hierdie oefening is in hersiening.

**14. Prestasie-inligting**

'n Goedgekeurde Strategiese Plan vir die periode 2007/08 tot 2009/10, met meetbare doelwitte, is by die Provinsiale Wetgewer ingedien. Prestasie-inligting en -evaluering word kwartaalliks onderneem en is in lyn met die doelwitte van die strategiese plan.

Die Direkoraat: Gehalteversekering is verantwoordelik vir die verifiëring van die data wat vir prestasiemaatreëls voorgelê word. Hierdie moniteringsaktiwiteite voorkom of ontbloot en korrigeer wesenlike wanverklarings in die prestasie-inligting wat gerapporteer word. Dit is noodsaaklik om te verseker dat prestasie-inligting akkuraat en volledig gereflekteer word.

Die stelsels in plek is hoofsaaklik die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel om leerderdata te voorsien, Persal om personeelgetalle te voorsien en BAS om bestedingsdata te voorsien.



WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5

VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2007

15. SKOPA-resolusies

Verwysing na vorige auditverslag en SKOPA- resolusies	Onderwerp	Bevindinge oor vordering
<b>Resolusie 1:</b> Ouditverslag 2004 Paragraaf 5.4(ii)	<b>Ongemagtigde besteding:</b> Besteding op geletterdheidsprogram 1991/92 – R21.949 miljoen en oorbesteding op begrotingspos van vorige Administrasie: Huis van Verteenwoordigers; 1995/96 – R10.707 million	Die komitee het aanbeveel dat die WKOD en die Provinsiale Tesourie weer dringende voorleggings maak aan die Nasionale Tesourie om die saak te bespoedig..
Vierde Verslag: SKOPA, Paragraaf 7.1	Belegging in Infrastruktuur	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings en het prosesse geïmplementeer om die komitee se bekommernisse aan te spreek.
Vierde Verslag: SKOPA, Paragraaf 7.2	MIV/Vigs	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings en het prosesse geïmplementeer om die komitee se kommer aan te spreek.
Vierde Verslag: SKOPA, Paragraaf 9.2	Prestasiemaatreëls	Daar word kennis geneem van die bekommernisse van die Komitee. Die WKOD voldoen aan die Nasionale Tesourie se rapporteringsvereistes en het 'n stelsel in plek om die inligting waaroor verslag gedoen word en die standaarde daarvan gereeld te beheer en te monitor.
Vierde Verslag: SKOPA, Paragraaf 9.3	Batebestuur	Kennis geneem van aanbevelings en die WKOD het bevestig dat die aanbevelings geïmplementeer word.

**Goedkeuring**

Die Jaarlikse Finansiële State soos uiteengesit op Bladsy 13 tot 62 is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur.



**RB Swartz**  
**REKENPLIGTIGE BEAMPTE**  
**DATUM: 31 MEI 2007**

## **VRYWARING**

Hierdie ouditverslag is 'n vertaalde weergawe van die ouditverslag wat goedgekeur en onderteken is. Die Kantoor van die Ouditeur-generaal aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.



## VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAP PROVINSIALE PARLEMENT OOR DIE FINANSIËLE STATE EN PRESTASIE-INLIGTING VAN BEGROTINGSPOS 5 – DIE WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2007

### VERSLAG OOR FINANSIËLE STATE

#### Inleiding

1. Ek het die meegaande finansiële state van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) geouditeer wat bestaan uit die stand van finansiële posisie soos op 31 Maart 2007, appropriasiestaat, staat van finansiële prestasies, staat van veranderinge in netto bates en kontantvloeistaat vir die jaar toe geëindig, en 'n opsomming van beduidende beleide en ander verduidelikende notas, soos uiteengesit op bladsy 13 tot 62.

#### Verantwoordelikheid van die rekenpligtige beampte vir die finansiële state

2. Die rekenpligtige beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding en aanbieding van hierdie finansiële state ingevolge die gewysigde kontantbasis van accounting bepaal deur Nasionale Tesourie in rekenkundige beleid 1.1 van die finansiële state en op die wyse vereis deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999) (WOBF). Hierdie verantwoordelikheid sluit in:
  - ontwerp, implementering en handhawing van interne beheer toepaslik vir die voorbereiding en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesenlike foutiewe verklaring, óf deur bedrog óf deur 'n fout
  - selektering en toepassing van gepaste rekenkundige beleide
  - die maak van rekenkundige beramings wat redelik is in die omstandighede

#### Verantwoordelikheid van die Ouditeur-Generaal

3. Soos vereis deur artikel 188 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, saamgelees met artikel 4 van die Openbare Ouditwet, 2004 (Wet Nr. 25 van 2004) en artikel 40(2) van die WBOB, is my verantwoordelikheid om 'n opinie oor hierdie uit te spreek oor hierdie finansiële state gebaseer op my oudit.
4. Ek het my oudit uitgevoer ooreenkomstig die Internasionale Standaard vir Ouditering saamgelees met *Algemene Kennisgewing 647 van 2007*, uitgereik in *Staatskoerant Nr. 29919 van 25 Mei 2007*. Daardie standaard vereis dat ek etiese vereistes nakom en die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te kry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstellings.
5. 'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewys te bekom oor die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word, hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die evaluering van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, óf deur bedrog óf deur fout. In die uitvoer van daardie risiko-evalerings, ag die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se voorbereiding en redelike voorstelling van die finansiële state ten einde ouditprosedures te ontwerp wat gepas is in die omstandighede, maar nie met die doel om 'n opinie oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer uit te spreek nie.

6. 'n Oudit sluit ook in 'n evaluering van die:
  - gepastheid van rekenkundige beleide wat gebruik is
  - redelikheid van accounting skattings wat deur die bestuur gemaak word
  - algehele aanbieding van die finansiële state.
7. Ek glo dat die ouditbewys wat ek verkry het genoegsaam en appropriate is om 'n basis vir my ouditopinie te bied.

### **Rekenkundige basis**

8. Die departement se beleid is om finansiële state voor te berei op die gewysigde kontantbasis van boekhouding bepaal deur die Nasionale Tesourie, soos uiteengesit in rekenkundige beleidsnota 1.1 tot die finansiële state.

### **Basis vir gekwalifiseerde opinie**

9. Huisleningswaarborg

Die departement het nie regdeur die jaar enige toereikende prosedures en kontroles in plek gehad om die bestaan en geldigheid van huisleningswaarborg te verseker nie. Die departement het op 19 Januarie bevestigingsbriewe uitgestuur vir waarborg ouer as 5 jaar by die relevante finansiële instellings en die oorblywende waarborg op 7 Junie 2007. Hierdie proses het gelei tot die aanpassing van waarborg vanaf R1000 miljoen, soos ingesluit in die oorspronklik ingediene finansiële state, tot R65 miljoen op die finale finansiële state. Aangesien 'n beduidende aantal waarborg slegs vanaf datum 7 Junie 2007 deur die betrokke finansiële instellings bevestig is, het hierdie bedrag teen middel-Augustus 2007 beduidend afgeneem tot R25 miljoen en verdere bedrae word vrygestel soos wat die proses vorder. Alhoewel die meeste van die vrystellings na die jaareinde gebaseer is op die datum waarop die bank bevestig het dat die waarborg vrygestel is, het 'n aantal van hierdie gevalle getoon dat die waarborg in sekere gevalle vrygestel is voor of nie geldig was nie op 31 Maart 2007, en dus is huisleningswaarborg met 'n onbepaalde bedrag te hoog aangedui.

### **Gekwalifiseerde opinie**

10. Na my mening, behalwe vir die effekte van die aangeleentheid beskryf in die paragraaf basis vir gekwalifiseerde opinie, reflekteer die finansiële state in alle wesentliche opsigte, 'n redelike stand van die finansiële posisie van die WKOD soos op 31 Maart 2007 en is sy finansiële prestasies en kontantvloei vir die jaar toe geëindig, ooreenkomstig die gewysigde kontantbasis van boekhouding bepaal deur die Nasionale Tesourie, soos uiteengesit in rekenkundige beleidsnota 1.1 en op die wyse vereis deur die WBOF.

### **Klem op sake**

Ek vestig die aandag op die volgende sake:

### **Uitlig van 'n saak wat die finansiële state affekteer**

#### **11. Komparatiewe**

Die ouditopinie met betrekking tot die finansiële state van die vorige jaar is van die hand gewys weens verskillende beperkings in bestek wat nie opgelos kon word nie. Die komparatiewe is nie aangepas ter voorbereiding van die huidige jaar se finansiële state nie. Die komparatiewe t.o.v. deur die vorige jaar se van-die-hand-wysing sluit in kompensasie van werknemers, byvoegings tot vaste bates, voorsiening vir potensieel oninvorderbare skuld, uitgawes aangegaan, huisleningswaarborg en verskillende afgagrekeninge.

## ANDER SAKE

Ek vestig die aandag op die volgende sake wat aanvullend is tot my verantwoordelike met betrekking tot die ouditering van die finansiële state:

### Nie-nakoming van toepaslike wetgewing

#### 12. Oordragbetalings

Vir agt inrigtings ingesluit in die oudit-monster, is geen skriftelike versekering verkry dat die entiteite aan wie oordragbetalings gemaak is, efficient, effektive en deursigtige aktiwiteite rakende finansiële bestuur en interne beheer geïmplementeer het ingevolge artikel 38(1)(j) van die WBOF nie.

### Wesenslike regstellings aan die finansiële state wat vir ouditering ingedien is

13. Die finansiële state, soos ingedien vir oudit op 31 Mei 2007 en deur die rekenpligtige beampte goedgekeur, is beduidend gewysig ten opsigte van die volgende wanvoorstellings wat gedurende die oudit geïdentifiseer is.

- Uitgawes aangegaan ten opsigte van onderhoudskontrakte ter waarde van R31 miljoen wat nie ingesluit was in die openbaarmakingsnota nie, wat gelei het tot die onderskatting van uitgawes aangegaan.
- Vrygestelde en/of ongeldige huisleningswaarborgs ter waarde van R35 miljoen is ingesluit in die balans soos op 31 Maart 2007, wat lei tot 'n hoër voorstelling van gebeurlikheidslaste in die openbaarmakingsnota.

### Waarde-vir-geld-aangeleenthede

#### 14. Menslikehulpbron (MH)-Plan

Die departement het 'n konsep-MH-plan in die 2006-07 finansiële jaar ingdien. Die konsep-MH-plan is egter nie goedgekeur nie aangesien die Departement van Openbare Diens en Administrasie die templaet vir die Menslikehulpbronplan eers gedurende September 2006 gefinaliseer het. Bestudering van die konsep-MH-plan en verwante beleide het aan die lig gebring dat die volgende minimum vereistes soos per Staatsdiensregulasie, 2001 (Deel III D), nie aangespreek is nie:

- 'n Gapinganalise om die verskille tussen die bestaande aanvraag en aanbod van menslikehulpbronvereiste te toets
- Strategieë en planne om die bereiking van regstellende-aksie-teikens aan te spreek.
- Koste-implikasies en strategieë om die bestaande ongelykheid in die aanvraag en aanbod van menslike hulpbronne aan te spreek.
- 'n Evaluering van opleidingsbehoefes, indiensnemingskapasiteite, vaardighede en bevoegdhede van bestaande personeel

#### 15. Vakatures

'n Ondersoek is gedoen om te evalueer of die vakaturevlak van die departement binne die aanvaarbare vlak van vyf persent is soos bepaal deur die Nasionale Tesourie se raamwerk van normatiewe maatreëls vir finansiële bestuur (Nasionale Tesourie se raamwerk). Weens die nie-beskikbaarheid van inligting om die omvang van die vakaturevlak vir opvoeders te bepaal, het die ondersoek slegs gefokus op staatsdienspersoneel. Dit is vasgestel dat die vakaturevlak by die departement, soos op 31 Maart 2007, twaalf persent was, wat die norm van vyf persent oorskry. Wesenslike vertraging het voorgekom tussen die vakaturedatums en die advertering van vakante poste. Die seleksie- en aanstellingsproses na afloop van die sluitingsdatum van 'n geadverteerde pos was ook nie betyds gefinaliseer nie.

Dit is voorts vasgestel dat 886 (79 persent) van die 1 123 vakante poste vir langer as die drie-maande-periode vakant was, wat binne die Nasionale Tesourie se raamwerk as 'n aanvaarbare norm geag word. Die gemiddelde periode vir vakatures vir die departement was 27 maande.

#### 16. Kwalifikasies en ervaring van opvoeders

Die departement het nie 'n omvattende databasis om personeel se bevoegdhede, vaardighede, ervaring, kwalifikasies en opleiding te weerspieël nie. Dit het negatief bygedra tot die departement se vermoë om bestaande aanvraag en aanbod sowel as evaluering van 'n opleidingsbehoefte, vaardighede en bevoegdhede.

'n Ondersoek is gedoen na die kwalifikasies en ervaring van opvoeders in die WKOD se diens wat tans by sekondêre skole in die leerarea Wiskunde en Natuur- en Skeikunde vir graad 12 werksaam is. Die doel van die ondersoek was om vas te stel of daar 'n korrelasie bestaan tussen die kwalifikasies en ervaring van die opvoeders in diens en die doeltreffendheid van leer soos aangedui deur die slaagsyfer behaal deur die leerders in die 2006-graad 12-eksamen.

Die persentasie opvoeders sonder 'n formele onderwys- of gespesialiseerde kwalifikasie was hoër by skole wat 'n lae slaagsyfer behaal as by skole wat 'n hoër slaagsyfer in die graad 12-eksamen vir Wiskunde en Natuur- en Skeikunde in 2006 behaal het.

#### 17. Oortollige MIV/Vigs-leerder- en onderwyserondersteuningsmateriaal (LOOM) aangekoop gedurende die 2005-06 finansiële jaar

In ons auditverslag van die 2005/06-finansiële jaar is gerapporteer dat die departement foutiewe hoeveelhede van die MIV/Vigs-LOOM vir die 2006-akademiese jaar bestel het en dat 'n totaal van 152 591 onderwysersgidse vir graad 1 tot 7, op 'n totale waarde van R872 821 geraam, voorhande was, gebaseer op die Valkenberg-distribusiesentrum se maandelikse verslag vir April 2006. Gebaseer op die Valkenberg-distribusiesentrum se maandelikse verslag vir 2007, was 'n totaal van 145 882 onderwysersgidse aan die einde van April 2007 steeds voorhande teen 'n geraamde waarde van R834 445.

Die departement het op 15 Junie 2007 aangedui dat hulle in die proses is om 28 000 onderwysersgidse aan die Vrystaat Onderwysdepartement te stuur. 'n Groot hoeveelheid onderwysersgidse sal by die Valkenberg-distribusiesentrum in voorraad bly, en dus word 'n beraamde bedrag van R674 285 (117 882 onderwysersgidse teen 'n gemiddelde koste van R5,72) as vrugtelose en vrugtelose besteding beskou ingevolge paragraaf 38(1)(c)(ii) en (g) van die WOFB.

#### 18. MIV/Vigs-opleiding vir opvoeders aan sekondêre skole

Die departement het nie in die 2006/07-finansiële jaar die gestelde teikens vir die opleiding vir opvoeders aan sekondêre skole bereik soos in die MIV/Vigs-besigheidsplan vir 2006/07 gespesifiseer nie. Alhoewel die teiken was dat 500 graad 8- en 9-Lewensoriënteringsopvoeders opgelei moes word, is slegs 104 (21 persent) opvoeders opgelei. Voorts was die teiken dat 400 graad 10- en 11-Lewensoriënteringsopvoeders opgelei sal word, maar die departement kon slegs 360 opvoeders (90 persent) oplei. Die teikens gestel vir MIV/VIGS-opleiding vir opvoeders aan sekondêre skole is nie bereik nie aangesien opleiding in die nasionale kurrikulum voorkeur geniet het bo MIV/Vigs-opleiding vir opvoeders. Voorts verhinder departementele beleid opvoeders daarvan om opleidingskursusse tydens skoolure by te woon.

#### 19. Opleiding in sorg en ondersteuning

Die MIV/Vigs-sorg en -ondersteuningsprogram is nie geïmplementeer nie, alhoewel voorheen aangedui is dat dit vanaf die derde kwartaal van 2006 uitgerol sou word. Die vertraging in die implementering was te wyte aan die finalisering van die opleidingsmateriaal vir die MIV/Vigs-sorg en -ondersteuningsprogram.

Die doel van die sorg- en ondersteuningsprogram is om skole in staat te stel om 'n hulpbron vir hul gemeenskappe te word, en omgekeerd, ten einde die skoolgemeenskappe se behoeftes holisties te takel, om 'n effektiewe beradingsdiens vir leerders te verseker, en om die distriksondersteuningspanne en skoolgebaseerde opvoederondersteuningspanne by te staan.

#### 20. Monitoring en evaluering van die MIV/igs-program

Die departement het nie die implementering van die MIV/Vigs-program by skole in die Weskus/Wynland-area gemoniteer en geëvalueer nie aangesien twee-en-veertig persent van die skole nie ten minste een keer gedurende die 2006-kalenderjaar deur 'n MIV/Vigs-koördineerder of -veldwerker besoek is nie.

#### 21. Belegging in infrastruktuur

In paragraaf 6.5.1(b)(ii) van die 2005/06-ouditverslag is gerapporteer dat twee tenderkontrakte vir infrastruktuurprojekte gekanselleer is aangesien die kontrakteur nie die kapasiteit gehad het om die projekte suksesvol te voltooi nie. Die Departement van Openbare Werke en Vervoer het gedurende Augustus 2005 voorlopig beraam dat die verlies weens die kansellering van die twee kontrakte 'n bedrag van R12 miljoen kon beloop en aangedui dat 'n akkurate waarde slegs bepaal kan word na finalisering van beide die gekanselleerde kontrakte en die nuwe kontrakte om die projek te voltooi. Die twee projekte is voltooi. Teen Julie 2007 was die finale rekening egter nog nie gefinaliseer nie en 'n akkurate waardebevestiging van die verlies te wyte aan die kansellering van die twee kontrakte kon nog nie voorsien word nie.

### **Interne beheer**

#### 22. Beheeromgewing

Die departement het nie kernelemente van 'n beheeromgewing gevestig ten einde nakoming van wette en regulasies te verseker nie. Dit blyk uit die kwessies ten opsigte waarvan nie-nakoming gerapporteer is.

#### 23. Beheeraktiwiteite

Die effektiwiteit van beheeraktiwiteite oor besigheids- en boekhoudingsprosesse is nie toereikend nie. Dit blyk duidelik uit die sake ten opsigte waarvan oor waarborge vir huislenings, uitgawes aangegaan en vergelykings gerapporteer is.

### **Vertraging in finalisering van oudit**

24. Weens die nasionale stakingsaksie in die openbare sektor in Junie 2007, moes die Ouditeur-Generaal die finalisering van geaffekteerde departemente vertraag. Gevolglik kon die Ouditeur-Generaal se konsekwensie-onderzoek ten opsigte van die ouditverslae eers na 31 Julie 2007 onderneem word, wat weer gelei het tot 'n vertraging in die finalisering van die oudit van hierdie departement vir die 2006-07-finansiële jaar..

### **ANDER RAPPORTERINGSVERANTWOORDELIKHEDE**

#### **Rapportering oor prestasie-inligting**

25. Ek het die prestasie-inligting, soos in Deel 2 uiteengesit, geouditeer.

#### **Verantwoordelikheid van die rekenpligtige beampte**

26. Die rekenpligtige beampte het addisionele verantwoordelikhede ingevolge artikel 40(3)(a) van die WOFB om te verseker dat die jaarverslag en geouditeerde finansiële state 'n redelike refleksie bied van die prestasies teen voorafbepaalde doelwitte van die departement.

## **Verantwoordelikheid van die Ouditeur-Generaal**

27. Ek het my verpligtinge uitgevoer ingevolge artikel 13 van die Openbare Ouditwet, 2004 (Wet Nr. 25 van 2004) saamgelees met *Algemene Kennisgewing 646 van 2007*, uitgereik in *Staatskoerant No. 29919 van 25 Mei 2007*.
28. In terme van die voorafgaande, het die prosedures ten opsigte van die uitvoering van my verpligting ouditspesifieke kenmerke ingesluit ten einde genoegsame gepaste auditbewyse oor die prestasie-inligting en verwante stelsels, prosesse en prosedures te bekom. Die prosedures wat geselekteer word hang van die ouditeur se oordeel af.
29. Ek glo dat die bewyse wat ek verkry het genoegsaam en vanpas is om 'n basis te bied vir die auditbevindinge waaroor hieronder gerapporteer word:

## **Ouditbevindinge**

### **Gebrek aan stelsels wat prestasie-inligting genereer**

30. Ons was nie in staat om genoegsame, gepaste auditbewyse met betrekking tot die prestasie-inligting van die WKOD te kry nie aangesien die stelsel relevant vir die generering van inligting oor die teikenuitsette nie toereikend was vir die doeleindes van die evaluering nie. Die besonderhede is as volg:
  - Vir prestasiemaatreël PM801, kon die syfer 21 347 in die jaarverslag gerapporteer nie geverifieer word nie aangesien die databasis skoongemaak word en dus sal die syfers slegs in toekomstige periodes reggestel word.
  - Vir prestasiemaatreël PM802, is die syfer van 14 126 tot en met Desember en die getalle sal slegs in toekomstige periodes reggestel kan word.

### **Bewyse weselik inkonsekwent met gerapporteerde inligting of gebrek aan genoegsame bewyse**

31. Die volgende werklike bereikings van prestasiemaatreëls kon nie deur genoegsame brondokumentasie gesubstansieer word nie:
  - PM502, PM503, en PM601: Geen ondersteunende dokumentasie voorsien nie..
  - PM206: Die beraamde vervangingskoste van R12 biljoen vir die onroerende skoolinfrastruktuur kon nie gesubstansieer word nie.
32. Die bewys voorsien vir die ondersteuning van die prestasies-inligting wat in die jaarverslag gerapporteer is, was weselik inkonsekwent met die gerapporteerde prestasie-inligting. Besonderhede word hieronder gelys:
  - PM205: Drie totale vir die aantal skole is aan die ouditeure voorsien. Ons kon nie vasstel watter een die korrekte een is nie.
  - PM203: Daar was 'n verskil in die getal skole wat voorsien is. 'n Syfer van 1 506 sowel as 'n lys met 'n totaal van 1 452 skole. Daar kon geen verduideliking gebied word vir die verskil nie.
  - PM501: Die ondersteunende dokumente wat vir ouditdoeleindes voorsien het, het nie ooreengekom met die werklike prestasies teen teikens soos in die jaarverslag gerapporteer nie. Die werklike verklaring van prestasie teen teikens het gerapporteer dat die "inskrywings van individuele studente" 53 695 studente was terwyl die inligting wat voorsien is, die "inskrywings van individuele studente" as 56 350 students aandui.



### **Gebrek aan teikens en uitsette vir prestasiemaatreëls gerapporteer in die jaarverslag**

33. Geen teikens is in die jaarlikse prestasieplan gestel en geen uitsette in die jaarverslag gerapporteer ten opsigte van die jaarverslag vir die volgende prestasiemaatreëls nie:

PM004, PM202, PM211, PM213, PM218 en PM504.

34. Geen teikens is gestel in die jaarlikse prestasieplan en jaarverslag ten opsigte van die volgende werklike prestasies van prestasiemaatreëls nie:

PM003, PM206, PM216 en PM502.

### **Inkonsekvente rapporteringsformaat tussen teiken en uitset**

35. Die rapporteringsformaat vir die prestasiemaatreël PM212 is inkonsekwent, aangesien die rapporteringsformaat van die werklike uitset verskil van die rapporteringsformaat van die teiken. Die teiken is 'n persentasie (62%) en die uitset is aangedui in desimale syfers (Geletterdheid: 0.174, Gesyferdheid: 0.375).

### **WAARDERING**

36. Die bystand wat gedurende die oudit deur die WKOD-personeel verleen is, word opreg waardeur.



J Diedericks vir Ouditeur-Generaal

Kaapstad

31 Augustus 2007



**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**REKENINGKUNDIGE BELEIDE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2007**

Die Finansiële State is voorberei in ooreenstemming met die volgende beleide, wat konsekwent toegepas is in alle wesenlike aspekte, tensy anders aangedui. Waar toepaslik en betekenisvol, is addisionele inligting egter openbaar om die nuttigheid van die Finansiële State te verhoog en te voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999), en die Tesourieregulasies uitgereik ingevolge die Wet en die Wet op die Verdeling van Inkomste, Wet 2 van 2006.

**1. Aanbieding van die Finansiële State**

**1.1 Basis van voorbereiding**

Die Finansiële State is voorberei op 'n gewysigde kontantbasis van boekhouding, behalwe waar anders gestipuleer. Die gewysigde kontantbasis is saamgestel uit die kontant-basis van boekhouding aangevul deur addisionele openbaarmakingsitems. Onder die kontantbasis van boekhouding word transaksies en ander gebeure erken wanneer kontant ontvang of betaal word.

**1.2 Geldeenheid in aanbieding**

Alle bedrae word aangebied in die geldeenheid van die Suid-Afrikaanse Rand (R), wat ook die funksionele geldeenheid van die departement is.

**1.3 Afronding**

Tensy anders gestipuleer, is alle finansiële bedrae afgerond tot die naaste een duisend rand (R'000).

**1.4 Vergelykende syfers**

Vergelykende inligting rakende vorige periodes word in die huidige finansiële state aangebied. Waar nodig, is syfers wat in die finansiële state van die vorige periode ingesluit is, herklassifiseer om te verseker dat die formaat waarin die inligting aangebied word, konsekwent is met die formaat van die huidige jaar se finansiële state.

**1.5 Vergelykende syfers - Begrotingstaat**

'n Vergelyking tussen werklike bedrae en finale appropriasie per hoofklassifikasie van besteding word in die appropriasiestaat ingesluit.

**2. Inkomste**

**2.1 Toegewysde fondse**

Toegewysde en aangepaste toegewysde fondse word in die finansiële rekords erken op die datum waarop die toewysing in werking tree. Aanpassings ten opsigte van die toegewysde fondse, gemaak in terme van die aanpassingsbegrotingsproses, word in die finansiële rekords erken op die datum waarop die aanpassings in werking tree.

Totale toegewysde fondse word in die staat van finansiële prestasies aangebied.

**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**REKENINGKUNDIGE BELEIDE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2007**

Onbestede toegewysde fondse word in die Provinsiale Inkomstefonds teruggestort. Bedrae wat aan die einde van die finansiële jaar aan die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, word in die staat van finansiële posisie erken.

## **2.2 Departementele inkomste**

Alle departementele inkomste word aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal wanneer dit ontvang word, tensy anders gestipuleer. Bedrae wat aan die einde van die finansiële jaar aan die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, word in die staat van finansiële posisie erken. Bedrae ontvang te word teen die verslagdatum word in die openbaarmakingsnotas tot die jaarlikse finansiële state vervat.

### **2.2.1 Belastinginkomste**

Belastinginkomste bestaan uit alle verpligte onbeloonde bedrae ingevorder deur die departement ingevolge wette en/of regulasies (uitgesluit boetes, strawwe & verbeurings).

Belastingontvangstes word by ontvangs in die staat van finansiële prestasies erken.

### **2.2.2 Verkope van goedere en dienste benewens kapitale bates**

Inkomste ontvang uit die verkoop van goedere en/of die verskaffing van dienste word in die staat van finansiële prestasies erken wanneer die kontant ontvang word.

### **2.2.3 Boetes, strawwe & verbeurings**

Boetes, strawwe & verbeurings is verpligte onbeloonde bedrae wat deur 'n hof of kwasi-regsliggaam opgelê is en deur die departement ingevorder word. Inkomste uit boetes, strawwe en verbeurings word in die staat van finansiële prestasies erken wanneer die kontant ontvang word.

### **2.2.4 Rente, dividende en huur op grond**

Rente, dividende en huur op grond word in die staat van finansiële prestasies erken wanneer die kontant ontvang word.

### **2.2.5 Verkoop van kapitale bates**

Die inkomste ontvang uit die verkoop van kapitale bates word op die staat van finansiële prestasie erken wanneer die kontant ontvang word.

### **2.2.6 Finansiële transaksies t.o.v. bates en laste**

Terugbetalings van lenings en voorskotte wat voorheen vir beleidsdoeleindes na werknemers en openbare korporasies uitgebrei is, word by ontvangs van die fondse in die staat van finansiële prestasie as inkomste aangedui.

